

DIE WAARDE VAN LEWENSONTWERPBERADING VIR 'N ADOLESSENT WAT

HAKKEL

Skripsie voorgelê deur

Yolene Hancke

(26218641)

ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

Magister Educationis

(Opvoedkundige Sielkunde)

in die

Departement Opvoedkundige Sielkunde

Fakulteit Opvoedkunde

aan die

Universiteit van Pretoria

Studieleier: Prof. Dr. J.G. Maree

PRETORIA

2010

Hierdie studie word met liefde opgedra aan:

Carlo Hancke

DANKBETUIGINGS

My opregte dank en waardering word hiermee uitgespreek teenoor:

- Prof. Kobus Maree, my studieleier, wat deur volgehoue ondersteuning en ongelooflike kundigheid, my gelei het tot die afhandeling van die skripsie. Baie dankie vir alles wat u vir my gedoen het.
- Dr. Ronél Ferreira. Sonder u hulp sou ek nie vandag hier gewees het nie.
- My man en beste vriend, Carlo Hancke. Dankie vir jou geloof, liefde, hulp en ondersteuning. Sonder jou sou ek dit nooit kon doen nie.
- My pragtige meisiekinders, Carli en Jonelle Hancke. Carli, jy is my lied van vreugde en Jonelle, jy is genade van God. Julle is my lewe!
- My ma, Estelle Victor. Dankie Mamma vir so baie opofferings en dat ek net maar altyd jou kind bly. Mamma het hierdie skripsie moontlik gemaak.
- My pa, Fanie Strydom. Dankie Pappa vir motivering en lag. Ek is bly Pappa kan hierdie dag met my deel!
- My familie, vir aanmoeding en belangstelling. Dankie Ma Bertha en Pa Gert Hancke vir die naweke wat julle hart en huis oop was vir Carlo en die kinders, sodat ek kon werk.
- At Victor. Dankie vir Oom se opoffering en onbaatsugtige liefde. Oom se hulp het hierdie skripsie moontlik gemaak.
- My broer, Vian Strydom. Dankie dat jy my herinner het waaraan ek moet vashou toe dit moeilik gegaan het, naamlik 'Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan.' Joshua 1:9.
- Ouma Janet De Bruyn, vir al Ouma se gebede.
- Dr. Annalie Strydom. Dankie vir Tannie se kennis en hulp. Tannie is 'n inspirasie.
- Zelda Pollard vir die kritiese lees van my skripsie en die kodering van die data. Dankie dat jy altyd tyd en raad vir my gehad het.
- Esta Hansen vir al jou onvoorwaardelike omgee en hulp.
- Isabel Claassen, vir die taalversorging van hierdie skripsie.
- Die deelnemer en sy familie, wat hulle leefwêreld met my gedeel het.

My Hemelse Vader wat my voete soos die van 'n ribbok gemaak het.

Aan U alleen al die eer.

VERKLARING

Hiermee verklaar ek dat **“Die waarde van lewensontwerpberading vir ‘n adolessent wat hakkel”** my eie werk is en dat al die bronne wat gebruik of aangehaal is, aangedui en in ‘n volledige literatuurlys erken is.

Y. Hancke

Oktober 2010

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: INLEIDENDE ORIËNTERING

| | Bladsy | |
|---------|--------------------------------------------------------------------|----|
| 1.1 | INLEIDING | 1 |
| 1.1.1 | Voorlopige literatuurstudie | 2 |
| 1.1.1.1 | Beroepsfasilitering gesien vanuit die tradisionele benadering | 2 |
| 1.1.1.2 | Beroepsfasilitering gesien vanuit die postmodernistiese benadering | 3 |
| 1.1.1.3 | Konstruktivisme | 3 |
| 1.1.1.4 | Konteks | 3 |
| 1.1.1.5 | Sisteemteorie | 4 |
| 1.1.1.6 | Lewensontwerpberading | 4 |
| 1.2 | MOTIVERING VIR DIE STUDIE | 5 |
| 1.3 | DOELSTELLING | 6 |
| 1.4 | PROBLEEMSTELLING | 6 |
| 1.4.1 | Die navorsingsprobleem | 6 |
| 1.5 | AANNAMES WAAROP DIE STUDIE BERUS | 6 |
| 1.5.1 | Primêre werksaannames | 7 |
| 1.5.2 | Ander onderliggende aannames | 7 |
| 1.6 | KONSEPTUELE RAAMWERK | 8 |
| 1.7 | KONSEPTUALISERING | 9 |
| 1.7.1 | Lewensontwerpberading | 9 |
| 1.7.2 | Hakkel | 9 |
| 1.7.2.1 | Taal | 9 |
| 1.7.2.2 | Kultuur | 9 |
| 1.7.2.3 | Kulturele Identiteit | 10 |

| | | |
|-----------|-------------------------------------------------|----|
| 1.7.2.4 | Diversiteit | 10 |
| 1.7.3 | Adolesent | 10 |
| 1.7.4 | Sosiale identiteit | 10 |
| 1.8 | VERWAGTE UITKOMSTE VAN DIE STUDIE | 11 |
| 1.9 | VOORSIENE PROBLEME | 11 |
| 1.10 | PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF | 11 |
| 1.10.1 | Konstruktivistiese/Interpretivistiese Paradigma | 12 |
| 1.11 | NAVORSINGSONTWERP | 12 |
| 1.11.1 | Eienskappe van die navorsingsontwerp | 12 |
| 1.11.1.1. | Kwalitatiewe navorsing | 12 |
| 1.11.1.2 | Beskrywende navorsing | 13 |
| 1.11.1.3 | Eksploratiewe navorsing | 13 |
| 1.11.2 | Gevalstudienavorsing | 13 |
| 1.12 | NAVORSINGSMETODOLOGIE | 13 |
| 1.13 | DATA-INSAMELINGSTEGNIEKE | 14 |
| 1.14 | DATAONTLEDING EN INTERPRETASIE | 14 |
| 1.15 | KWALITEITSVERSEKERINGSKRITERIA | 14 |
| 1.16 | NAVORSINGSGESITUEERDHEID | 15 |
| 1.17 | ROL VAN DIE NAVORSER | 15 |
| 1.18 | ETIESE OORWEGINGS | 15 |

| | | |
|------|------------------------------|----|
| 1.19 | BEPERKINGS VAN DIE STUDIE | 15 |
| 1.20 | UITEENSETTING VAN HOOFSTUKKE | 16 |

HOOFSTUK 2: LITERATUURSTUDIE

| | | |
|---------|--------------------------------------------------------------------------------------------|----|
| 2.1 | INLEIDING | 17 |
| 2.2 | LEWENSONTWERPBERADING AS BASIESE TEORETIESE RAAMWERK VIR MY STUDIE | 17 |
| 2.2.1 | Bestaande modelle vir lewensontwerpberading | 19 |
| 2.2.2 | Faktore wat die proses van lewensontwerpberading beïnvloed | 20 |
| 2.3 | BEROEPSKONSTRUKSIETEORIE: DIE TEORETIESE OORSPRONG VAN BEROEPSAANPASBAARHEID | 21 |
| 2.3.1 | “Beroepsvolwassenheid” tot “beroepsaanpasbaarheid” as komponent van beroepsontwikkeling | 25 |
| 2.3.2 | “(Beroeps-)aanpasbaarheid” in lewensontwerpberading | 26 |
| 2.4 | AANPASBAARHEID | 27 |
| 2.4.1 | Kerndimensies van beroepsaanpasbaarheid | 27 |
| 2.4.1.1 | Die struktuur van die dimensies van beroepsaanpassing | 28 |
| 2.4.1.2 | Die vier dimensies van beroepsaanpasbaarheid | 29 |
| | i Beroepsbelang | 29 |
| | ii Beroepsbeheer | 30 |
| | iii Beroepsnuuskierigheid | 31 |
| | iv Beroepsselfvertroue | 31 |
| 2.5 | AANPASBAARHEID EN DIE ADOLESSENT WAT HAKKEL | 32 |
| 2.6 | ADOLESENTE SE IDENTITEITSONTWIKKELING | 33 |
| 2.7 | DIE VERBAND TUSSEN SOSIALE KONSTRUKSIONISME EN LEWENSONTWERPBERADING | 35 |
| 2.8 | DIE ROL VAN TAAL IN KONSTRUKSIE VAN BETEKENIS | 36 |
| 2.9 | DIE BELEWING VAN KULTUUR AS ‘N SUBJEKTIEWE ERVARING | 37 |

| | | |
|----------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----|
| 2.10 | TWEE ADDISIONELE TEORETIESE RAAMWERKE: TWEE TEORETIESE RAAMWERKE AS ONDERLIGGEND AAN DIE LEWENSONTWERPBERADINGSPROSES | 38 |
| 2.10.1 | Sosiale Konstruktivisme | 38 |
| 2.10.2 | Sisteemteorie | 40 |
| 2.10.2.1 | 'n Sistemiese perspektief van adolessensie | 41 |
| 2.11 | SAMEVATTING VAN DIE LITERATUUR | 42 |
| 2.11.1 | Samevatting van literatuuoroorsigte | 42 |
| 2.12 | SAMEVATTING | 47 |

HOOFSTUK 3: METODOLOGIESE VERANTWOORDING

| | | |
|---------|-------------------------------------------------------------|----|
| 3.1 | INLEIDING | 49 |
| 3.2 | PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF | 49 |
| 3.2.1 | Ontologie, epistemologie en metodologie | 49 |
| 3.2.2 | Emiese en etiese kennis | 50 |
| 3.2.3 | Konstruktivistiese/Interpretivistiese Paradigma | 50 |
| 3.2.3.1 | Konstruktivistiese Paradigma | 51 |
| 3.2.3.2 | Interpretivistiese Paradigma | 51 |
| 3.3 | NAVORSINGSONTWERP | 53 |
| 3.3.1 | Eienskappe van die navorsing | 53 |
| 3.3.1.1 | Kwalitatiewe navorsing | 53 |
| 3.3.1.2 | Beskrywende navorsing | 54 |
| 3.3.1.3 | Eksploratiewe navorsing | 54 |
| 3.3.2 | Gevalstudienavorsing | 55 |
| 3.4 | NAVORSINGSGESITUEERDHEID | 55 |
| 3.5 | NAVORSER SE ROL | 55 |
| 3.6 | DATA-INSAMELINGSTEGNIEKE | 56 |
| 3.6.1 | Seleksie van deelnemers | 57 |
| 3.6.2 | Die dimensies van aanpasbaarheid as raamwerk vir die studie | 57 |
| 3.6.3 | Kwalitatiewe tegnieke | 58 |
| 3.6.4 | Data-insamelingstegnieke | 59 |
| 3.6.4.1 | <i>Collage</i> | 59 |
| 3.6.4.2 | Genogram | 59 |
| 3.6.4.3 | Lewenslyn | 60 |
| 3.6.4.4 | Drie anekdotes | 60 |
| 3.6.4.5 | Leuses | 60 |

| | | |
|---------|-------------------------------------|----|
| 3.6.4.6 | Aanpasbaarheidsvraelys | 60 |
| 3.6.4.7 | <i>Meyers-Briggs Type Indicator</i> | 60 |
| 3.6.4.8 | <i>Career Interest Profile</i> | 60 |
| 3.7 | DATAONTLEDING | 61 |
| 3.8 | KWALITEITSEKERINGSKRITERIA | 62 |
| 3.8.1 | Geloofwaardigheid | 62 |
| 3.8.1.1 | Triangulasie | 63 |
| 3.8.1.2 | Kristallasie | 64 |
| 3.8.2 | Vertroubaarheid | 64 |
| 3.8.2.1 | Egtheid of geloofwaardigheid | 64 |
| 3.8.2.2 | Oordraagbaarheid | 65 |
| 3.8.2.3 | Bevestigbaarheid/Neutraliteit | 65 |
| 3.8.2.4 | Outentiekheid | 66 |
| 3.8.3 | Geldigheid en vertroubaarheid | 66 |
| 3.9 | ETIESE OORWEGINGS | 67 |
| 3.10 | BEPERKINGS VAN DIE STUDIE | 67 |
| 3.11 | SAMEVATTING | 68 |

HOOFSTUK VIER: BESPREKING VAN RESULTATE

| | | |
|-------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----|
| 4.1 | INLEIDING | 69 |
| 4.2 | METODE VAN DATAONTLEDING | 69 |
| 4.3 | DEELNEMER SE AGTERGRONDINLIGTING | 70 |
| 4.4 | PROSEDURE | 71 |
| 4.5 | TEMAS WAT NA AANLEIDING VAN DIE DATAONTLEDING NA VORE GETREE HET | 71 |
| 4.6 | BEWYSLEWERING EN BESPREKING VAN DIE WYSE WAAROP TEMAS WAT NA AANLEIDING VAN DIE DATAONTLEDING TYDENS DIE STADIA VAN DIE LEWENSONTWERPBERADINGS-PROSES NA VORE GETREE HET | 75 |
| 4.6.1 | Stadium 1: Vestiging van ‘n werksverbintenis | 75 |
| | 4.6.1.1 Die argitek van sy lewe | 75 |
| | 4.6.1.2 Mees prominente kontekste | 76 |
| | i Skoolkonteks | 76 |
| | ii Familiekonteks | 78 |
| | 4.6.1.3 Verheldering van rolle | 80 |
| 4.6.2 | Stadium 2: Kartering en verkenning van die sisteem van subjektiewe Identiteitsbeelde | 80 |
| | 4.6.2.1 Vorige ondervindings | 81 |
| | 4.6.2.2 Huidige identiteitsbeeld | 82 |
| | 4.6.2.3 Toekomsverwagtings | 82 |
| 4.6.3 | Stadium 3: Opening van perspektiewe, ontdekking en herskryf, herorganisering en hersiening van stories | 84 |
| | 4.6.3.1 Sterkpunte | 84 |
| | i Selfkennis | 84 |
| | ii Antisipasie/aaneenlopendheid van gebeure | 85 |
| | iii Probleemoplossingsvaardighede | 85 |

| | | |
|---------|------------------------------------------------------------------------------------------------------|----|
| 4.6.3.2 | Swakpunte | 86 |
| 4.6.4 | Stadium 4: Die plasing van die probleem in die nuwe storie en nuwe pers- Pektief | 86 |
| 4.6.5 | Stadium 5: Die spesifikasie en seleksie van aktiwiteite wat kwessies rakende identiteit ondersoek | 87 |
| 4.6.6 | Stadium 6: Opvolggesprek | 88 |
| 4.7 | SAMEVATTING | 89 |

HOOFSTUK 5: SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

| | | |
|-------|----------------------------------------------------------|----|
| 5.1 | INLEIDING | 90 |
| 5.2 | BEVINDINGS WAAROP DIE AANBEVELINGS GEGROND IS | 90 |
| 5.2.1 | Hoofstuk 1: Inleidende oriëntering | 90 |
| 5.2.2 | Hoofstuk 2: Literatuurstudie | 91 |
| 5.2.3 | Hoofstuk 3: Metodologiese verantwoording | 91 |
| 5.2.4 | Hoofstuk 4: Bespreking van resultate van die gevalstudie | 91 |
| 5.3 | LITERATUURKONTROLE | 92 |
| 5.3.1 | Tema 1: Belang | 92 |
| 5.3.2 | Tema 2: Beheer | 93 |
| 5.3.3 | Tema 3: Nuuskierigheid | 93 |
| 5.3.4 | Tema 4: Selfvertroue | 93 |
| 5.3.5 | Tema 5: Hanteringsmeganismes | 94 |
| 5.3.6 | Tema 6: Interpersoonlike verhoudingsdinamiek | 94 |
| 5.3.7 | Tema 7: Pynlike verlede | 95 |
| 5.4 | BEANTWOORDING VAN DIE ALGEMENE NAVORSINGSVRAAG | 95 |
| 5.5 | BEPERKINGS VAN DIE STUDIE | 97 |
| 5.6 | AANBEVELINGS | 97 |
| 5.7 | ETIESE ASPEKTE | 98 |
| 5.8 | TEN SLOTTE | 99 |

TABELLE

Hoofstuk 2

| | | |
|------------|---------------------------------------------------------------------------|----|
| Tabel 2.1: | Beroepsontwikkelingstadia | 22 |
| Tabel 2.2: | Oorkoepelende teoretiese raamwerk as basis vir die interpretasie van data | 42 |

Hoofstuk 3

| | | |
|------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----|
| Tabel 3.1: | ‘n Samevattende skema van die interpretivistiese paradigma, navorsingstrategieë en data-insamelingstegnieke | 52 |
| Tabel 3.2: | Kwalitatiewe data-insamelingstegnieke en dokumenteringsmodi | 58 |
| Tabel 3.3: | Strategieë om die geloofwaardigheid van ‘n kwalitatiewe studie te verhoog | 62 |

Hoofstuk 4

| | | |
|------------|-------------------------------------------------------------------------------------|----|
| Tabel 4.1: | Metode van dataontleding: Praktiese implementering op Creswell (2003) se benadering | 69 |
| Tabel 4.2: | Geïdentifiseerde temas gebaseer op relevante literatuur | 72 |
| Tabel 4.3: | Addisionele temas | 74 |

LYS VAN BYLAE

Bylaag A: Briewe van ingeligte toestemming

Bylaag B: *Collage*

Bylaag C: Lewenslyn

Bylaag D: Genogram

Bylaag E: Drie anekdotes

Bylaag F: Leuses

Bylaag G: Brief van my eksterne kodeerder

Bylaag H: Etiese klaring

OPSOMMING

DIE WAARDE VAN LEWENSONTWERPBERADING VIR 'N ADOLESENT WAT HAKKEL

Yolene Hancke

SUPERVISOR: Prof. Dr. J.G. Maree
GRAAD: Magister Educationis (Opvoedkundige Sielkunde)
DEPARTEMENT: Opvoedkundige Sielkunde

Om 'n beroepskeuse te maak of oor 'n (nuwe) beroep te besluit, is op sigself 'n oefening wat geweldige emosionele insig, krag en volwassenheid verg. Indien hierdie belangrike besluit geneem moet word deur 'n adolessent wat boonop hakkell, verg dit soveel meer innerlike sterkte. Vir so 'n jongmens is dit 'n enorme taak om 'n beeld van hom-/haarself in die toekoms te projekteer en besluite rakende 'n beroep en/of loopbaan te neem. Om te hakkell beïnvloed ongetwyfeld 'n adolessent se toekomsvisie en -planne. Benewens die feit dat die siening van die self in die hede aangepas moet word om ruimte te laat vir hakkell as 'n persoonlikheidseienskap en besluite wat dit behels en beïnvloed, moet die betrokke adolessent ook hierdie beeld op so 'n wyse kan aanpas dat die self suksesvol in die toekoms geprojekteer kan word.

Dit is die primêre doelwit van die onderhawige studie om vas te stel watter waarde lewensontwerpberading inhou vir 'n adolessent wat hakkell, en die studie word onderneem teen die agtergrond van beide die sisteemteorie en die sosiale konstruktivisme ten einde die navorser te help om op die ervaring van die deelnemer binne sy unieke konteks te fokus. Die studie is spesifiek gerig op die belewingswêreld van die adolessent wat hakkell. Ten einde die subjektiewe en diverse ervarings van die deelnemer beter te begryp, het ek ondersoek gedoen na die wyse waarop adolessente oor die algemeen (en my deelnemer in die besonder) deur middel van interaksie met ander (en die omgewing) deur die lens van die sosiale konstruktivisme vir hulself betekenis skep.

Ek het vanuit 'n kwalitatiewe paradigma gewerk en 'n gevalstudie gedoen waar die eenheid van ondersoek 'n adolessent was wat hakkell. My studie het gefokus op aanpasbaarheid as 'n element van hierdie adolessent se lewensontwerp, maar dan spesifiek ook op die wyse waarop die vier kerndimensies van aanpasbaarheid in sy lewe voltrek, te wete beroepsbelang, beroepsbeheer, beroepsnuuskierigheid en beroepsselfvertroue. Ek het oorkoepelend ondersoek ingestel na die waarde van lewensontwerpberading in terme van die betekenisgewing (*meaning making*) en 'heelwording' (*becoming more whole*) van hierdie deelnemer as 'n persoon wat hakkell.

SUMMARY

THE VALUE OF LIFE DESIGN COUNSELLING FOR AN ADOLESCENT WHO STUTTERS

Yolene Hancke

SUPERVISOR: Prof. Dr. J.G. Maree
DEGREE: Magister Educationis (Educational Psychology)
DEPARTMENT: Educational Psychology

Making a career choice or deciding about a (new) career/job is an exercise that in itself already requires significant emotional insight, command and maturity. When this important decision is to be made by an adolescent who also stutters, this requires so much more inner strength. For such a youth it is a gigantic task to project an image of him/herself into the future and to make decisions concerning a future job/career. To stutter, unquestionably influences a person's future vision and plans. Not only does it require an adaptation of the view of the self in the present to make space for this personality trait and the decisions that will influence and concern it, but the adolescent who stutters also will have to adjust this image of the self in order to successfully project the self into the future.

It is the primary goal of this study to investigate the value of life design counselling for an adolescent who stutters and it is done against the background of both the systems theory and social constructivism in order to help the researcher to focus on the experience of the participant within his unique context. The study is specifically the world of experience of the adolescent who stutters. In order to better understand the subjective and diverse experiences of the participant, I investigated through the lens of social constructivism the way in which adolescents in general (and my participant in particular) created meaning through interaction with others (and the environment).

I worked from a qualitative paradigm and conducted a case study where the unit of investigation was an adolescent who stutters. My study focused on adaptability as an element of this adolescent's life design, but then specifically on the way that the four core dimensions of adaptability, that is career concern, career control, career curiosity and career confidence, manifest themselves in his life. I conducted an overall investigation into the value that life design counselling holds for the participant as a person who stutters in terms of his making meaning of life and becoming more whole as a person.

SLEUTELWOORDE/KEYWORDS

| | |
|----------------------------------|-----------------------------------|
| Identiteit | <i>Identity</i> |
| Adolessent | <i>Adolescent</i> |
| Hakkel | <i>Stutter</i> |
| Lewensontwerp | <i>Life Design</i> |
| Waarde van Lewensontwerpberading | <i>Value of Life Design</i> |
| Beroepskontruksie | <i>Career Construction</i> |
| Aanpasbaarheid | <i>Adaptability</i> |
| Aanpasbaarheidsdimensies | <i>Dimensions of adaptability</i> |
| Terapeutiese Intervensie | <i>Therapeutic intervention</i> |
| Gevalstudie | <i>Case study</i> |

HOOFSTUK 1

INLEIDENDE ORIËTERING

1.1 INLEIDING

Maker (2007:232) maak die volgende mededeling wat die hartklop van die studie resoneer :

When I was a little girl, I had a dream I couldn't forget. In this dream, I saw adults hurting children – hitting them, saying mean things to them and yelling at them. The children who were hurt the most were the different ones – the ones with dark faces, the ones who couldn't speak well, and the ones who had handicaps.

Dit is my wens dat hierdie studie 'n bydrae sal lewer, hoe gering ook al, om hierdie nagmerrie in 'n mooi droom te verander.

Adolesente wat tot die arbeidsmark in Suid-Afrika wil toetree, word met unieke, konteks-spesifieke uitdagings gekonfronteer. Hierdie uitdagings sluit onder meer verminderde werksgeleenthede, regstellende aksie en diskriminasie as gevolg van 'n gebrek/gestremdheid in. As 'n beroepsfasiliteerder in die Suid-Afrikaanse konteks het dit my opgeval hoe hierdie uitdagings die toekomsverwagting van menige jong adolessent negatief beïnvloed. Te midde van hierdie onsekerheid bestaan die hoop om tot 'n beroep toe te tree waarin die individu sy/haar droom kan uitleef. Dit word dus die beroepsfasiliteerder se taak om op 'n ontdekkingsreis saam met die kliënt te gaan, om unieke uitdagings op die pad na 'n beroepskeuse te konfronteer en om die droom en die realiteit te laat hande vat.

Teen hierdie agtergrond gee ek in hoofstuk 1 'n kort uiteensetting van my studie wat die volgende insluit: 'n voorlopige literatuurstudie, die motivering vir my studie, die navorsingsdoel, die probleemstelling, 'n konseptuele raamwerk, omskrywing van enkele konsepte, verwagte uitkomst, voorsiene probleme, my paradigmatische perspektief en navorsingsontwerp, data-insameling- en data-ontledingstegnieke, die omgewing waarin die navorsing gaan plaasvind, my rol in die navorsing en etiese oorwegings wat daarmee gepaard gaan, asook beperkings van die studie en 'n uiteensetting van die hoofstukke.

1.1.1 Voorlopige literatuurstudie

Cochran (2007:9) maak die volgende opmerking oor narratiewe beroepsvoorligting:

The general aim of narrative career counseling is to script a person in his or her own life story. This focus is what makes the approach uniquely suited for an exploration of personal meanings and for helping resolve many kinds of problems involving meaning.

Hiermee verwys hy na die moontlikheid wat narratiewe beroepsvoorligting inhou vir die kliënt om persoonlike betekenis, asook probleme rakende betekenis, deur die skryf van 'n eie lewensverhaal te ondersoek.

Volgens Campbell en Ungar (2004b) is narratiewe beroepsvoorligting 'n integrale deel van die postmoderne benadering tot beroepsfasilitering aangesien dit konteks-spesifieke uitdagings kan aanspreek en op hierdie wyse die individu die geleentheid gee om aan sy/haar leefwêreld betekenis te gee. Hulle merk verder op dat daar 'n behoefte aan 'n lewensontwerp blyk te wees wat alle aspekte van 'n individu se lewe as deel van hul beroep kan integreer.

Volgens Jansen (2004) word 'n verskeidenheid ten opsigte van kultuur, waardes en godsdienstige oortuigings in die postmoderne era as verrykend vir 'n samelewing geag en word verskille nie meer verwyder of opgehef nie, maar geakkommodeer en tewens gevier (*embraced*). 'n Individu wat met die maak van 'n beroepskeuse unieke uitdagings in die gesig staar, het dus 'n unieke benadering tot beroepsfasilitering nodig. Die kreatiwiteit, behoeftes en waardes van elke individu behoort binne dié raamwerk die keuse van 'n beroep te rig.

Hierdie studie fokus op die moontlikhede en beperkings van die postmoderne benadering tot beroepsfasilitering binne die Suid-Afrikaanse konteks. Die tradisionele asook die postmoderne benadering tot beroepsfasilitering word vervolgens bespreek ten einde die geskiktheid van 'n lewensontwerpberadingsproses vir die huidige Suid-Afrikaanse klimaat te ondersoek.

1.1.1.1 Beroepsfasilitering gesien vanuit die tradisionele benadering

Volgens Maree en Molepo (2007) steun bestaande (tradisionele) modelle hoofsaaklik op die resultate van psigometriese toetse as uitkoms vir die beroepsfasiliteringsproses.

Die tradisionele benadering tot beroepsfasilitering is hoofsaaklik objektief van aard en steun op die Trek-Faktor-benadering (Holland, 1985) om 'n passing tussen die individu se karaktereienskappe en die omgewing te maak. Volgens hierdie perspektief behoort 'n suksesvolle passing beroepsbevrediging te verseker. Aangesien die benadering op objektiwiteit fokus, word die komplekse en dinamiese ondertone van die individu se lewe geïgnoreer. In die paragrafe wat volg, word my motivering vir 'n alternatiewe benadering tot beroepsfasilitering binne die Suid-Afrikaanse konteks bespreek.

1.1.1.2 Beroepsfasilitering gesien vanuit die postmodernistiese benadering

Volgens Watson en Kuit (2007) word postmodernisme nie as 'n teorie beskou nie, maar eerder as 'n oorkoepelende term wat beroepsteorie insluit en klem plaas op kontekstuele en verhoudingsfaktore, die narratiewe metafoer, lewensverhaal-berading en konstruktivistiese benaderings. Volgens Watson en Kuit (2007) verskil die postmoderne benadering tot beroepsfasilitering van die tradisionele benadering in die opsig dat dit beweeg vanaf die soeke na meetbare waarhede tot die soeke na kontekstuele betekenis en vanaf kwantitatiewe etikettering tot kwalitatiewe verstaan wat deur die kliënt as bruikbaar gesien word. Konstruktivisme en die rol van konteks binne die postmoderne benadering word vervolgens bestudeer.

1.1.1.3 Konstruktivisme

Donald, Lazarus en Lolwana (2002) definieer konstruktivisme as 'n aktiewe proses waartydens die individu kennis aktief en deurlopend deur middel van interaksie met ander individue en die omgewing konstrueer. Op hierdie wyse word moontlike leemtes aangevul wat die kliënt met betrekking tot kennis in situasie-spesifieke uitdagings ervaar, asook die nodige vaardighede om hierdie uitdagings te kan aanspreek.

1.1.1.4 Konteks

Die konteks waarbinne die kliënt leef, beïnvloed sy/haar persepsie van die wêreld van werk asook sy/haar benadering tot probleemoplossing (Chope & Consoli, 2007). Chope en Consoli (2007) verwys na die kulturele persona van die kliënt wat deur middel van akkulturasie uitgedruk word. Hierdie akkulturasieprosesse behels die hoofstroom kulturele konteks wat óf ondersteunend van ander kulture kan wees, óf diskriminerend en marginaliserend. Die dialoog tussen individue (kulturele persona), hul

families en sosiale omgewing of kulturele konteks moet in ag geneem word wanneer daar gepoog word om die kliënt se beroepsontwikkeling te verstaan.

Daar word vervolgens na die sisteemteorie gekyk as 'n uitbreiding van die konteks waarbinne die kliënt hom/haar bevind.

1.1.1.5 Sisteemteorie

In hierdie studie word die sistemiese model gebruik om die individu se invloed op die groter sisteem (en andersom) te ondersoek. Volgens Donald *et al.* (2002) beskou die sisteemteorie verskillende vlakke en groepe mense as interaktiewe sisteme waar die funksionering van die geheel van die interaksie tussen al die dele afhanklik is.

1.1.1.6 Lewensontwerpberading

Cochran (2007) toon aan dat die tyd waarin ons leef die dinamika van die teorie en praktyk bepaal. Die tyd en konteks waarin die adolessent hom/haar vandag in Suid-Afrika bevind, noodsaak 'n alternatiewe benadering tot beroepsfasilitering. Hierdie tyd en konteks sluit onder meer verminderde werksgeleenthede, regstellende aksie en diskriminasie as gevolg van 'n gestremdheid in. Volgens Maree en Molopo (2007) kan die tradisionele benadering tot beroepsfasilitering steeds met welslae in gepaste populasies gebruik word, maar het daar 'n behoefte ontstaan om elke individu in sy/haar eie kompleksiteit te probeer verstaan (Cochran, 2007).

Vir Watson en Kuit (2007) is die oorkoepelende doelwit van lewensontwerpberading die feit dat dit 'n alternatiewe benadering tot beroepsfasilitering is, asook 'n ko-konstruktiewe proses waar lewensontwerp begin en/of voortgesit word. Dit bemagtig die individu om optimaal te funksioneer binne sy/haar komplekse, subjektiewe en interafhanklike bestaan. Lewensontwerpberading plaas dus klem op die dinamiese proses van lewe en nie net op 'n stel onbuigsame reëls nie. Die kliënt word tydens lewensontwerpberading binne sy/haar unieke konteks die geleentheid gebied om self tot die fasiliteringsproses by te dra deur unieke verwagtings en ervarings na die fasiliteringsproses te bring. Op hierdie wyse begin 'n dinamiese, lewenslange proses van ontdekking. Aangesien hierdie proses beïnvloed word deur verskillende sisteme wat 'n onderliggende invloed op mekaar het, bring die fasiliteerder, as rolspeler in hierdie sisteem, insig na die proses. Volgens Watson en Kuit (2007) word daar gewerk vanuit 'n waarderende atmosfeer waartydens die sienings en subjektiewe betekenis wat die

kliënt en fasiliteerder aan konsepte heg, bespreek en gerekonstrueer word om die belewingswêreld uit te brei.

Ek fokus vervolgens op die motivering vir my studie.

1.2 MOTIVERING VIR DIE STUDIE

As student in die Opvoedkundige Sielkunde het ek myself tydens my opleidingsjare en internskapjaar verskeie kere in die rol van beroepsfasiliteerder bevind. Dit het my opgeval dat die spraakprobleem van 'n kliënt wat hinkel sy/haar toekomsverwagtings inperk. Hierbenewens lyk dit of die kliënt wat hinkel interpersoonlike en intrapersoonlike uitdagings beleef, aangesien hy/sy op 'n daaglikse basis die im pak van die probleem ervaar binne 'n gemeenskap met min toleransie vir so 'n gebrek. Om te hinkel kan dus 'n uitwerking hê op die hinkelende individu se belewing van sy/haar potensiaal as 'n waardevolle rolspeler in die gemeenskap, aangesien hy/sy slegs daardie enkele beroepe sal oorweeg waar 'n spraakgebrek/-defek nie 'n deurslaggewende rol sal speel nie. Die kliënt mag hom/haar dus tot 'n beroep wend waar mondelinge kommunikasie nie 'n voorvereiste is nie, ondanks die feit dat dit nie noodwendig die beroep is waaroor die kliënt passievol is nie.

Die vraag wat by my opgekom het, was watter moontlikhede en beperkings die lewensontwerpberading kan hê vir 'n kliënt wat hinkel, aangesien hierdie benadering op die narratiewe rekonstruering van belewingswêreld steun. Ek het gevind dat 'n kliënt wat hinkel 'n voorkeur vir die tradisionele benadering tot beroepsfasilitering bo die postmoderne benadering het. Hierdie voorkeur kan moontlik toegeskryf word aan die gemak wat die kliënt beleef met die invul van vraelyste wat nie verbale kommunikasie vereis nie. Ek het begin wonder of die verbale fasilitering waarvan die kliënt wegstrem nie juis nodig is om hom/haar te help om moontlikhede in die beroepswêreld te ontdek nie.

Aangesien ek beoog om as fasiliteerder in die proses van lewensontwerp betrokke te raak, het die volgende vraag by my ontstaan: *Wat is die waarde van lewensontwerpberading vir 'n adolessent wat hinkel?* Die moontlikhede en beperkings van die lewensontwerpberadingsproses kan potensieel tot voordeel van die individu binne die groter gemeenskap ondersoek word.

Die doelstelling van my studie word vervolgens bespreek.

1.3 DOELSTELLING

Die primêre doel van my studie is om die waarde van lewensontwerpberading vir 'n adolessent wat hakeel te ondersoek en te beskryf. Ek gaan poog om lewensontwerpberading te fasiliteer deur middel van ko-konstruktiewe gesprekvoering¹ met 'n adolessent wat hakeel.

1.4 PROBLEEMSTELLING

1.4.1 Die navorsingsprobleem

In die lig van die voorafgaande bespeking en die doel van my studie, het ek die volgende primêre navorsingsvraag vir die studie geformuleer:

Wat is die waarde van lewensontwerpberading vir 'n adolessent wat hakeel?

Ten einde meer inligting rakende die primêre navorsingsvraag te verkry, het ek die volgende sekondêre vrae geformuleer:

- Watter moontlike invloed het 'n adolessent wat hakeel se beleving van sy/haar huidige konteks op sy/haar toetrede tot en deelname aan die lewensontwerpberadingsproses?
- Watter moontlike invloed het 'n adolessent wat hakeel se beleving van sy/haar huidige konteks op hul beroepskeuse?
- Watter moontlike invloed het die lewensontwerpberadingsproses op 'n adolessente wat hakeel se beleving van sy/haar situasie?
- Wat is die moontlike betekenis van my navorsing vir teoriebou en praktykbeoefening in die veld van beroepsvoorligting, spesifiek in Suid-Afrika?

1.5 AANNAMES WAAROP DIE STUDIE BERUS

In die volgende subafdelings identifiseer ek die aannames wat ek voor en tydens hierdie navorsing maak.

¹ Ek is bewus daarvan dat gesprekvoering op sigself uitdagend kan wees en ook as 'n hindernis gedurende hierdie proses beskou kan word.

1.5.1 Primêre werksaannames

Binne die konteks van die beoogde studie maak ek die volgende primêre werksaannames:


- Die lewensontwerpberadingstrategie is potensieel toepaslik vir die fasilitering van terapie aan adolessente wat 'n uitdaging ten aansien van kommunikasie (kommunikasieprobleme) ervaar.
- Wanneer 'n adolessent wat hinkel lewensontwerpberading ontvang wat op die fasilitering van beroepsmoontlikhede gerig is, kan die adolessent sy/haar suksesvolle toekomsverhaal ontwerp.

1.5.2 Ander onderliggende aannames

- 'n Adolessent wat hinkel, ondervind probleme ten opsigte van deelname aan 'n oorwegend narratiewe benadering.
- 'n Adolessent wat hinkel, verkies die tradisionele benadering tot beroepsfasilitering aangesien dit nie sterk op die narratiewe fokus nie, maar eerder op 'n stel meetbare reëls.
- 'n Adolessent wat hinkel, mag by lewensontwerpberading baat vind aangesien betekenis binne sy/haar unieke konteks geskep kan word om só moontlike uitdagings aan te spreek.
- 'n Adolessent wat hinkel, volg nie altyd die beroep waarvoor hy/sy passievol is nie, maar wend hom/haar eerder tot 'n beroep wat 'n groter verdraagsaam toon jeens 'n persoonlike eienskap soos hinkel.

Ek stel vervolgens 'n konseptuele raamwerk voor wat die wyse verduidelik waarop data in die voorgenome studie ingesamel, geanaliseer en geïnterpreteer gaan word.

1.6 KONSEPTUELE RAAMWERK



Figuur 1.1: Konseptuele raamwerk

Figuur 1.1 verskaf 'n diagrammatiese voorstelling van die verwantskappe tussen relevante konsepte in die studie. Vanuit hierdie voorstelling word dit duidelik dat die waarde van lewensontwerpberading vir die adolessent wat hakkel teen die agtergrond van die sisteemteorie en konstruktivisme ondersoek word. Die **sisteemteorie** gaan spesifiek gebruik word om 'n adolessent se ervaring binne die konteks van **hakkel** te ondersoek. Ek gaan poog om die moontlike waarde van **lewensontwerpberading** vir die kontekstuele beleving van hierdie deelnemer te bepaal. Vanuit die **konstruktivistiese** vertrekpunt gaan daar gefokus word op die deelnemer se subjektiewe en diverse ervarings, sy/haar **sosiale identiteit**, asook die wyse waarop die deelnemer betekenis skep deur middel van sy/haar interaksie met ander individue en die omgewing. Die konteks waarin die deelnemer hom/haar bevind en die subjektiwiteit van die deelnemer se ervarings word op hierdie wyse ondersoek. Die sosiale identiteit van die deelnemer verwys na die manier waarop hy/sy by sosiale groepe inskakel (Baron & Byrne, 1997). Dit veronderstel 'n subjektiewe beleving van die konteks waarbinne die individu funksioneer en 'n interaksie met die sisteem wat ander individue insluit. Sosiale identiteit word dus gebruik om die marginaliserende effek van 'n persoonlike eienskap soos hakkel binne die sisteem van die portuurgroep te ondersoek. Vir die doel van die voorgename studie word die term 'hakkel' deurgaans in verband gebring met die konsepte 'taal', 'kultuur', 'kulturele identiteit', asook 'diversiteit'.

In die gedeelte wat volg, sal die konsepte individueel bespreek word deur die betekenis van elk vir die studie te definieer.

1.7. KONSEPTUALISERING

1.7.1 Lewensontwerpberading

Volgens Savickas (2002) help lewensontwerpberading die kliënt om sy/haar beroepstorie te skryf en te herskryf ten einde die beroepselfkonsep met werksrolle te verbind.

1.7.2 Hakkell

Volgens Sue, Sue en Sue (2000) word hakkell gedefinieer as onderbrekings in die vloeil van spraak wat vir die ontwikkelingsvlak onvanpas is. Dit word gereeld met die belewing van stres verbind. Hakkell kan gesien word as 'n kenmerk of persoonlike eienskap wat die individu se funksionering in of interaksie met die sisteem beïnvloed. Die konsep is multidimensioneel van aard en die subjektiewe betekenis wat aan hakkell geheg word, is uniek vir verskillende individue. Alhoewel die terme oorvleuel, mekaar beïnvloed en nie in isolasie beskou kan word nie, word hulle in die onderstaande gedeelte afsonderlik bespreek om sodoende by te dra tot 'n ryker en meer omvattende begrip van die kompleksiteit van die konsep "hakkell" met betrekking tot die studie.

1.7.2.1 Taal

Volgens Louw (1996) hou taal verband met 'n spesifieke psigologiese konteks. Dit is 'n algemene vorm van menslike sosiale gedrag wat ons in staat stel om met ander te kommunikeer deur die voortbrenging van betekenisvolle uitinge. Dit behels ook die vermoë om te verstaan wat mense vir ons sê.

1.7.2.2 Kultuur

Louw (2004) beskryf kultuur as die individu se gedeelte, aangeleerde kennis binne 'n gemeenskap. Kultuur rig individue in hul leefwyse, waardes en oortuigings, wyse van kommunikasie, asook hul gewoontes, gebruike en voorkeure (Louw, 2004). Volgens Du Toit, Grobler en Schenck (2001) bepaal kultuur in 'n groot mate hoe ons ander se gedrag verstaan; kultuur verander en pas ook voortdurend aan by nuwe inligting.

1.7.2.3 Kulturele identiteit

Delport en Olivier (2003) sien "kulturele identiteit" as 'n omvattende term wat ras, etnisiteit en kultuurgroepering insluit. Volgens Louw (1996) kan daar gepraat word van 'n "jeugkultuur" wat deur 'n onderskeidende stelsel van houdings, waardes en verwagtings, sekere vorme van taalgebruik en kommunikasie, kleredrag en musieksmaak, asook spesifieke gedragspatrone gekenmerk word. In die huidige studie verwys die konsep "hakkell" na adolessente wat hakkell. Daar word dus indirek ook na die oordra van oortuigings, waardes en gebruike deur middel van taal binne die spesifieke konteks van die jeugkultuur verwys, en na die invloed van die individu se kulturele identiteit. 'n Adolessent wat hakkell, is deel van 'n unieke jeugkultuur. Hy/Sy word uitgedaag om by hierdie kultuur aan te pas, maar andersyds streef hy/sy ook na outonomieit. "Kultuur" verwys in hierdie studie na die jeugkultuur waarbinne die adolessent wat hakkell hom/haar bevind.

1.7.2.4 Diversiteit

My definisie van diversiteit berus op aanvaarding en respek en impliseer dat elke individu uniek is en dat individuele verskille erken word. Sulke verskille het hul oorsprong in die dimensies van ras, etnisiteit, geslag, seksuele oriëntasie, sosio-ekonomiese status, ouderdom, fisiese vermoëns, geloofsoortuigings, politieke oortuigings of ander ideologieë. Daar word wegbeweeg van eenvoudige toleransie vir mekaar se verskille na die omarming en waardering van die ryk dimensies van diversiteit wat in elke individu aanwesig is (Online Dictionary, 2010). In hierdie studie verwys diversiteit spesifiek na die unieke wyse waarop die adolessent wat hakkell met die betrokke kultuur identifiseer en hoe hy/sy die konteks beleef.

1.7.3 Adolessent

Louw (1996) beskou adolessensie as 'n ontwikkelings stadium tussen die kinderjare en volwassenheid. As gevolg van individuele sowel as kultuurverskille wissel die bepaling van die aanvangs ouderdom van adolessensie tussen 11 en 13 jaar, terwyl die einde van adolessensie tussen die ouderdomme 17 en 21 jaar val (Louw, 1996).

1.7.4 Sosiale identiteit

Aangesien die deelnemer se identiteitsontwikkeling binne 'n spesifieke konteks 'n integrale deel van die studie vorm, sal die sosiale identiteitsteorie (Baron & Byrne, 1997) ook aandag geniet. Hierdie teorie

beklemtoon die natuurlike neiging om mense in verskeie sosiale kategorieë te klassifiseer (Sears, Peplau & Taylor, 1991). Die begrip “sosiale identiteit” word in die voorgename studie gebruik om die marginaliserende effek van ’n persoonlike eienskap soos hankel binne die sisteem van die portuurgroep te belig.

1.8 VERWAGTE UITKOMSTE VAN DIE STUDIE

Die doel van die navorsing is om ondersoek in te stel na die waarde van lewensontwerpberading vir ’n adolessent wat hankel. Aangesien die individu en die groter sisteem waarbinne hy/sy funksioneer in voortdurende interaksie is, word die groter sisteem indirek beïnvloed deur enige veranderings waaraan die individu onderwerp word. Deur hierdie wedersydse invloed te ondersoek, kan die navorser moontlikhede en beperkings van die lewensontwerpberadingsproses identifiseer wat tot voordeel van beide die individu en die groter gemeenskap kan strek.

1.9 VOORSIENE PROBLEME

Die uitdagings wat voor die aanvang van hierdie studie voorsien is, was eerstens logisties van aard. Die moontlikheid het bestaan dat die gekose deelnemer nie deurlopend by die navorsingsproses betrokke sou kon wees nie en dalk weens redes soos verhuising of ’n oorvol program en ’n gevolglike gebrek aan tyd van die studie kon onttrek. Hierdie moontlikheid sou impliseer dat die data-insamelingsproses met ’n ander deelnemer herhaal sou moes word. Tweedens is lewensontwerpberading en die beleving van die huidige Suid-Afrikaanse konteks deur ’n adolessent wat hankel relatief nuwe terreine wat nog nie saam nagevors is nie. Die geskiktheid van lewensontwerpberading as ’n moontlike intervensietegniek binne die voorgenoemde konteks kan dus slegs met die verloop van die studie bepaal word.

Ek bespreek vervolgens kortliks die paradigmatiese perspektief wat die onderhawige studie rig.

1.10 PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF²

’n Paradigma kan beskryf word as ’n breë teoretiese oriëntasie waartoe ’n spesifieke navorsingstudie behoort (Adams, Collair, Oswald & Perold, 2004). ’n **Konstruktivistiese/ Interpretivistiese** paradigma sal in die onderhawige studie gebruik word. Hier volg ’n kort uiteensetting daarvan.

² Sien hoofstuk 3 vir ’n vollediger bespreking van hierdie aspekte.

1.10.1 Konstruktivistiese/Interpretivistiese paradigma

Navorsing vanuit die perspektief van die konstruktivistiese/interpretivistiese paradigma erken dat die subjektiewe ervaring of individuele realiteit geldig, veelvuldig en sosiaal gekonstrueer is (Adams *et al.*, 2004).

Daar word vervolgens op die navorsingsontwerp van die voorgenome studie gefokus.

1.11 NAVORSINGSONTWERP

De Vos (2005) beskryf die navorsingsontwerp van 'n studie as die plan of die prosedures waarvolgens 'n studie uitgevoer gaan word. Hierdie plan omvat die verkiesing van deelnemers, data-insamelingstegnieke, asook die dataontleding wat toegepas gaan word. Die voorgenome studie is kwalitatief, beskrywend en eksploratief van aard, terwyl die navorsingsontwerp 'n gevalstudie is.

Die eienskappe van die betrokke navorsingsontwerp word vervolgens in meer besonderhede bespreek.

1.11.1 Eienskappe van die navorsingsontwerp

Uit navorsing blyk dit voordelig te wees om verskeie navorsingsmetodes in te sluit (Leedy & Ormrod, 2005), aangesien die geldigheid en vertroubaarheid van die studie so verseker word.³ Die verskillende navorsingstipes sluit die volgende in:

1.11.1.1 Kwalitatiewe navorsing

Volgens Adams *et al.* (2004) is die doelwit van kwalitatiewe navorsing die soeke na verheldering en insig, asook die verskaffing van 'n omvattende beskrywing van 'n spesifieke verskynsel vanuit die deelnemer se perspektief. Ek gaan dus poog om gebeure en ondervindings in besonderhede te beskryf (Creswell, 2007) en te verduidelik, alhoewel ek nie voorspellings gaan maak nie (Whitley, 2002).

Die kwalitatiewe navorsingsontwerp wat in die studie gebruik word, is interpretivisties van aard aangesien ondersoek ingestel word na die deelnemer se belewingswêreld en die subjektiewe betekenis wat aan ervarings geheg word. Daar word gepoog om 'n geheelbeeld van die deelnemer te

³ Sien hoofstuk 3.

vorm deur die ervarings, sienings en emosies binne die konteks van die adolessent wat hakeel te ondersoek.

1.11.1.2 Beskrywende navorsing

Volgens Neuman (1997) skets beskrywende navorsing 'n beeld van die spesifieke besonderhede van 'n situasie, 'n sosiale omgewing of verhouding. McMillan en Schumacher (1997) dui aan dat beskrywende navorsing gebruik mag word wanneer 'n relatief onbekende navorsingsarea ondersoek word, iets wat kennelik in my studie die geval is.

1.11.1.3 Eksploratiewe navorsing

Volgens McMillan en Schumacher (1997) is die doel van eksploratiewe navorsing om 'n verskynsel te ondersoek waaroor relatief min inligting beskikbaar is. Die gevalstudienavorsingsontwerp word vervolgens bespreek as 'n spesifieke vorm van kwalitatiewe navorsing.

1.11.2 Gevalstudienavorsing

Volgens Cohen, Manion en Morrison (2000) behels 'n gevalstudie dieptenavorsing oor 'n enkele geval. Tydens die voorgenome studie sal die adolessent wat hakeel (manlik of vroulik) as geval dien. Volgens Stake (2005) is een van die voordele van gevalstudienavorsing die feit dat dit insig in 'n verskynsel verdiep – in hierdie geval insig in die waarde van lewensontwerpberading vir 'n adolessent wat hakeel.

Die beoogde navorsingsmetodologie word vervolgens bespreek.

1.12 NAVORSINGSMETODOLOGIE

My navorsing behels een gevalstudie waartydens die waarde van lewensontwerpberading vir 'n adolessent wat hakeel ondersoek word. Die betrokke adolessent sal geselekteer word na aanleiding van spesifieke eienskappe waaroor hy/sy beskik. Die seleksie-kriteria en -proses sal later in meer besonderhede bespreek word.

Die Beroepsaanpasbaarheidsvraelys sal beide as data-insamelingsinstrument en raamwerk vir die uitvoer van die gevalstudie dien. Die navorsingsproses self behels die ko-konstruksie van betekenis met

betrekking tot die individu se lewensontwerp deur middel van sosiale dialoog tussen die deelnemer en die navorser. Die beroepsverhaal-tegniek (insluitend die gebruik van die drie vroeë anekdotes) dien as addisionele data-insamelingsinstrument.

Die data-insamelingsplan word vervolgens bespreek.

1.13 DATA-INSAMELINGSTEGNIEKE⁴

Volgens De Vos (2005) is kwalitatiewe data-insameling en dataontleding 'n deurlopende proses waarin data-insameling, prosssing, ontleding en interpretasie verweef is en nie noodwendig liniêr verloop nie.

1.14 DATAONTLEDING EN INTERPRETASIE

Volgens Nieuwenhuis (2007) beskou die meeste kwalitatiewe studies data-insameling en dataontleding nie as twee aparte prosesse nie, maar as 'n volgehoue, sikliese proses. Deur 'n proses van induktiewe ontleding word prominente temas ontbloot (Nieuwenhuis, 2007). In die betrokke studie gaan ek die gevalstudiebenadering tot dataontleding volg, soos voorgestel deur Creswell (2007). Die betrokke dataontledingstegnieke word volledig in hoofstuk 3 bespreek.

1.15 KWALITEITSVERSEKERINGSKRITERIA

Ten einde die geldigheid en vertroubaarheid van die studie te verhoog, word kwaliteitsversekeringsstrategieë geïmplementeer (Creswell, 2007). Die betrokke kriteria wat vir die studie geïmplementeer gaan word (kredietwaardigheid (d.w.s. triangulasie en kristallasie), oordraagbaarheid en vertroubaarheid), word volledig in hoofstuk 3 bespreek.

⁴ Sien hoofstuk 3 vir 'n volledige bespreking van die data-insamelingstegnieke wat in die studie gebruik gaan word.

1.16 NAVORSINGSGESITUEERDHEID

Die navorsing sal by 'n skool in Gauteng plaasvind, aangesien hierdie vergaderplek vir die deelnemer maklik bereikbaar sal wees.

1.17 ROL VAN DIE NAVORSER

In kwalitatiewe studies speel die subjektiwiteit van die navorser 'n belangrike rol en word hy/sy as 'n instrument in die proses gesien (Cohen *et al.*, 2000). Ek gaan dus 'n interaktiewe rol in die navorsing aanneem en deurlopend by alle aspekte van die studie betrokke wees. (Sien hoofstuk 3 vir 'n volledige uiteensetting van die navorser se rol tydens die navorsing.)

1.18 ETIESE OORWEGINGS

Etiese oorwegings is uiters belangrik wanneer navorsing onderneem word. Hoofstuk 3 bevat 'n volledige uiteensetting van die etiese maatreëls wat ek tydens die navorsing gaan nakom.

1.19 BEPERKINGS VAN DIE STUDIE⁵

Aangesien net een persoon by my studie betrek word, is die omvang van die studie uiters beperk. Veralgemening word bemoeilik aangesien hierdie geval nie as verteenwoordigend van 'n populasie gesien kan word nie. Daar sal egter deurgaans gepoog word om die geldigheid en vertroubaarheid van bevindings te bevorder. Die subjektiwiteit wat 'n gevalstudie kenmerk, lei daartoe dat die resultate nie geverifieer of met ander vergelyk kan word nie. Bevindings word dus as selektief, persoonlik en subjektief beskryf. Volgens Cohen *et al.* (2000) neig gevalstudies na waarnemer-vooroordeel, en beklemtoon dus die omsigtigheid waarmee resultate hanteer moet word.

⁵ Verwys na hoofstuk 5 vir 'n bespreking van bykomende beperkings wat moontlik tydens die studie geïdentifiseer gaan word.

1.20 UITEENSETTING VAN HOOFSTUKKE

HOOFSTUK 1: INLEIDENDE ORIËTERING

Hoofstuk 1 bied 'n algemene oorsig oor die studie, met inbegrip van die inleiding tot en rasionaal vir die studie, die navorsingsprobleem, navorsingsvrae, doel van die navorsing en omskrywing van konsepte.

HOOFSTUK 2: KONSEPTUELE RAAMWERK

Hoofstuk 2 voorsien 'n konseptuele raamwerk vir die studie. Dit sluit in 'n literatuurstudie oor lewensontwerpberading, hakkell, adolessensie en verwante konsepte.

HOOFSTUK 3: NAVORSINGSMETODOLOGIE

Die navorsingsproses word in fyn besonderhede in hoofstuk 3 beskryf. Die navorsingsontwerp en -metodologie wat in die studie gebruik gaan word, word hier bespreek.

HOOFSTUK 4: NAVORSINGSRESULTATE

Hoofstuk 4 bevat 'n beskrywing en ontleding van die resultate.

HOOFSTUK 5: GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

In hoofstuk 5 som ek die resultate van die studie op en maak gevolgtrekkings. Beperkings en aanbevelings vir toekomstige navorsing sal ook bespreek word.

HOOFSTUK 2

LITERATUURSTUDIE

2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk verken ek die hooftemas van my studie. Ek begin deur die relevansie van lewensontwerpberading, as my oorkoepelende teoretiese raamwerk, in 'n postmoderne samelewing te bespreek. Daarna volg 'n oorsig oor bestaande modelle van lewensontwerpberading en ek verken faktore wat die proses van lewensontwerpberading en die aanpassing van individue by verandering kan beïnvloed. Die beroepskonstruksieteorie as teoretiese oorsprong van beroepsaanpasbaarheid kom daarna aan die beurt, gevolg deur aanpasbaarheid as 'n element van die adolessent wat hikkel se lewensontwerp. Ek bespreek spesifiek die wyse waarop die vier kerndimensies van aanpasbaarheid in die adolessent wat hikkel se lewe voltrek word, te wete beroepsbelang, beroepsbeheer, beroepsnuuskierigheid en beroepselfvertroue. Die identiteitsontwikkeling van Suid-Afrikaanse adolessente word vervolgens omskryf, waarna ek die fokus plaas op die huidige Suid-Afrikaanse konteks en die adolessent wat hikkel se belewing daarvan. Hierna word die vorming van 'n kulturele identiteit bespreek, asook die rol van taal in sosiale konstruksionisme. 'n Oorsig word verskaf oor die teoretiese benaderings wat met die konteks verband hou en die sosiale konstruksie van betekenis word bespreek. Ek sluit die hoofstuk af deur die genoemde hooftemas kortliks saam te vat.

2.2 LEWENSONTWERPBERADING AS BASIESE TEORETIESE RAAMWERKE VIR MY STUDIE

Veranderings in die gemeenskap en werkplek, in die inhoud van werk, asook tegnologie het almal bygedra tot die veranderde persepsies van werk, waardes, doelwitte en betekenis wat hiermee verband hou. Die beroepskonstruksieteorie⁶ gee volgens Savickas (2008) gehoor aan die behoeftes van hedendaagse mobiele werkers wat moontlik gefragmenteer en verward mag voel wanneer hulle met herstrukturering en transformasie van die werksmag gekonfronteer word.

Volgens Peavy (in Campbell & Ungar, 2004a:18) bestaan daar nie meer 'n voorafbepaalde roete of 'n logiese beweging vanaf skool na 'n werksomgewing en vandaar weer na aftrede nie. Aangesien die post-industriële wêreld van werk nie sekuriteit en stabiliteit waarborg nie, moet individue toenemend

⁶ Sien paragraaf 2.3.

verantwoordelikheid vir hul eie lewens aanvaar. Ten einde effektief by deurlopende verandering te kan aanpas, moet individue verskeie vaardighede ontwikkel wat aanpassing by die beroep⁷ en lewensspan kan fasiliteer (Schreuder & Coetzee, 2006). Beroepsontwikkeling speel 'n sentrale rol in die lewens van individue en word deurlopend by die proses van lewensontwerpberading geïntegreer. Beroep- en lewensbeplanning moet, volgens Greene (2006), 'n aksie-georiënteerde, konstruktivistiese proses wees wat in oorleg met ander aspekte van die individu se lewe, soos persoonlike oortuigings en behoeftes, uitgevoer word. Zunker (1998) beklemtoon die belangrikheid daarvan dat 'n individu se beroep, alhoewel sentraal tot die individu se lewe, nie in isolasie beskou moet word nie, maar as 'n sentrale deel van sy/haar algemene lewensontwerp. Op hierdie wyse word 'n beroep in die individu se leefstyl geïntegreer en nie gedekontekstualiseer nie. Gedurende die proses van lewensontwerp kry die individu dus die geleentheid om 'n voorlopige skema of raamwerk saam te stel waarin relevante konsepte en idees, spesifiek met betrekking tot sy/haar lewe, vervat word.

Bogenoemde bespreking beklemtoon die belangrikheid daarvan om nie net op beroepsontwikkeling te fokus nie, maar eerder 'n lewe te ontwerp wat as bevredigend deur die individu ervaar word en wat herontwerp kan word namate behoeftes, belangstellings en lewenservarings verander (Savickas, 1993).

Savickas (1995) noem dat heelwat navorsing gedoen is oor die bevordering van beroepsontwikkeling wat die subjektiewe ervaring van 'n beroep aanspreek en wat kennis as sosiaal gekonstrueer sien. Savickas (1995) noem dat die konstruktivistiese siening van beroepsintervensie egter min aandag ontvang het. Lewensontwerpberading probeer om hierdie situasie reg te stel. Volgens Campbell en Ungar (2004a) poog lewensontwerpberading om insig te verkry in alle aspekte van 'n individu se lewe wat deel van sy/haar beroep vorm. Deur interaksie met die beroepsfasiliteerder word betekenis aan bestaande en toekomstige verhale geheg. So word die kliënt aangemoedig om sy/haar lewe te ontwerp.

Volgens Maree, Bester, Lubbe en Beck (2001) beweeg lewensontwerpberading weg van die tradisionele benadering tot beroepsfasilitering deur nie binne die grense van 'n stel onbuigsame reëls te bly nie, maar eerder klem te lê op die diversiteit en kompleksiteit van lewe. Op hierdie wyse word die individu gehelp om dinamies aan te pas by die unieke uitdagings wat die lewe bied. Campbell en Ungar (2004b) noem ook dat – gedurende lewensontwerpberading – die verskeie rolle wat 'n persoon vervul in ag geneem word binne verskillende sisteme en kontekste waarvan die persoon deel is.

⁷ Beroepsontwikkeling speel 'n sentrale rol in die lewens van individue en word dus deurlopend by die proses van lewensontwerpberading geïntegreer.

Aangesien lewensontwerpberading as ko-konstruktiewe proses sterk op die bydraes van beide die kliënt en die fasiliteerder steun, word die rol van die fasiliteerder in hierdie proses as sentraal geag. Ook die fasiliteerder bring sy/haar eie subjektiewe belewingswêreld, waardes, oortuigings en sienings na die proses (Maree *et al.*, 2001). Volgens Clark, Severy en Sawyer (2004) word die sienings en subjektiewe betekenis wat die kliënt en fasiliteerder aan konsepte heg, bespreek en gerekonstrueer om die kliënt se belewingswêreld uit te brei. Hartung (2007) noem dat self-definiërende stories van die kliënt oor lewenstruktuur (rolbelangrikheid), beroepsaanpasbaarheidstrategieë (deelneming, kontrole, nuuskierigheid en selfvertroue), lewenstemas (motivering en strewes) en persoonlikheidstyl as vertrekpunt vir die ontwerp van 'n suksesvolle beroepsverhaal gebruik word. Metaforiese taal in dramatiese vorm word gebruik om die kliënt se verhaal duidelik en samehangend te interpreteer. Dialoog speel dus 'n integrale rol in lewensontwerpberading en volgens Fritz en Beekman (2007) lê die sleutel tot adolessente se deelname aan die lewensontwerpberadingsproses in die mate waartoe die fasiliteerder die kliënt in dialoog kan absorbeer.

Tydens die lewensontwerpberadingsproses moet die fasiliteerder die kliënt se ontwikkelingsvlak en taalvaardighede in ag neem. Chope en Consoli (2007) glo in hierdie verband dat die narratiewe fasiliteerder byvoorbeeld moet weet hoeveel tale die kliënt by magte is om te gebruik, hoe die kliënt se aksent sy/haar persepsie van hom-/haarself beïnvloed wanneer daar na werk gesoek word en wat mense se reaksie is op die manier waarop die kliënt praat. 'n Persoonlikheidseienskap soos 'hakkell' is 'n taalverwante kwessie en kan dus ook 'n invloed op die lewensontwerpberadingsproses hê. Al hierdie aspekte moet tydens die lewensontwerpberadingsproses in ag geneem en verreken word.

Bestaande modelle vir lewensontwerpberading word vervolgens bespreek.

2.2.1 Bestaande modelle vir lewensontwerpberading

Campbell en Ungar (2004b) moedig kliënte aan om deur spesifieke aspekte of episodes te beweeg en sodoende deur middel van ko-konstruksie 'n voorkeurlewe in die vorm van 'n verhaal te ontwerp. Die proses begin by die individu se mees gepaste aspek, aangesien die lewensontwerp-model die diversiteit van mense in ag neem. Binne hierdie model is daar sewe episodes waardeur 'n kliënt beweeg, naamlik om (a) te weet wat hy/sy wil hê, (b) te weet wat hy/sy het, (c) te weet wat hy/sy hoor, (d) te weet wat hom/haar beperk, (e) sy/haar voorkeurverhaal te beplan, (f) in sy/haar storie te groei en (g) uit sy/haar storie te groei. Die individu se aandag word op hierdie wyse op die ontwikkelende storielyn van sy/haar lewe gefokus (Campbell & Ungar, 2004b). Alhoewel hierdie model teoreties gepas is, bestaan daar 'n

leemte in die literatuur met betrekking tot die individu se persoonlike ervaring van lewensontwerpberading, asook die implikasies van die proses vir die individu se lewe (Pollard, 2008).

Die staatsuniversiteit van Colorado (VSA) bied 'n suksesvolle en gestruktureerde lewensbeplanningsprogram vir adolessente aan (Zunker, 1998). Ten spyte daarvan dat hierdie program as verouderd beskou kan word, word waardevolle aspekte van hierdie proses in die gedeelte wat volg uitgelig. Aktiwiteite soos die visualisering van 'n lewenslyn, die identifisering van rolle, tipiese en voorkeurtoekoms van die individu, fantasering, die identifisering van behoeftes en doelwitte in ooreenstemming met persoonlikheid, die verheldering van belangstellings en drome, die neem van verantwoordelikheid vir huidige rolle, asook die stel van korttermyn- en langtermyn doelwitte, word individueel verrig en in groepe bespreek (Zunker, 1998). Hierdie groepsbesprekings bevorder volgens Zunker (1998) nie net refleksie en insig ten opsigte van die lewensontwerpproses nie, maar individue baat ook by die besprekings met ander adolessente wat hulle in 'n soortgelyke situasie bevind. Zunker (1998) noem die sterkpunte van lewensontwerpberading – onder andere dat persone 'n groter mate van selfbewustheid ervaar en 'n toenemende bewuswording van hul verantwoordelikheid met betrekking tot 'n voorkeurtoekoms ontwikkel – maar verskaf volgens Pollard (2008) nie 'n ryk en diepgaande beskrywing van die persoonlike ontwikkeling van die individu of spesifieke aspekte in die proses waarby adolessente sal baat nie.

Ek verwys vervolgens na faktore wat moontlik 'n invloed op die lewensontwerpberadingsproses kan hê.

2.2.2 Faktore wat die proses van lewensontwerpberading beïnvloed

Greene (2006) het faktore geïdentifiseer wat 'n belangrike rol in die lewensbeplanning van individue kan speel. Hierdie faktore is onder andere potensiaal en vermoë, vroeë beroepsbelangstelling en besluitneming, persoonlikheid en karaktertrekke, klem op tradisionele akademiese rigtings en konvensionele opleiding, verwagtings van betekenisvolle individue, asook lidmaatskap van 'n spesiale populasie (bv. sosio-ekonomiese status, ras, geslag, seksuele oriëntasie). Zunker (1998) noem die volgende as addisionele dimensies wat 'n belangrike rol in lewensontwerpberading speel: onder andere die individu se siening van sukses; die individu se motivering om te werk; behoeftes aan intrinsieke bevrediging; rolle wat die individu in sy/haar lewe vervul; belangrike verhoudings; voortdurende ontwikkeling, en kontekstuele veranderings.

Die algemene ervaring van lewensgeluk en -bevreëdiging word volgens Schreuder en Coetzee (2006) deur die psigologiese welstand van die individu beïnvloed. Psigologiese welstand kan beskryf word as 'n byproduk van 'n goedgeleefde lewe en dit ontwikkel vanuit 'n strewe na voortreflikheid en die besef van persoonlike potensiaal (Ryff & Singer in Strauser, Lustig & Ciftci, 2008:22). So vorm selfaanvaarding, positiewe interpersoonlike verhoudings, outonomie, beheer oor die omgewing, 'n definitiewe doel in die lewe, asook persoonlike groei die basis van psigologiese welstand (Schreuder & Coetzee, 2006, Strauser *et al.*, 2008). Strauser *et al.* (2008) het onder andere bevind dat individue wat 'n hoër mate van psigologiese welstand ervaar, oor meer doeltreffende vaardighede en gedrag beskik wat met beroepsontwikkeling verband hou. Hierbenewens het die navorsers bevind dat individue minder angstig met betrekking tot die toekoms ervaar indien hulle oor 'n definitiewe doel en rigting in die lewe beskik, duidelike uitkomst vir hul lewens gestel het en daarvan oortuig is dat die lewe betekenisvol is. Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar 'n positiewe verwantskap tussen psigologiese welstand en die lewensontwerp van die individu bestaan.

Die voorafgaande bespreking met betrekking tot lewensontwerpberading maak dit duidelik dat die lewensontwerpberadingsproses deurlopende veranderings in die individu se behoeftes of omstandighede moet kan akkommodeer (Schreuder & Coetzee, 2006; Zunker, 1998). Individue kan egter nie altyd voorbereid wees wanneer hulle uitdagings beleef nie en alhoewel verandering⁸ deel van die lewe is, blyk dit dat sommige individue gunstiger reageer wanneer hulle met uitdagings gekonfronteer word.

2.3 BEROEPSKONSTRUKSIETEORIE: DIE TEORETIESE OORSPRONG VAN BEROEPSAANPASBAARHEID

Hartung (2007) verwys na beroepskonstruksie as 'n teorie wat segmente van die lewenspan- en lewensruimtebenaderings integreer. Dit word gedoen deur vier fundamentele dimensies van beroepsgedrag en hul ontwikkeling te inkorporeer, naamlik:

- Lewenstruktuur – behels die konstellasie van werk en ander rolle wat in 'n persoon se lewe figureer.
- Beroepsaanpasbaarheidstrategieë – dui op die hanteringsmeganismes wat individue gebruik om ontwikkelingsake en omgewingsveranderings te hanteer.
- Tematiese lewenstories – behels die patrone van motivering, dryfvere en strewe van 'n persoon se lewe.

⁸ Sien paragraaf 2.3. Die aspekte wat die aanpasbaarheid van individue by verandering kan beïnvloed, word hier bespreek.

- Persoonlikheidstyl – dui op die vermoëns, behoeftes, waardes, belangstellings en ander eienskappe wat ’n persoon se selfkonsep kenmerk.

Die aanpassingsegment van die beroepskonstruksieteorie het te make met ontwikkelingstake en roloorgange, asook met die strategieë wat gebruik word om verandering te hanteer. Beroepsontwikkelingstadia en -take word gevind in Donald Super se beroepsontwikkelingsteorie. Die name van die onderskeie stadia reflekteer die belangrikste ontwikkelingsaktiwiteit wat normaalweg met die betrokke ouderdom geassosieer word (Watson & Stead, 2006). Die stadia is groei, eksplorasië, vestiging, bestuur en losmaking (Hartung, 2007; Watson & Stead, 2006) en word kortliks in Tabel 2.1 weergegee.

Tabel 2.1: Beroepsontwikkelingstadia

| Stadia | Kenmerke |
|-------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Groei | <ul style="list-style-type: none"> • Aanvanklike stadium: 4-13 jaar. • Konsentreer hoofsaaklik op die vorming van ’n realistiese selfkonsep. • Die selfkonsep voorsien ’n voorstelling van persoonlike sterkpunte, beperkings, belangstellings, waardes, vermoëns, persoonlikheid en talente. • Die individu verkry ’n toekomsgerigte oriëntasie. • Die individu moet hom/haar in ’n verskeidenheid rolle kan voorstel en die relatiewe belangrikheid van hierdie rolle kan verstaan. |
| Eksplorasië | <ul style="list-style-type: none"> • Aanvanklike stadium: 14-24 jaar. • Fokus op die verkryging van inligting wat met die self en beroepe verband hou. • Die individu moet geleenthede in die wêreld van werk leer ken, sy/haar selfkonsep binne ’n beroep implementeer en alternatiewe beroepe ondersoek. • Beroepsvolwassenheid ontwikkel deur die verkenning van beroepsrolle, uitbreiding van kennis m.b.t. besluitnemingsbeginsels en die beroepswêreld. |
| Vestiging | <ul style="list-style-type: none"> • Aanvanklike stadium: 25-44 jaar. |

| | |
|------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| | <ul style="list-style-type: none"> • Sentreer rondom die implementering van die selfkonsep in die beroepsrol ten einde kohesie te verkry tussen die innerlike en uiterlike wêreld wat betekenis aan die lewe gee. • Die individu stabiliseer en verkry sekuriteit in die wêreld van werk, ontwikkel 'n positiewe houding en produktiewe gewoontes, verfyn selfkonsep. |
| Bestuur | <ul style="list-style-type: none"> • Aanvanklike stadium: 45-65 jaar. • Sentreer rondom die behoud van wat reeds bereik is, uitbreiding van kennis en vaardighede. • Die individu kom voor 'n keuse te staan of hy/sy in hierdie posisie wil bly en of hy/sy weer eens deur eksplorاسie of vestiging wil beweeg. • Aanpassing is sentraal tot hierdie fase, aangesien die individu by verandering in die self en sy/haar beroep moet aanpas. |
| Losmaking | <ul style="list-style-type: none"> • Aanvanklike stadium: 65 jaar en ouer. • Fokus op die agterlaat van die beroepsrol, asook om toenemend tyd aan ander areas van die lewe te bestee. • Produktiwiteit begin afneem, beroepsverwante aktiwiteite verminder, ondersoek na aftrede begin. • Aspekte wat met aftrede verband hou, word ondersoek. |

(Soos aangepas uit Hartung, 2007; Watson & Stead, 2006)

Die konsepte “beroepsvolwassenheid” en “beroepsaanpasbaarheid” het oorspronklik na spesifieke lewensstadia in die beroepsontwikkelingsteorie verwys (Watson & Stead, 2006). Savickas (1997) stel voor dat “beroepsaanpasbaarheid” moontlik “beroepsvolwassenheid” kan vervang deurdat Super se teorie hersien en geherkonstrueer word. Dit kan plaasvind indien aanpasbaarheid oor die algehele lewensspan in ag geneem word, eerder as dat dit bloot gesien word as 'n konsep wat in 'n sekere lewensstadium van toepassing is.

Beroepsvolwassenheid verwys na die individu se beroepsgedrag in vergelyking met gedrag wat van iemand in die betrokke ouderdomsgroep en lewensstadium verwag sou word (Watson & Stead, 2006). Aanvanklik is beroepsvolwassenheid gebruik om adolessente se gereedheid om opvoedkundige en

beroepskeuses te maak te beskryf (Savickas, 1997).

Die voltooiing van die volgende spesifieke ontwikkelingstake dui volgens Watson en Stead (2006) beroepsvolwassenheid aan:

- Die inwin van gepaste selfkennis.
- Die demonstrasie van doeltreffende besluitnemingsvaardighede.
- Voldoende kennis van beroepe.
- Die vermoë om kennis van self en beroepe te integreer.
- Die vermoë om vir 'n beroep te beplan.

Savickas (1997) meen dat, vanweë 'n vinnig veranderende werkplek in 'n postindustriële era, volwassenes soms op die beroepsontwikkelingskontinuum terugbeweeg wanneer hulle van beroep verander. Die voltooiing van bogenoemde ontwikkelingstake geskied dus nie eenmalig of noodwendig chronologies nie. 'n Persoon moet voortdurend nuwe selfkennis inwin, doeltreffende besluitnemingsvaardighede demonstreer, voldoende kennis van beroepe toon, kennis van die self en beroepe integreer en 'n vermoë toon om 'n nuwe beroep te beplan om "beroepsvolwasse" te bly. Die verband tussen beroepsvolwassenheid en beroepsaanpasbaarheid lê daarin dat beroepsvolwassenheid aaneenlopende aanpasbaarheid ten opsigte van 'n individu se beroepsoorgange impliseer (Watson & Stead, 2006).

Ten einde die segmente van Super se teorie suksesvol te verbind, stel Savickas (1997) voor dat die begrip "beroepsvolwassenheid" met "beroepsaanpasbaarheid" as die sentrale konstruk in die beroepsontwikkelingsteorie vervang moet word. So verwys die term "beroepsvolwassenheid" nie meer net na die spesifieke stadium van eksplorاسie nie en pas "beroepsaanpasbaarheid" nie bloot tydens die vestigingstadium nie.

In die beroepskonstruksieteorie sien Savickas (2005) aanpasbare individue as diegene wat hulself oor hul toekoms as werkers bekommer, wat toenemend beheer oor hul beroepstoekoms neem, wat nuuskierig is om hul moontlike self en moontlike beroep te ondersoek, en wie se selfvertroue deur die nastrewing van hul aspirasies toeneem.

In 'n vinnig veranderende werksmilieu is dit duidelik dat standhoudende beroepsvolwassenheid voortdurende **aanpassing** by die werksomgewing vereis. Die beroepskonstruksieteorie veronderstel **ontwikkeling** as voortdurende aanpassing by die omgewing, wat die beduidendheid van die verband

tussen hierdie drie konsepte verhelder. “Beroepsvolwassenheid” en “aanpassing” vind dus hul oorsprong in Super se beroepsontwikkelingsteorie. Alhoewel die begrip “beroepsontwikkeling” as die oorkoepelende konsep beskou kan word, is die konsep “aanpasbaarheid” sentraal tot hierdie beperkte studie en sal daar dus hierop gefokus word. Verder is die konsep “beroepsvolwassenheid” volgens Savickas (1997) nie langer voldoende nie en is dit nodig om die konsep met “aanpasbaarheid” te vervang. Die redes hiervoor word vervolgens kortliks bespreek.

2.3.1 “Beroepsvolwassenheid” tot “beroepsaanpasbaarheid” as komponent van beroepsontwikkeling

Beroepsontwikkeling word deur Donald Super omskryf as ’n proses van leer en groei in terme van lewensstadia en ontwikkelingstake (Savickas, 1997; Hartung, 2007). Die model vir die beroepsvolwassenheid van adolessente wat dui op hul gereedheid om opvoedkundige en beroepskeuses te maak, is heel moontlik die waardevolste bydrae wat Super se beroepsontwikkelingsteorie tot die veld van beroepsberading maak (Savickas, 1997; Watson & Stead, 2006). Beroepsvolwassenheid behels die bevoegdheid om deurdagte beroepsbesluite te neem en dui daarop dat die persoon ten opsigte van hierdie bevoegdheid groei en toenemend vaardig word (Savickas, 1997). So word beroepsvolwassenheid nie as ’n statiese punt op ’n voorspelbare en liniêre kontinuum van ontwikkelingstake gesien nie, maar eerder as ’n dinamiese proses wat tot ontwikkeling bydra.

Alhoewel Super die beroepsvolwassenheid-aspek van sy teorie later uitbrei om die hele lewensloop aan te spreek, bly die fokus op ’n strukturele model van beroepsvolwassenheid vir adolessente (Savickas, 1997). Hierdie model beskryf beroepsvolwassenheid aan die hand van beide ’n houdingsdimensie en ’n kognitiewe dimensie (Savickas, 1997). Die houdingsdimensie van beroepsvolwassenheid verwys na die persoon se ontwikkeling van ’n gepaste repertoire van beplanning en ondersoekende gedrag wat effektiewe beroepsbesluitnemingsgedrag bevorder. Die kognitiewe aspek van beroepsvolwassenheid behels die inwin van kennis rakende die inhoud en proses van beroepsbesluitneming, asook die wêreld van werk (Hartung, 2007). Die take wat hierdie twee dimensies omsluit, word deur Super as ontwikkelingstake beskryf (Watson & Stead, 2006).

Die vraag na hoe hierdie verskillende dimensies van beroepsvolwassenheid verbind kan word, vind volgens Savickas (1997) ook sy antwoord in Super se teorie. Aanpassing stel ’n buigbaarheid voor in die individu se respons op die omgewing en bevat nie die negatiewe konnotasies wat soortgelyke woorde

soos regstel, akkommodeer en konformeer het nie. Deur klem op die interaksie tussen die individu en die omgewing te plaas word die verband met die kontekstuele en multikulturele aspekte van werk uitgelig (Savickas, 1997).

Na aanleiding van die voorafgaande bespreking kan dit gestel word dat “aanpasbaarheid” “beroepsvolwassenheid” tot so ’n mate aanvul dat eersgenoemde sentraal tot beroepsontwikkeling kan staan (Savickas, 1997).

Ek bespreek vervolgens die begrip “(beroeps-)aanpasbaarheid” as ’n komponent van die lewensontwerpberadingsproses.

2.3.2 “(Beroeps-)aanpasbaarheid” in lewensontwerpberading

Soos telkens reeds vermeld, staan ’n toenemende aantal volwassenes ekonomiese en organisatoriese veranderings in die gesig, wat hul beroepslewe op onvaste grond laat (Schreuder & Coetzee, 2006). Hierdie veranderings noodsaak die vraag na watter vaardighede benodig word om hierdie skommelings te hanteer. Volgens Savickas (1997) beantwoord Super dit met die teoretiese ontwikkeling van die konsep “aanpasbaarheid”. Savickas (1997) glo dat die integrasie van die lewensspan-lewensruimte en selfkonsep-segmente van Super se teorie verbeter word deur die individu se aanpassing by die omgewingskonteks, asook die beklemtoning van enkele motiveringsbronne. Die skrywer is van mening dat die fokus op aanpassing die uitbreiding van hierdie teorie ondersteun, aangesien dit die gebruik van konseptuele modelle uit ander dissiplines soos die sosiale, ontwikkelings- en persoonlikheidsielkunde aanmoedig.

Deur die klem op aanpasbaarheid te plaas word beraders se aandag gefokus op die gereedmaking van hul kliënte om verandering te hanteer (Savickas, 1997; Campbell & Unger, 2004a). Volgens Savickas (1997) behels aanpasbaarheid planmatige houdings, ondersoek van die self en omgewing, asook ingeligte besluitneming. Die klem op aanpasbaarheid veroorsaak ook dat beraders hul kliënte op die toekoms rig om sodoende veranderings en keuses te voorsien, moontlikhede te ondersoek en rigtings te kies wat die ontwikkeling van die individu bevoordeel.

Savickas (1997) is verder van mening dat die konstruk “beroepsaanpassing” by die vinnig veranderende tegnologie en ekonomie inpas. Dit help om die aandag te vestig op die behoefte aan en probleme van lewensiklusoorname, soos byvoorbeeld die oorgang van skool na werk – ’n oorgang wat eerder ’n

aanpassingsuitdaging as 'n volwassewordingstaak is.

Ek bespreek vervolgens “aanpasbaarheid” as 'n element van die adolessent wat hikkel se lewensontwerp en bespreek spesifiek die wyse waarop die vier kerndimensies van aanpasbaarheid in die adolessent wat hikkel se lewe voltrek word, te wete beroepsbelang, beroepsbeheer, beroepsnuuskierigheid en beroepsselfvertroue.

2.4 AANPASBAARHEID

Savickas (1997) sien aanpasbaarheid nie net as die vermoë om die voorspelbare take van die gereedmaak vir en deelname aan 'n werksrol te hanteer nie, maar ook as 'n gereedheid vir die onvoorspelbare aanpassings by veranderings in werk en werksomstandighede. Watson en Stead (2006) voeg by dat aanpasbaarheid ook te make het met die balans wat die individu tussen 'n werksrol en ander lewensrolle handhaaf. Die term impliseer dat 'n individu kan verander om by veranderende omstandighede aan te pas en dat daar deurentyd 'n behoefte is om op sulke veranderende omstandighede te reageer.

Aanpasbaarheid het 'n kerneienskap geword waarvoor werkers in die hedendaagse vinnig veranderende werkswêreld moet beskik ten einde suksesvolle werksrolle te kan handhaaf. Hierbenewens is aanpasbaarheid 'n sleutelkonstruk in die beroepskonstruksieteorie om beroepsontwikkeling te verklaar (Hartung, 2007; Savickas, 1997). Vanuit hierdie dimensie van die beroepskonstruksieteorie word daar gefokus op ontwikkelingstake en roloorgange waarmee individue gekonfronteer word, asook die hanteringstrategieë wat hulle gebruik om bepaalde oorgange en veranderings te probeer hanteer.

Die kerndimensies van beroepsaanpasbaarheid word vervolgens bespreek.

2.4.1 Kerndimensies van beroepsaanpasbaarheid

Volgens Hartung(2007) sal kinders wat aan verskeie ervarings blootgestel word die basiese beginsels van beroepsaanpasbaarheid bemeester. Hierdeur word grondslaghoudings, oortuigings en bevoegdhede bevorder wat hulle in staat stel om 'n toekoms te visualiseer, opvoedkundige en beroepsbesluite te neem, die self en moontlike beroepe te ondersoek en probleme op te los. Sulke houdings, oortuigings en bevoegdhede verteenwoordig die kerndimensies van beroepsaanpasbaarheid as belangrike konstruk in die teorie en praktyk van beroepskonstruksie (Hartung, 2007). Verder beïnvloed hierdie vaardighede,

wat Hartung (2007) die Beroepskonstruksie ABC (*attitudes, beliefs and competencies*) noem, die strategieë wat gebruik word om probleme op te los asook die gedrag wat gebruik word om beroepsselfkonsep gedurende die lewensloop met werksrolle in ooreenstemming te bring (Savickas, 2005). Die Beroepskonstruksie ABC bestaan uit vier basiese dimensies van beroepsaanpassing wat elk 'n spesifieke ontwikkelingstaak hanteer, naamlik belang, beheer, nuuskierigheid en selfvertroue (Hartung, 2007).

2.4.1.1 Die struktuur van die dimensies van beroepsaanpassing

Savickas (2005) definieer globale dimensies van beroepsaanpasbaarheid as deel van die beroepskonstruksieteorie en organiseer hierdie dimensies in 'n strukturele model met drie vlakke. Op die hoogste en mees abstrakte vlak plaas Savickas (2005) vier dimensies, elk volgens funksie genoem: belang, beheer, nuuskierigheid en selfvertroue. Hierdie vier dimensies verteenwoordig algemene aanpasbare hulpbronne en strategieë wat deur individue gebruik word om kritiese take, oorgange en traumas tydens die proses van beroepskonstruksie te bestuur (Savickas, 2005; Hartung, 2007).

Op die intermediêre vlak plaas Savickas (2005) 'n stel funksionele en homogene veranderlikes vir elk van die vier algemene dimensies. Elke stel intermediêre veranderlikes sluit die spesifieke houding, oortuiging en bevoegdhede in wat vorm aan die konkrete hanteringsgedrag verskaf. Laasgenoemde word gebruik om ontwikkelingstake te bemeester, beroepsoorgange te bestuur en persoonlike traumas op te los. Verder kan hierdie veranderlikes gesien word as meganismes vir die samevoeging van beroepsselfkonsepte met werksrolle. Waar houdings beskryf kan word as die affektiewe veranderlikes of gevoelens wat gedrag aanvuur, kan oortuigings weer gesien word as die konatiewe veranderlikes of neigings wat gedrag rig. Hierdie houdings en oortuigings maak dit vir persone moontlik om op 'n sekere wyse op te tree en vorm so disposisionele responsgeneigdheid. Kognitiewe bevoegdhede wat insig en probleemoplossingsvaardighede insluit, dui hulpbronne aan wat nodig is vir die maak en implementering van beroepsbesluite. Die ontwikkeling en gebruik van bevoegdhede word deur gesindhede gevorm. Die kognitiewe bevoegdhede daarenteen moduleer beroepsgedrag, wat deur die derde en mees konkrete vlak van die strukturele model van beroepsaanpassing voorgestel word. Beroepsgedrag bestaan uit die vele hanteringsresponse wat beroepsontwikkeling en die konstruksie van beroepe tot gevolg het (Savickas, 2005).

Die onderhawige studie fokus juis op hierdie houdings, oortuigings en bevoegdhede waarna in die voorafgaande verwys is.

Elke dimensie word vervolgens in meer besonderhede bespreek.

2.4.1.2 Die vier dimensies van beroepsaanpasbaarheid

i *Beroepsbelang*

Die individu se belang by sy/haar eie beroepstoekoms is van die uiterste belang en volgens Savickas (2005) is dit die eerste en belangrikste dimensie van beroepsaanpasbaarheid. Savickas (2003) noem dat beroepsontwikkeling op die oortuiging berus dat mense 'n **toekoms** het en dat dit die moeite werd is om hulle vir hierdie toekoms voor te berei. Sonder die oortuiging dat die toekoms werklik is en dat individue hulself daarop kan voorberei, raak mense pessimisties en gevul met 'n gevoel van hopeloosheid (Hartung, 2007). Gebeure word geantisipeer om die toekoms meer werklik te maak en verhoog nie net die gevoel van aaneenlopendheid wat huidige gedrag met toekomstige uitkomst verbind nie, maar ook optimisme rakende die bereikbaarheid van doelwitte (Hartung, 2007). Hierdie oogpunt ondersteun beroepskonstruksie omdat die persoon besef dat sy/haar huidige beroepsituasie deur vorige ondervindings gevorm is (Hartung, 2007). Die gedagte van 'n aaneenlopende proses van konstruksie word sodoende versterk, aangesien vorige ondervindings deur die huidige situasie aan 'n gekose toekoms verbind word. Savickas (2005) merk op dat die individu waarde aan die aaneenlopendheid van ondervindings heg, deurdat huidige aktiwiteite aan sy/haar beroepsaspirasies en visie van 'n moontlike self gekoppel word. Hierdie gevoel van aaneenlopendheid laat individue toe om te visualiseer hoe vandag se poging môre se sukses bou (Savickas, 2005).

Beroepsberading bevorder die ontwikkeling van 'n **toekomsgeoriënteerdheid** aangesien dit die kliënt se **planmatigheid** verhoog. So reageer hy/sy op die gemeenskap se verwagting dat hy/sy 'n werksrol sal inneem. Houdings van planmatigheid en optimisme versterk 'n gevoel van belangstelling, aangesien dit die individu help om bewus te raak van beroepstake en beroepsoorgange waarmee hy/sy gekonfronteer word en keuses wat in die nabye en verre toekoms gemaak moet word (Savickas, 2005).

Beroepsbelang verskaf ook 'n gevoel van werklikheid aan die toekoms aangesien dit die individu help om die beroepsverlede te onthou, die beroepshede in ag te neem en die beroepstoekoms te antisipeer (Savickas, 2005). Wanneer die individu dan 'n gevoel van optimisme rakende 'n werklike toekoms ondervind, ontwikkel 'n gevoel van beroepsbeheer (Hartung, 2007) – die volgende dimensie van beroepsaanpassing.

ii *Beroepsbeheer*

'n Gevoel van optimisme oor die beroepstoekoms lei tot besorgdheid oor wie hierdie toekomst besit (Savickas, 2003). Die tweede sterkpunt wat tydens lewensontwerpberading ontwikkel word, is dus 'n gevoel van beheer rakende die persoon se beroepstoekoms (Hartung, 2007). Beroepsbeheer dui op beroepsontwikkeling wat in onafhanklikheid van ouers geanker is en wat deur interpersoonlike outonomie en intrapersoonlike wilskrag gerig word (Savickas, 2003). Dit beteken dat individue voel en glo dat hulle self vir die konstruksie van hul beroepe verantwoordelik is (Savickas, 2005). Hartung (2007) gee 'n bondige definisie van hierdie konsep wanneer hy dit stel dat beroepsbeheer dui op die neem van besluite rakende die toekomst, sowel as die neem van verantwoordelikheid vir eienaarskap van die toekomst.

Beroepsbeheer is verder 'n belangrike konsep tydens lewensontwerpberading, aangesien persone aangemoedig word om deur die neem van besluite self hul verkose toekomst te ontwerp (Campbell & Ungar, 2004a) en beheer daaroor te neem. Beroepskonstruksieteorie sien ontwikkeling as aanpassing by die omgewing (Savickas, 2005) wat deur 'n gevoel van beheer ontvou om só persoonlike agentskap of eienaarskap tydens die proses van ontwikkeling te bevorder. Beroepsbeheer is in hierdie paradigma 'n belangrike ontwikkelingskonstruk, aangesien individue as skeppers van hul eie ontwikkeling gesien word (Hartung, 2007). Proaktiewe gedrag soos besluitneming en uitgestelde bevrediging verhoog 'n gevoel van interpersoonlike outonomie en persoonlike agentskap en kweek sodoende sterker oortuigings van beheer in 'n persoon. Hierdie proaktiewe gedrag is die voorloper van tieners se selfdeterminasie om besliste keuses rakende opvoedkundige en beroepsalternatiewe te maak (Savickas, 2005). Savickas (2005) is van mening dat houdings van selfhandhawing en beslistheid selfbesturende individue in staat stel om tot beroepsontwikkelingstake toe te tree en beroepsoorgange te navigeer, eerder as om hierdie take uit te stel en te vermy. Die oortuiging dat hulle hul eie toekomst besit en dit deur keuses kan konstrueer eerder as om self te verander, lei individue tot die insig dat hulle vir hul lewens verantwoordelik is. 'n Selfhandhawende houding en 'n geloof in persoonlike verantwoordelikheid stel persone in staat om toe te tree tot aktiwiteite en ondervindings wat besliste en bevoegde besluitneming bevorder (Savickas, 2005).

Wanneer 'n individu groter beheer rakende sy/haar beroepstoekoms ervaar, ontstaan 'n gevoel van ondernemingsgees en weetgierigheid. Die individu is gretig om meer te leer van die tipes werk waarin hy/sy mag belang stel en die beroepsgeleenthede wat daarmee saamgaan (Savickas, 2005). Beroepsnuuskierigheid word dus as die volgende dimensie van aanpasbaarheid bespreek.

iii *Beroepsnuuskierigheid*

Beroepsnuuskierigheid verwys volgens Hartung (2007) na produktiewe **beroepsondersoek** en 'n **realistiese** benadering tot die **toekoms**. Gedrag is gerig op die inwin van inligting, sowel as op die produkte hiervan, naamlik selfkennis en beroepsinligting. Savickas (2005) definieer beroepsnuuskierigheid wyer as Hartung en sien dit as weetgierigheid oor en 'n ondersoek na die passing tussen die self en die wêreld van werk.

Wanneer dit gedrag aanvuur, kan nuuskierigheid kennis produseer waarmee keuses gemaak kan word om die self by die situasie aan te pas (Hartung, 2007). Sistematiese ondersoek en refleksie rakende ondersoekende ondervindings maak nuwe individue kundig oor die werkswêreld (Savickas, 2005). Persone se houdings en weetgierigheid maak hulle gereed om die omgewing te verken om meer oor die self en situasies te leer. Geloof in die waarde daarvan om 'n oop houding jeens nuwe ondervindings en eksperimentering met moontlike selwe en verskeie rolle te hê, moedig mense aan om nuwigheide uit te toets en meer avontuurlustig op te tree. Houdings en gesindhede wat ondersoek en oopheid aanmoedig, lei tot ondervindings wat bevoegdhede ten opsigte van selfkennis en beroepsinligting laat toeneem. Individue wat die wêreld buite hul eie omgewing ondersoek het, beskik oor meer kennis rakende hul vaardighede, belangstellings en waardes, sowel as oor die vereistes, roetines en belonings van verskeie beroepe. Hierdie wyer bron van inligting bring realisme en objektiwiteit mee, en lei tot keuses wat die self by die situasie sal laat pas (Savickas, 2005).

Wanneer die self dan by die situasie pas, stel dit die persoon in staat om met selfvertroue op te tree. Die fokus val dus vervolgens op die vierde en finale dimensie van beroepsaanpasbaarheid, naamlik beroepsselfvertroue.

iv *Beroepsselfvertroue*

Beroepsselfvertroue het volgens Hartung (2007) te make met twee komponente wat nou met mekaar in verband staan: die toename in probleemoplossingsvaardighede en die oortuiging dat die individu doeltreffend kan optree. Savickas (2005) is dit eens dat beroepskeuses die oplos van komplekse probleme vereis en dat die bemeestering van hierdie probleme selfvertroue vereis. Dit is die mening van die skrywer dat die oorsprong van beroepsselfvertroue lê in die oplos van die probleme wat mense in hul daaglikse aktiwiteite soos huishoudelike pligte, skoolwerk en stokperdjies teëkom. Die voltooiing van hierdie take dra daartoe by dat die persoon hom-/haarself as **bruikbaar** en **produktief** sien en

bevorder sodoende gevoelens van **selfaanvaarding** en **selfwaarde**. In die beroepskonstruksieteorie behels selfvertroue gevoelens van selfdoeltreffendheid met betrekking tot die persoon se vermoë om 'n reeks aksies wat vir die uitvoer en implementering van opvoedkundige en beroepsbesluite nodig is suksesvol uit te voer (Savickas, 2005).

Selfvertroue hou volgens Savickas (2005) die verwagting van sukses in wanneer 'n mens met uitdagings gekonfronteer word of wanneer hindernisse oorkom moet word. Breër ondersoekende ondervindings versterk die vertroue om meer aktiwiteite aan te pak. Individue wat vanweë onder andere valse oortuigings rakende sosiale rolle, geslag en ras van sekere kategorieë van ondervinding beskut of uitgesluit is, vind dit moeilik om soortgelyke aktiwiteite te benader en sal minder belang toon in beroepe wat vaardighede in hierdie kategorieë vereis (Savickas, 2005). 'n Verlies aan selfvertroue sal dus die ontwikkeling van die individu nadelig beïnvloed.

Aanpasbaarheid en die adolessent wat hinkel word vervolgens bespreek.

2.5 AANPASBAARHEID EN DIE ADOLESSENT WAT HINKEL

Vir die doel van hierdie studie word die konsep "adolessensie" of "tiener" as belangrik geag, aangesien die aanpassingsbehoefte van die adolessent wat hinkel onder die loep geneem word.

Volgens Craig (1996) bevind adolessente hulle in 'n ontwikkelingsfase wat van puberteit tot volwassenheid strek. Tydens hierdie ontwikkelingsfase word tieners volgens Ackerman (2005) gekonfronteer met vrae soos: *Wie is ek?* en *Wie wil ek wees?* (**beroepsbelang**). Die vrae behels dus eksplorasië (**beroepsnuuskierigheid**) en besluitneming (**beroepsbeheer**) aangaande onder andere die individu se toekoms, interpersoonlike verhoudings, geloof, politiek en morele waardes. Die adolessente ontwikkelingsfase behels verder die beweging vanaf relatiewe afhanklikheid na relatiewe onafhanklikheid en outonomie van die individu (**beroepselfvertroue**) (Ackerman, 2005). Wanneer die dimensies van aanpasbaarheid, beroepsbelang, -beheer, -nuuskierigheid en -selfvertroue in gedagte gehou word, kan daar 'n voorlopige beeld gevorm word van die belang van aanpasbaarheid, spesifiek tydens hierdie ontwikkelingsfase.

Daar moet in gedagte gehou word dat hierdie studie beoog om pertinent te fokus op die adolessent wat hinkel. Volgens Hogansen, Powers, Geenen, Gil-Kashiwabara en Powers (2008) bly die adolessent wat hinkel se aspirasies en doelwitte vir die toekoms dikwels on vervuld. Relevante ondersteuning en

hulpbronne moet volgens die skrywers in plek wees om aan hierdie tieners te toon dat hulle in staat is om hul aanvanklike doelwitte te bereik. Schreuder en Coetzee (2007) noem dat die meeste beroepe 'n groot mate van interaksie met ander mense by die werkplek vereis. Indien die individu dit problematies vind om effektief in die werkplek te kommunikeer, mag dit lei tot swak werksverhoudings wat weer tot die belewing van stres in die werksomgewing aanleiding kan gee (Schreuder & Coetzee, 2007). Volgens Altholz en Golensky (2004) is adolessente wat haggel en wat nie oor hulpbronne beskik nie, meer geneig is om hulpeloos te voel met betrekking tot die bereiking van doelwitte. Hogansen *et al.* (2008) het bevind dat die herkenning van bereikbare doelwitte – met inagneming van beskikbare hulpbronne en ondersteuning – 'n faktor is wat beskerming teen hierdie gevoelens van hulpeloosheid verleen.

Savickas (2005) noem dat gebrekkige beroepsbelang tot gevoelens van hulpeloosheid kan lei. Vir die doel van hierdie studie gaan die adolessent wat haggel se opvoedkundige en werksaspirasies vanuit die perspektief van aanpassingsbehoefte beskou word.

Ek bespreek vervolgens die adolessent se identiteitsontwikkeling.

2.6 ADOLESSENTE SE IDENTITEITSONTWIKKELING

Adolessensie word as die ontwikkelingsfase tussen puberteit en volwassenheid gedefinieer (Louw, Van Ede & Louw, 1999). Volgens Chabilall (2004) verander 'n kind in 'n volwassene gedurende adolessensie en vind fisiese, psigologiese en sosiale veranderings gedurende hierdie fase plaas. Adolessensie is die periode wanneer die persoon tussen ongeveer 11 en 21 jaar oud is (Louw, 1996). Ackerman (2005) sien die adolessente fase as 'n proses, eerder as 'n tydperk. Die adolessent bemeester tydens hierdie fase sekere houdings, oortuigings en gedragspatrone wat nodig is vir effektiewe toetrede tot deelname aan die gemeenskap. As die adolessent byvoorbeeld nie sy/haar liggaam of verwante (beleefde) tekortkominge aanvaar nie, mag dit tot 'n versteurde liggaamsbeeld bydra, wat weer die ontwikkeling van 'n negatiewe selfkonsep of gebrekkige selfagting tot gevolg mag hê (Chabilall, 2004). Dit kan dus 'n uitdaging wees vir 'n adolessent wat haggel om hierdie liggaamsdefek te aanvaar en steeds 'n positiewe selfkonsep te ontwikkel.

In 'n soeke na 'n eie identiteit word die individu gedurende adolessensie geforseer om die vorige ontwikkelingsfases te oorweeg ten einde vrae te beantwoord soos "Wat is ek in ander mense se oë?" en "Hoe pas hulle siening van my in by hoe ek myself sien?" (Ackerman, 2005). Chabilall (2004) beskryf adolessensie as 'n periode van storm en stres vanweë die deurlopende selfondersoek wat met ervarings

van sukses en mislukking, stres, wanhoop, verwerping en emosionele verwarring vermeng word. Volgens Chabilall (2004) kan daar tydens adolessensie 'n afname in die invloed van die familie en 'n toename in die soeke na goedkeuring deur die portuurgroep bespeur word. Hierdie soeke na goedkeuring deur die portuurgroep word aangevuur deur die vrees om van die groep geïsoleer te word. Fisiese voorkoms, die liggaam, skoolastiese sukses, sportprestasie en sosiale vaardighede is belangrik gedurende adolessensie aangesien 'n besige sosiale lewe as 'n bewys van populariteit en aanvaarding beskou word (Chabilall, 2004).

Volgens Erikson (1968) ontwikkel identiteit oor agt lewensfases waarvan hy adolessensie as die mees kritieke fase beskou. Adolessente begin om ideologieë, waardes en houdings wat hulle van rolmodelle uit hul vroeë kinderjare verwerf het, te bevraagteken. Hulle is geneig om opinies te behou wat met hul huidige persepsies van hul wêreld ooreenstem, en dié te verwerp wat daarvan verskil. Tydens hierdie tydperk raak adolessente ook gepreokkeer met hoe hulle vir ander voorkom. Hulle toets nuwe houdings, rolle en ideologieë uit en vorm groepe wat hulle van prototipes, rolmodelle en ander riglyne voorsien, ten einde by hulle 'n gevoel van waardevolheid te skep (Erikson in Thom & Coetzee, 2004).

Identiteit omvat volgens Erikson 'n samestelling van sosiale en selfvoorstellings, insluitende persoonlike, publieke, individuele en groepsidentiteite (Thom & Coetzee, 2004:183). Persoonlike identiteit kan beskryf word as die intrapsigiese sin van kontinuïteit met die verloop van tyd in verskeie situasies, terwyl publieke identiteit dui op beide die individu se persoonlike en ander individue se persepsies van sy/haar posisie in die gemeenskap. Sosiale rolle en individuele identiteit omvat persoonlike en ander individue se persepsies van die individu se persoonlike karaktertrekke wat hom/haar van ander onderskei, maar gee ook 'n aanduiding van wat die individu met ander persone gemeen het. Individuele identiteit bevorder dus ook groepsidentiteit of die gevoel van eendersheid en "behoort" (Thom & Coetzee, 2004).

Robb, Dunkley, Boynton en Greenhalgh (2007) beklemtoon die positiewe rol wat sosiale konteks in die identiteitsontwikkelingsproses speel. Hulle meld dat die identiteitsontwikkeling van adolessente uit 'n laer sosio-ekonomiese klas veral deur die gesin, die skool en portuurgroep, blootstelling aan vormende, psigologiese gebeurtenisse, asook blootstelling aan rolmodelle bevorder word.

Wallace-Brosious, Serafia en Osipow (1994) maak daarop aanspraak dat hulle die verwantskap tussen identiteitsontwikkeling en beroepsontwikkeling bevestig het en hulle is daarvan oortuig dat die

identiteit van 'n adolessent selfs 'n groter invloed op beroepsvolwassenheid⁹ as op die selfkonsep van die individu uitoefen. Aangesien lewensontwerpberading sterk fokus op die subjektiewe betekenis wat deur die individu aan sekere ervarings geheg word, word die verband tussen sosiale konstruksionisme (waar daar sterk aksent geplaas word op persoonlike betekenis wat individue heg aan situasies) en lewensontwerpberading vervolgens bespreek.

2.7 DIE VERBAND TUSSEN SOSIALE KONSTRUKSIONISME EN LEWENSONTWERPBERADING

Volgens Brott (2005) word persoonlike betekenis (in die individu se verlede asook in huidige ervarings) gereflekteer deur die lewensrolle waarin hy/sy hom/haar bevind. Hierdie persoonlike betekenis vind uitdrukking in die konstruksie van 'n lewensverhaal. McMahon (2007) noem dat dit moontlik is dat individue hul lewens as verhale kan uitleef sonder om bewus te wees van die temas, preokkupasies en aspirasies wat hulle dryf. Die rol van die beroepsfasiliteerder is dus om deur middel van 'n ko-konstruktiewe proses, temas en verhale te onthul en te beklemtoon sodat dit meer effektief in die vorming van individue se lewens aangewend kan word (Chope & Consoli, 2007). Die fasiliteerder word dus beskou as 'n aktiewe vennoot wat deurgaans by die kliënt in 'n ko-konstruktiewe proses betrokke is waartydens betekenis in die vorm van 'n lewensverhaal geskep word. Daar bestaan dus 'n duidelike verband tussen die konstruksie van betekenis en lewensontwerpberading (Chope & Consoli, 2007).

Die ko-konstruksie van 'n lewensverhaal kan in drie fases verdeel word (Chope & Consoli, 2007). Die aanvanklike **konstruksie** behels dat die kliënt relevante inligting teenoor die fasiliteerder onthul. Gedurende **dekonstruksie** word die aannames, persepsies en aspirasies wat die kliënt se lewe betekenisvol beïnvloed, geïdentifiseer en verken, en tydens **rekonstruksie** word 'n nuwe verhaal gekonstrueer wat meer bevredigend en betekenisvol vir die kliënt is. Hierdie fases hoef egter nie chronologies plaas te vind nie. Die fokus van hierdie ko-konstruktiewe proses val hoofsaaklik op die persoonlike bewuswording van die kliënt in terme van sy/haar verlede, die oorsprong van oortuigings, die kliënt se huidige funksionering, die verkenning van lewensrolle waarin hy/sy hom/haar bevind, asook die invloed hiervan op die skep van toekomstige betekenis (Brott, 2005). Die verkenning van die rolle waarin die individu hom/haar bevind, bevorder insig in die individu se leefstyl, behoeftes, betekenis, wyse van besluitneming en persoonlike verhale (Savickas, 2005).

Konstruksionisme word (na Young en Collin (2004) se mening) gereflekteer in die wyse waarop individue praat, dink en optree en manifesteer dus gedurende interpersoonlike dialoog.

⁹ Sien paragraaf 2.3.2.1.

Sienings rondom die rol van taal in sosiale konstruksionisme word dus vervolgens bespreek.

2.8 DIE ROL VAN TAAL IN DIE KONSTRUKSIE VAN BETEKENIS

Volgens Chope en Consoli (2007) is taal 'n bron van identiteitsverwerwing vir mense van alle kulture en word 'n sin van identiteit deur taalgebruik ontwikkel. Louw (2004) noem dat taal binne 'n spesifieke kulturele konteks ontwikkel word en 'n belangrike rol in die oordrag van oortuigings, waardes en gebruike speel. Taal bestaan in 'n psigologiese konteks: dit is 'n algemene vorm van menslike sosiale gedrag wat ons in staat stel om met ander te kommunikeer deur die voortbrenging van betekenisvolle uitinge; dit behels ook die vermoë om te verstaan wat mense vir ons sê (Louw, 1999). Schreuder en Coetzee (2007) noem dat die meeste beroepe 'n groot mate van interaksie met ander mense by die werkplek vereis. Oneffektiewe kommunikasie in die werkplek mag tot misverstande en/of swak werksverhoudings tussen relevante rolspelers lei en so tot die belewing van stres in die werkplek bydra (Schreuder & Coetzee, 2007).

Volgens Watson en Kuit (2007) word taal gebruik om betekenis tydens lewensontwerpberading te konstrueer deurdat daar gefokus word op die vertelling van 'n lewensverhaal om so tot 'n suksesvolle toekomsontwerp te beweeg. Die kliënt en fasiliteerder betree die ko-konstruktiewe verhouding deur tot dialoog toe te tree. Indien 'n kliënt 'n spraakstoornis ervaar, mag sy/haar problematiese taalgebruik tot oneffektiewe kommunikasie lei (Louw, 1996). Die skep van 'n verhaal is dus 'n wyse waarop persoonlike aspekte gekonstrueer kan word. Vanuit die konstruksionistiese benadering kan hierdie vertellings gesien word as die individu se interpretasie van die betekenis en sin in sy/haar lewe. Taal is dus nie net 'n spieël of boodskapper nie, maar dit speel ook 'n sentrale rol in die skep van betekenis en die weerspieëling van sosiale realiteite. Deur die ko-konstruktiewe proses van linguistiese dialoog tussen berader en kliënt word assessering en intervensie op 'n onskeibare wyse verweef om 'n verhaal te skep wat selfkennis en selfbewustheid onthul (Palladino Schultheiss, 2005).

Patton en McMahon (2007) beklemtoon dat die belangrikheid van taal in die skep van betekenis nie onderskat moet word nie. Realiteit word volgens dié skrywers gekonstrueer deur gedeelde betekenis wat deur middel van 'n gemeenskaplike taal gekommunikeer word. Die ko-konstruksie van betekenis tussen fasiliteerder en kliënt behels dus dat daar gedeelde betekenis binne 'n gedeelde konteks deur middel van 'n gedeelde taal ontwikkel (Patton & McMahon, 2007). Sosiale dialoog word beskryf as die woorde (en hul betekenis) wat individue deur middel van gesprek en sosiale interaksie skep (Campbell

& Ungar, 2004a). Alhoewel sosiale dialoog kan bydra tot die uitbreiding van individue se vermoëns om hul ervarings van die wêreld te beskryf, kan dit ook 'n beperkende faktor wees, aangesien die wêreld net geken kan word in die mate waarin 'n individu se taal hom/haar toelaat (Campbell & Ungar, 2004a).

Volgens Young en Collin (2004) kan konstruksionistiese diskoerse of dialoog fokus op

- disposisies (die passing tussen die interne eienskappe van die individu en beroepskenmerke);
- kontekstualisering (wat individue, hul bekommernisse, aksies en beroep binne hul sosiale, ekonomiese, kulturele, historiese en ander kontekste plaas);
- subjektiwiteit (die perspektief van die individu, die konstruksie van "self" met verloop van tyd en in konteks, selfdefinisie, doel, subjektiwiteit en die skep van betekenis), asook
- prosesse (waardeer beroepe ontwikkel, besluitnemingsproesse, kognitiewe en sosiale prosesse, asook lewenslange ontwikkeling).

Hierdie fokuspunte beklemtoon die kompleksiteit en diversiteit wat met die konstruksie van betekenis deur dialoog gepaard gaan, asook die onderliggende konnotasies wat met 'n taal verband hou.

Dit blyk uit die voorgenoemde dat 'n kort bespreking van kultuur (wat aspekte soos taal, gewoontes, verwagtings en ideale wat deur mense gedeel word insluit) in hierdie stadium nodig en sinvol sal wees.

2.9 DIE BELEWING VAN KULTUUR AS 'n SUBJEKTIEWE ERVARING

Kultuur word dikwels gedefinieer as 'n sosiale sisteem van reëls, taal, gewoontes, rituele, kunste, verwagtings, norme, waardes en ideale wat deur mense gedeel word (Pang, 2001). Volgens Pang (2001) omvat die konsep egter baie meer en sluit dit ook gedrag, aannames, wyses van optrede, sienswyses, leer- en interaksiemetodes in, asook maniere waarop mense met mekaar omgaan. Chope en Consoli (2007) is van mening dat, ten einde die akkulturasieproses van die kliënt beter te begryp, die fasiliteerder moet poog om te verstaan hoe die kliënt oor sy/haar kultuur voel. Verskillende kliënte sal trots en/of skaam voel oor verskillende eienskappe van hul kultuur op verskillende stadiums. Die unieke lewenskonteks en tyd waarbinne die individu hom/haar bevind, noodsaak dus 'n holistiese benadering tot beroepsfasilitering waar die fasiliteerder die kliënt die geleentheid bied om die konteks waarbinne geleef word te ondersoek. 'n Bewustheid van die kliënt se houding teenoor sy/haar kultuur stel die fasiliteerder in staat om die akkulturasieproses en die kliënt se beroepskeuse beter te begryp.

Vanuit die sosiaal konstruksionistiese perspektief word "kultuur" gesien as 'n sosiale sisteem wat uit gedeelde simbole, betekenis, perspektiewe en sosiale aksies bestaan en wat nie noodwendig deur ras,

etnisiteit en taal onderskei word nie (alhoewel sodanige onderskeiding nie uitgesluit word nie). Kultuur word gedefinieer as die waardes, tradisies, sosiale en politieke verhoudings, die wêreldperspektief wat geskep, gedeel en getransformeer is deur 'n groepie individue wat deur 'n gemeenskaplike geskiedenis, geografiese gebied, taal, sosiale klas en/of geloof saamgebind word (Nieto in Hendriksen & Trusty, 2002). Bogenoemde bevindings word egter steeds op 'n unieke wyse deur elke individu ervaar en word beïnvloed deur die mate waarin die individu met sy/haar kultuur of die “kulturele identiteit” van die individu identifiseer. Kulturele identiteit kan beskou word as 'n oorkoepelende term wat berus op die veelvuldige sosiale identiteite (ras, etnies, seksueel, geslag) wat die individu se siening van die self as deel van 'n groep binne die verskillende kontekste van sy/haar lewe vorm. Kulturele identiteit beklemtoon dus dat hierdie sosiale identiteite persepsies is wat individue van hulself en ander individue in 'n groter sosiale sisteem, naamlik kultuur, voorhou (Sanders Thompson & Akbar, 2003). Dit beklemtoon ook dat individuele en kulturele identiteit nie van mekaar geskei kan word nie (Thom & Coetzee, 2004).

Ek fokus in hierdie stadium oorsigtelik en samevattend op twee teoretiese raamwerke wat die lewensontwerpberadingsproses onderlê en my in staat te stel om my konseptuele raamwerk daar te kan stel.

2.10 TWEE ADDISIONELE TEORETIESE RAAMWERKE: TWEE TEORETIESE RAAMWERKE AS ONDERLIGGEND AAN DIE LEWENSONTWERPBERADINGSPROSES

Ek gebruik die volgende twee teoretiese raamwerke as onderliggend aan die lewensontwerpberadingsproses vir die fundering van my studie: Sosiale konstruktivisme, asook die sisteemteorie.

Ek fokus eerstens op sosiale konstruktivisme.

2.10.1 Sosiale konstruktivisme

Sosiale konstruktivisme is 'n postmoderne benadering wat gegrond is op die oortuiging dat mense realiteit sosiaal konstrueer deur die gebruik van gedeelde en ooreengekome betekenis wat deur taal gekommunikeer word (Berger & Luckman in Speed, 1991).

Volgens Brown (in Maree, 2007) kan die volgende afleidings ten opsigte van sosiale konstruksionisme gemaak word:

- Alle aspekte van die heelal is ineengevleg en die dele vorm die geheel. Dit is onmoontlik om 'n persoon van sy omgewing te skei.
- Daar is geen absolutes nie, dus kan menslike funksionering nie tot wette en beginsels gereduseer word nie.
- Menslike gedrag kan net verstaan word in die konteks waarin dit plaasvind.
- Die subjektiewe verwysingsraamwerk van individue is die enigste geldige bron van kennis.

Voorstanders van sosiale konstruktivisme as basiese teoretiese raamwerk beskou realiteit as sosiaal gekonstrueer. Dit wil sê dat individue se oortuigings rakende die wêreld sosiale versinsels is (Berger & Luckman in Speed, 1991). Realiteit word dus deur die waarnemer in 'n spesifieke konteks geskep en die waarnemer heg voorts betekenis aan hierdie realiteit. Dit beteken dat realiteit subjektief is, aangesien dit wat mense waarneem, dit waaraan mense betekenis toeskryf, asook hul siening van die wêreld, beïnvloed word deur die lense wat kultuur en sosiale konteks vorm (Henning, 2005).

Sosiale konstruktivisme berus op die volgende basiese beginsels:

- Vele realiteite is moontlik, aangesien realiteit subjektief gekonstrueer word met taal as die medium van konstruksie (Becvar & Becvar, 2006).
- Kennis is subjektief en objektiewe neutraliteit is onmoontlik. Sosiale konstruktivisme staan krities teenoor kennis wat as vanselfsprekend beskou word, aangesien kennis onderhou word deur sosiale prosesse wat voortdurend verander (Doan, 1997).

Vir die doel van die onderhawige studie is die sosiale konstruktivisme op twee wyses relevant. Eerstens is dit die doelwit van die studie om die spesifieke betekenis te ondersoek wat individue aan realiteit heg, en in hierdie geval, die betekenis wat die adolessent wat hikkel aan die dimensies van aanpasbaarheid heg. Die betekenis wat tieners aan hierdie dimensies heg, word volgens die sosiale konstruktivisme nie as vanselfsprekend gesien nie (Doan, 1997). Die huidige studie gaan poog om die subjektiewe betekenis wat in hierdie unieke konteks aan die dimensies geheg word te ondersoek.

Sosiale konstruktivisme is verder relevant aangesien dit daardie aspek van sy metateorie is aan die hand waarvan Savickas (2005) verduidelik hoe persone verteenwoordigings of voorstellings van realiteit, eerder as realiteit self, konstrueer en betekenis aan hul subjektiewe ervaring van hierdie gekonstrueerde realiteit heg. Vir die doel van die beroepskonstruksieteorie is beroepsrealiteit en verwante aspekte die vernaamste realiteite.

Die sisteem waarin die individu hom/haar bevind, het 'n onlosmaaklike invloed op subjektiewe ervaring en gekonstrueerde realiteit.

Derhalwe word 'n bondige oorsig van die sisteemteorie vervolgens gegee.

2.10.2 Sisteemteorie

Vanuit die perspektief van die sisteemteorie word verskynsels ten beste verstaan uit die oogpunt van 'n hiërargie van sisteme wat elk weer uit kleiner subsisteme bestaan en terselfdertyd deel van 'n groter, omvattende sisteem vorm (Prins & Van Niekerk, 2001). Elke sisteem vorm dus 'n geheel, maar maak ook deel uit van 'n ander sisteem. 'n Persoon of situasie kan dus as 'n aparte entiteit gesien word, maar ook as deel van 'n verskeidenheid verskillende sisteme (Donald *et al.*, 2002). Om hierdie rede kan die sisteemteorie veral komplekse verskynsels, invloede en interaksies beskryf.

Die kliënt bevind hom/haar te midde van 'n leefwêreld wat uit verskillende sisteme bestaan. Donald *et al.* (2002) is van mening dat die opvoedkundige sielkundige in die hedendaagse samelewing bewus moet wees van die onderlinge wisselwerking waartydens sisteme interaktief met aanliggende sisteme en/of subsisteme omgaan, aangesien hierdie faktore die individu op 'n direkte of indirekte wyse beïnvloed. Die dinamiek binne 'n sisteem beïnvloed immers al die ander sisteme en lei vir verskillende individue tot unieke gevolge. Ten einde die sisteem as geheel beter te verstaan is dit nodig om die verhouding tussen die sisteem se verskillende dele te ondersoek. Die sisteemteorie verskaf 'n omvattende beskrywing van die totale omvang van die menslike beleving en sluit kognitiewe, emosionele, sosiale, praktiese en verbeeldingsaspekte van die alledaagse lewe in.

Hierbenewens kan addisionele faktore soos die hulpbronne van 'n gesin 'n invloed op die kliënt hê, terwyl die waardes van die individu in voortdurende interaksie met die waardes van die ouderdomsgroep is. Volgens Pollard (2008) word die dinamiese interaksie tussen die individu en betrokke sisteme erken en in die fasiliteringsproses geïnkorporeer. Só sluit die postmoderne benadering beide sosiale konstruktivisme en die sisteemteorie in, sonder om dit die fokus van die proses te maak. Cochran (2007) sien die subjektiewe betekenis wat die individu aan sekere ervarings en gebeure heg as 'n dinamiese invloed op die proses van lewensontwerp, as gevolg van die voortdurende veranderings wat deur sosiale konstruksie in beide die individu en die sisteem plaasvind.

Elke sisteem werk op 'n stabiele, voorspelbare wyse wat tot die sisteem se voortbestaan bydra. Tog bestaan die moontlikheid vir verandering en buigbaarheid in elk van die sisteme (Donald *et al.*, 2002). Een van die belangrikste eienskappe van die sisteembenadering is dat 'n versteuring op enige vlak van

die sisteemhiërargie alle vlakke van die hiërargie beïnvloed (Prins & Van Niekerk, 2001). Dit wil sê, indien een aspek van 'n sisteem verander, word die effek daarvan deur die hele sisteem beleef. Sisteemteorie neem in ag dat konteks nie stabiel bly nie. Volwassenes, adolessente en kinders beweeg deurentyd tussen en oor verskillende sisteme en kulturele kontekste wat teen 'n toenemende tempo verander (Donald *et al.*, 2002).

Indien 'n individu 'n sisteem op sigself is en daardie individu volgens die sosiale konstruktivisme in 'n spesifieke konteks betekenis aan realiteit heg, sal verandering in die konteks die individu as sisteem beïnvloed, wat weer alle relevante sisteme sal beïnvloed. In die hedendaagse samelewing en veral werkplek is verandering aan die orde van die dag (Schreuder & Coetzee, 2006) en aanpassing by hierdie verandering word al meer en meer 'n vereiste.

Die onderhawige studie fokus spesifiek op die adolessent wat hinkel. Vervolgens word daar kortliks na hierdie adolessente vanuit 'n sistemiese perspektief gekyk.

2.10.2.1 'n Sistemiese perspektief van adolessensie

Ackerman (2005) beklemtoon die belangrikheid daarvan om adolessensie as 'n proses te beskou, aangesien individue gedurende hierdie ontwikkelingstydperk sekere houdings, oortuigings en gedragspatrone wat vir effektiewe deelname in die gemeenskap nodig is, op 'n aaneenlopende wyse moet bemeester. Die ontwikkelingstake van die adolessent wat hinkel, behels die bemeestering van hierdie houdings, oortuigings en gedragspatrone, maar ook houdings, oortuigings en gedragspatrone wat te make het met die persoonlikheidsienskap "hinkel" en besluite rakende die hinkelende adolessent se toekoms en moontlike beroep. Die take wat hierdie adolessent moet bemeester, is aansienlik meer as dié van tieners wat nie met 'n persoonlikheidsienskap soos "hinkel" gekonfronteer word nie. Vanuit die sisteemteorie kan die adolessent wat hinkel as 'n individuele sisteem in 'n tydperk van komplekse verandering gesien word. Die komplekse konteks van die adolessent wat hinkel, maak die sisteemteorie 'n geskikte lens waardeur hierdie konteks beskou kan word.

2.11 SAMEVATTING VAN LITERATUUR

2.11.1 Samevatting van literatuuroorsigte

Na aanleiding van voorgenoemde, verskaf ek nou 'n samevatting van die teoretiese raamwerk wat as basis sal dien vir die interpretasie van my data. Hierdie samevatting word gevolg deur my konseptuele raamwerk, wat sal dien as 'n verduidelikende begrening vir die studie, asook 'n instrument aan die hand waarvan betrokke fasette verduidelik kan word (Maree & Van der Westhuizen, 2009).

Tabel 2.2: Oorkoepelende teoretiese raamwerk as basis vir die interpretasie van data

| AFDELING | SAMEVATTING |
|---------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| 'n Lewensontwerp-beradingsperspektief | Tydens lewensontwerpberading word die beginsels van die beroepskonstruksieteorie op die praktyk van assessering en intervensie toegepas. Die berader interpreteer die inligting wat deur die kliënt verskaf word in 'n betekenisvolle, samehangende storie (Hartung, 2007). Tydens lewensontwerpberading word gepoog om insig te verkry in hoe alle aspekte van 'n individu se lewe deel van sy/haar beroep vorm (Campbell & Ungar, 2004a). Kliënte word aangemoedig om 'n verkose toekoms te ontwerp. Die ontwerp neem nie slegs die verskeie rolle wat die persoon vervul in ag nie, dit inkorporeer ook die verskillende sisteme en kontekste waarvan die persoon deel is (Campbell & Ungar, 2004b). |
| Bestaande modelle vir lewensontwerp-berading | Twee bestaande modelle van lewensontwerpberading is hier bespreek. Die eerste model (Campbell & Ungar, 2004b) fasiliteer die individu om deur sewe fases te beweeg ten einde (a) te weet wat hy/sy wil hê, (b) te weet wat hy/sy het, (c) te weet wat hy/sy hoor, (d) te weet wat hom/haar beperk, (e) sy/haar voorkeurverhaal te beplan, (f) in sy/haar storie te groei, en (g) uit sy/haar storie te groei. Die tweede model gebruik postmoderne tegnieke (bv. lewenslyn, <i>collage</i> , identifisering van rolle, fantasie, ens.) om individue te begelei om hul lewens te ontwerp. Interaktiewe groepbesprekings oor die persoonlike toepassings van hierdie tegnieke bevorder die lewensontwerpproses (Zunker, 1998). |
| Faktore wat die lewensontwerp-beradingsproses beïnvloed | Verskeie, unieke faktore speel 'n rol in die proses van lewensontwerpberading. Volgens Greene (2006) is hierdie faktore potensiaal en vermoë, belangstellings, persoonlikheid en karaktertrekke, verwagtings van betekenisvolle individue en lidmaatskap van 'n spesiale populasie (bv. sosio-ekonomiese status, ras, geslag, seksuele oriëntasie). Zunker (1998) is van mening dat die individu se siening van |


| | |
|----------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| | <p>sukses, motivering om te werk, behoeftes aan intrinsieke bevrediging, rolle, verhoudings, ontwikkeling en kontekstuele verandering ook 'n belangrike rol speel, terwyl Schreuder en Coetzee (2006) die rol van psigologiese welstand in die proses beklemtoon.</p> |
| <p>Die teoretiese oorsprong van beroepsaanpasbaarheid</p> | <p>Die aanpassingsegment van die beroepskonstruksieteorie het te make met ontwikkelingstake en roloorgange, asook met die strategieë wat gebruik word om verandering te hanteer. Beroepsontwikkelingstadia en take word in Donald Super se beroepsontwikkelingsteorie gevind. Beroepsvolwassenheid dui adolessente se gereedheid aan om opvoedkundige en beroepskeuses te maak (Savickas, 1994). Beroepsaanpasbaarheid verkry 'n meer holistiese betekenis wat oor alle stadia van die lewenspan toepaslik is. Savickas (1997) stel dit dat ten einde die segmente van Super se teorie suksesvol te verbind, die begrip "beroepsvolwassenheid" met die begrip "beroepsaanpasbaarheid" as die sentrale konstruk in die beroepsontwikkelingsteorie vervang moet word. Dit impliseer dat die term "beroepsvolwassenheid" nie meer net na die spesifieke stadium van eksplorasië sal verwys nie en dat "beroepsaanpasbaarheid" nie bloot tydens die vestigingstadium van toepassing sal wees nie.</p> |
| <p>Beroepsaanpasbaarheid as kritiese konstruk vir die verklaring van beroepsontwikkeling</p> | <p>Donald Super sien beroepsontwikkeling as 'n proses van leer en groei in terme van lewenstadia en ontwikkelingstake (Savickas, 1994; Hartung, 2007). Die beroepsaanpassingsdimensie van die beroepskonstruksieteorie gee aandag aan ontwikkelingstake en rolveranderinge, asook aan die strategieë wat individue gebruik om dit te hanteer (Hartung, 2007). Die ontwikkelingsdraad van die beroepskonstruksieteorie fokus op groei en verandering in beroepsgedrag oor tyd (Hartung, 2007) en aanpasbaarheid verwys weer na voortdurende ontwikkeling wat plaasvind wanneer daar by sulke veranderinge aangepas word. Savickas (1997) is van mening dat Super se teorie vereenvoudig, maar terselfdertyd ryklik aangevul word deur beroepsaanpasbaarheid eerder as beroepsvolwassenheid sentraal te plaas, aangesien dit 'n enkele konstruk gebruik wat die ontwikkeling van kinders, adolessente en volwassenes verduidelik.</p> |
| <p>Die gepastheid van die konsep 'aanpasbaarheid'</p> | <p>Die integrasie van die lewenspan-lewensruimte en selfkonsep-segmente van Super se teorie word verbeter deur die individue se aanpassing by die omgewingskonteks te beklemtoon (Savickas, 1997). Die uitbreiding van die teorie word ondersteun deur op aanpassing te fokus, aangesien dit die gebruik van konseptuele modelle uit ander dissiplines aanmoedig (Savickas, 1997). Deur die klem op aanpasbaarheid te plaas sal beraders hul aandag daarop fokus om hul kliënte gereed te maak om verandering te hanteer (Savickas, 1997). Die konstruk pas volgens Savickas (1997) ook by die hedendaagse vinnig veranderende tegnologie</p> |

| | |
|---------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| | en ekonomie in. |
| Aanpasbaarheid | Aanpasbaarheid is 'n kritiese konstruk in die beroepskonstruksieteorie om beroepsontwikkeling te verklaar (Savickas, 2005). Hierdie dimensie van die beroepskonstruksieteorie fokus op ontwikkelingstake en roloorgange en die strategieë wat individue gebruik om bepaalde oorgange en veranderings te probeer hanteer. Die konstruk "beroepsaanpassing" bestaan uit vier basiese dimensies van beroepsaanpassing wat elk 'n spesifieke ontwikkelingstake hanteer. Die dimensies is besorgdheid, beheer, nuuskierigheid en selfvertroue (Hartung, 2007). |
| Dimensies van beroepsaanpasbaarheid | Beroepsaanpasbaarheid is volgens Hartung (2007) die oorsprong van bepaalde houdings, oortuigings en bevoegdhede. Elke aanpassingstransaksie behoort die groep te versterk en die individu se vermoë om aan te pas te verbeter (Savickas, 2003). Savickas (2005) noem vier dimensies van aanpasbaarheid: belang, beheer, nuuskierigheid en selfvertroue. Hierdie dimensies verteenwoordig algemene aanpasbare hulpbronne en strategieë wat deur individue gebruik word om kritiese take, oorgange en traumas tydens die proses van beroepskonstruksie te bestuur (Hartung, 2007). |
| Beroepsbelang | Die eerste en belangrikste dimensie van beroepsaanpasbaarheid is die individu se belang by sy/haar eie beroepstoekoms (Savickas, 2005). Beroepsbelang handel oor die oortuiging dat 'n mens 'n toekomst het waarvoor dit die moeite werd is om jouself voor te berei en dat sodanige voorbereiding daardie toekomst sal verbeter. |
| Beroepsbeheer | 'n Gevoel van optimisme oor die beroepstoekoms lei tot besorgdheid oor wie hierdie toekomst besit. Beroepsbeheer beteken dat individue voel en glo dat hulle self vir die konstruksie van hul beroepe verantwoordelik is (Savickas, 2005). |
| Beroepsnuuskierigheid | Beroepsnuuskierigheid dui op 'n gevoel van ondernemingsgees en weetgierigheid om meer te leer van die tipes werk waarin die individu mag belang stel en die beroepsgeleenthede wat daarmee saamgaan (Savickas, 2005). Beroepsnuuskierigheid verwys volgens Hartung (2007) na produktiewe beroepsondersoek en 'n realistiese benadering tot die toekomst. |
| Beroepsselfvertroue | Beroepsselfvertroue het volgens Hartung (2007) te make met twee komponente wat nou met mekaar in verband staan: die toename in probleemoplossingsvaardighede en die oortuiging dat die individu doeltreffend kan optree. |
| Aanpasbaarheid en die adolessent wat hakkel | Tydens die adolessente ontwikkelingsfase word tieners volgens Ackerman (2005) gekonfronteer met take van eksplorasië en besluitneming asook die beweging vanaf relatiewe afhanklikheid na relatiewe onafhanklikheid en outonomie van die individu. Hierdie take reflekteer die dimensies van aanpasbaarheid. Vir die doel |

| | |
|-----------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| | <p>van hierdie studie gaan die adolessent wat hannel se moontlike opvoedkundige en werksaspirasies vanuit die perspektief van aanpassingsbehoefte beskou word.</p> |
| <p>Identiteitsontwikkeling van Suid-Afrikaanse adolessente</p> | <p>Alhoewel identiteitsontwikkeling volgens Erikson (1968) 'n lewenslange proses is, word adolessensie as die mees kritieke ontwikkelingsfase beskou. Gedurende identiteitsvorming word belangrike, vroeëre identifikasies met ander individue geëvalueer en dan in 'n nuwe, unieke identiteit geïntegreer. Adolessente verken en evalueer alternatiewe idees, oortuigings en gedrag, en besluit dan met watter aspekte hulle hulself wil vereenselwig en watter aspekte hulle wil verwerp.</p> |
| <p>Die verband tussen sosiale konstruksionisme en lewensontwerpberading</p> | <p>Individue heg persoonlike betekenis aan ervarings en gee uitdrukking aan hierdie betekenis in die vorm van 'n lewensverhaal. Gedurende lewensontwerpberading word 'n lewensverhaal gedurende 'n ko-konstruktiewe proses gekonstrueer om relevante inligting en betekenis te onthul. Gedurende dekonstruksie word relevante temas geïdentifiseer en verken, terwyl rekonstruksie die skep van 'n betekenisvolle en meer bevredigende verhaal behels.</p> |
| <p>Die rol van taal in die konstruksie van betekenis</p> | <p>Taal word beskou as 'n sleutelinstrument in die konstruksie van betekenis en vorming van identiteit. Taal bevorder nie net kommunikasie en sosiale interaksie nie, maar voorsien ook 'n wyse waarop betekenis geskep, onderhandel en getransformeer kan word. Taal ontwikkel binne 'n spesifieke kulturele konteks en speel dus 'n rol in die oordrag van waardes, oortuigings en gebruike. Schreuder en Coetzee (2007) noem dat die meeste beroepe 'n groot mate van kontak met ander mense by die werkplek vereis. Indien die individu dit problematies vind om in die werkplek effektief te kommunikeer, mag dit tot swak werksverhoudings lei wat weer tot die belewing van stres in die werkplek aanleiding kan gee (Schreuder & Coetzee, 2007).</p> <p>Volgens Watson en Kuit (2007) word taal gebruik om betekenis tydens lewensontwerpberading te konstrueer deurdat daar op die vertel van 'n lewensverhaal gefokus word om so tot 'n suksesvolle toekomstontwerp te beweeg. Die kliënt en fasiliteerder betree die ko-konstruktiewe verhouding deur tot dialoog toe te tree. Indien 'n kliënt 'n spraakstoornis ervaar, mag sy/haar problematiese taalgebruik tot ondoeltreffende kommunikasie lei (Louw, 1996).</p> |
| <p>Belewing van kultuur as 'n subjektiewe ervaring</p> | <p>Kultuur word dikwels gedefinieer as 'n sosiale sisteem van reëls, taal, gewoontes, rituele, kunste, verwagtings, norme, waardes en ideale wat deur mense gedeel word (Pang, 2001). Kulturele identiteit kan dus beskou word as 'n oorkoepelende term wat die veelvuldige sosiale identiteite (ras, etnies, seksueel, geslag) insluit en die individu se siening van die self as deel van 'n groep binne die verskeie kontekste van sy/haar lewe vorm. Kulturele identiteit beklemtoon dat hierdie sosiale identiteite persepsies is wat individue van hulself en ander individue in 'n</p> |

| | |
|-------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| | groter sosiale sisteem, naamlik kultuur voorhou (Sanders Thompson & Akbar, 2003), asook dat individuele en kulturele identiteit nie van mekaar geskei kan word nie (Thom & Coetzee, 2004). |
| Sosiale konstruktivisme | Hierdie teorie is gegrond op die oortuiging dat mense realiteit sosiaal konstrueer deur die gebruik van gedeelde en ooreengekome betekenis wat tydens sosiale interaksie en verhoudings deur taal gekommunikeer word. Realiteit en kennis is subjektief en objektiewe neutraliteit is derhalwe onmoontlik (Doan, 1997). |
| Sisteemteorie | Verskynsels word volgens hierdie perspektief ten beste verstaan uit die oogpunt van 'n hiërargie van sisteme wat elk weer uit kleiner sub sisteme bestaan en terselfdertyd deel van 'n groter, omvattende sisteem vorm (Prins & Van Niekerk, 2001). 'n Versteuring op enige vlak van die sisteemhiërargie sal alle vlakke van die hiërargie beïnvloed. Sisteemteorie neem in ag dat konteks nie stabiel bly nie. |

Na aanleiding van bogenoemde samevatting stel ek die lens waardeur ek na my navorsing kyk, in die vorm van 'n konseptuele raamwerk voor.



Figuur 2.1: Konseptuele raamwerk

Die waarde wat lewensontwerpberading het vir 'n adolessent wat hakkkel, word teen die agtergrond van beide die sisteemteorie en sosiale konstruktivisme ondersoek ten einde die navorser te help om op die ervaring van die deelnemer binne sy/haar unieke konteks te fokus. Die studie is spesifiek gerig op die konteks van die belewingswêreld van die adolessent wat hakkkel. Ten einde die subjektiwiteit en diversiteit van die deelnemer se ervarings beter te begryp, word die wyse ondersoek waarop adolessente oor die algemeen (en my deelnemer in die besonder) deur middel van interaksie met ander, asook met die omgewing, deur die lens van die sosiale konstruktivisme betekenis skep. Daar word gefokus op aanpasbaarheid as 'n element van hierdie adolessent se lewensontwerp, maar dan spesifiek ook op die wyse waarop die vier kerndimensies van aanpasbaarheid in sy lewe voltrek, te wete beroepsbelang, beroepsbeheer, beroepsnuuskierigheid en beroepsselfvertroue.

2.12 SAMEVATTING

In die onderhawige hoofstuk is 'n oorsig oor beroepsaanpasbaarheid gegee, die teoretiese oorsprong daarvan is ondersoek en 'n aanduiding is gegee van waar dit in die breër beroepskonstruksieteorie pas. Die aanpassingsdimensies soos deur Savickas (2003) voorgestel is as 'n gepaste teoretiese raamwerk geïdentifiseer waarvolgens dataontleding in die voorgename studie gedoen sal word. Die deelnemers sal dus in 'n ko-konstruktiewe proses betekenis aan hierdie dimensies heg. Benewens bogenoemde is

die konsep “aanpasbaarheid” bespreek binne die konteks van die adolessent wat hakkel. In die volgende hoofstuk verduidelik ek die navorsingsproses, -ontwerp en -metodologie wat gebruik gaan word.

HOOFSTUK 3

METODOLOGIESE VERANTWOORDING

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk bespreek ek die navorsingsproses wat in die studie gevolg gaan word in meerbesonderhede. Ek begin deur die paradigmatiese perspektief van die betrokke studie te omskryf, waarna ek aan die navorsingsmetodologie en -strategieë aandag sal skenk. Die kwaliteitsversekeringskriteria van die studie word vervolgens verduidelik, sowel as my rol as navorser en belangrike etiese maatreëls waaraan die studie moet voldoen. Ek sluit af met 'n samevatting van die betrokke hoofstuk.

3.2 PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF

Volgens Leedy en Ormrod (2005) is 'n paradigma die lens waardeur 'n navorser na sy/haar navorsing kyk. Terre Blanche en Durrheim (2002) noem dat 'n paradigma die basiese denkwyses en aannames omsluit wat onderliggend is aan 'n bepaalde wetenskap waarvolgens 'n navorser tydens 'n studie te werk gaan.

'n Paradigma kan gedefinieer word as die veronderstellings of oortuigings aangaande fundamentele aspekte van realiteit wat tot die spesifieke wêreldbeskouing van 'n individu aanleiding gee (Nieuwenhuis, 2007). 'n Paradigma omskryf gevolglik vir 'n individu sy/haar siening van die wêreld, sy/haar plek in die wêreld, aannames aangaande geloof, asook moontlike verhoudings wat tussen die individu en die wêreld met sy komponente mag bestaan.

Vervolgens word die konsepte "ontologie", "epistemologie" en "metodologie" kortliks bespreek.

3.2.1 Ontologie, epistemologie en metodologie

Volgens Denzin en Lincoln (2005) bevat 'n paradigma die navorser se epistemologiese, ontologiese en metodologiese aannames. Volgens Terre Blanche en Durrheim (2002) verwys epistemologie na die wyse waarop individue hul wêreld ken, verken en bevraagteken, asook na die aard van kennis en die verwantskap tussen die navorser en die deelnemer aan navorsing. Ontologie verwys na die formulering

van onderliggende en fundamentele vrae rakende die aard van realiteite wat deel van die studie uitmaak, asook moontlike kennis wat in hierdie realiteite opgesluit is (Terre Blanche & Durrheim, 2002). Denzin en Lincoln (2005) beskryf metodologie as die ondersoekproses waardeur die navorser kennis van die wêreld en realiteite bekom en dit is dus die eksplorasieproses wat geïmplementeer word in 'n poging om kennis en begrip te verkry.

Kennis kan as “eties” of “emies” beskryf word. Daar word vervolgens op hierdie twee begrippe gefokus.

3.2.2 Emiese en etiese kennis

Die aard van kulturele kennis (epistemologie) kan met behulp van twee terme gedefinieer word: emies en eties. “Emies” verwys na kennis wat betekenisvol geag word deur lede van die kultuur wat bestudeer word. Hierdie kennis is belangrik in veral kwalitatiewe navorsing aangesien dit empatiese insig met betrekking tot 'n spesifieke kultuur bevorder. “Eties” verwys na kennis wat betekenisvol geag word deur die navorsers wat 'n betrokke kultuur bestudeer. Volgens Lett (2008) is etiese konstruksies presies, logies, omvattend, toetsbaar en onafhanklik van die observeerder, en bevorder dit kruis-kulturele vergelyking. Lett (2008) noem dat beide etiese en emiese kennis bydra tot die insig wat van 'n spesifieke kultuur bekom word en onafhanklik is van die metodologie wat tydens die navorsing gebruik word. In die voorgename studie sal hierdie terme gebruik word om te onderskei tussen die aard van die kennis wat ingesamel is, aangesien die subjektiewe ervaring van die deelnemer se persoonlike kultuur 'n impak op die navorsingsproses kan hê (Lett, 2008).

Die breë teoretiese oriëntasie waartoe hierdie navorsingstudie behoort, is die konstruktivistiese/interpretivistiese paradigma.

Hierdie paradigma word vervolgens bespreek.

3.2.3 Konstruktivistiese/Interpretivistiese paradigma

Volgens Maree en Van der Westhuizen (2009) is navorsers binne die konteks van hierdie paradigma daarvan oortuig dat hulle die ondervindings van die deelnemers deur middel van interaksie beter kan verstaan en probeer hulle dus deurlopend om die afstand tussen die navorser en deelnemers so klein as moontlik te hou (epistemologie). Navorsingsvrae wat met hierdie paradigma verband hou, word

volgens Adams *et al.* (2004) ten beste deur die gebruik van die kwalitatiewe navorsingsmetodologie beantwoord.

Alhoewel die konsepte "konstruktivisties" en "interpretivisties" met mekaar verband hou en aanvullend tot mekaar is, verskil die betekenis en fokus daarvan. Om die verskille en ooreenkomste te illustreer word die genoemde konsepte vervolgens kortliks bespreek.

3.2.3.1 Konstruktivistiese paradigma

Donald, Lazarus en Lolwana (2006) beskou die konstruktivisme as 'n benadering wat kennis as aktief deur individue, groepe en/of gemeenskappe gekonstrueer sien. Individue is volgens hierdie beskouing aktiewe agente wat deur middel van sosiale interaksie binne 'n spesifieke konteks betekenis in hul leefwêreld skep (Maree, 2004). Gekonstrueerde kennis of betekenis handhaaf dus 'n nou verband met sosiale, historiese en kulturele kontekste (Donald *et al.*, 2006).

Die betekenis wat deur sosiale interaksie geskep word, is meervoudig en uiteenlopend. Creswell (2003) is van mening dat hierdie ryk diversiteit van subjektiewe betekenis die navorser dwing om op die kompleksiteit van sienings te fokus eerder as om die betekenis in kategorieë weer te gee (Adams *et al.*, 2004). Navorsing op grond van 'n konstruktivistiese paradigma het volgens Willig (2001) te make met die identifisering van verskeie konstruksies wat binne 'n kultuur beskikbaar is en waarop die realiteit sosiaal gekonstrueer kan word. Dit behels ook die ondersoek na die voorvereistes vir die gebruik van hierdie konstruksies en die implikasies daarvan vir menslike ondervinding en sosiale praktyk. Die klem van die navorsingsproses val op die interaksie tussen individue sowel as op die verskillende kontekste waarbinne interaksie plaasvind. Sodoende word 'n meer omvattende begrip van die historiese en kulturele impak op die interaksie bekom.

Volgende word daar op die interpretivistiese paradigma gefokus.

3.2.3.2 Interpretivistiese paradigma

Aangesien ek sterk op die **interpretivistiese** paradigma ingestel is, verwerp ek die idee van absolute waarheid (*absolute truth*) (Patton & McMahon, 1999). Dus glo ek dat geen navorser die realiteit kan observeer sonder om ten diepste en op 'n subjektiewe en deelnemende wyse by die navorsing betrokke te raak nie. Realiteit kan dus nie objektief bepaal kan word nie, maar word sosiaal gekonstrueer. Die

uniekheid van die spesifieke situasie (konteks) is belangrik om die betekenis wat gekonstrueer word, te verstaan en te interpreteer (Nieuwenhuis, 2007). Ek gaan in my studie fokus op die deelnemer se subjektiewe ervarings, op hoe hy/sy die sosiale wêreld (die skoolkonteks) konstrueer deur betekenis te deel en met ander om te gaan. Deur te probeer uitvind hoe betekenis deur die deelnemer gekonstrueer word, kan ek insig in die gedeelde betekenis verkry en sodoende my begrip van die geheel verbeter.

Die interpretivistiese paradigma word in die onderstaande tabel opgesom.

Tabel 3.1: Samevattende skema van die interpretivistiese paradigma, navorsingstrategieë en data-insamelingstegnieke

| Paradigma | Ontologie | Epistemologie | Data-insameling |
|--------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------|
| Interpretivisties | Realiteit kan verstaan en geïnterpreteer word, maar nie voorspel of beheer word nie. Respondente se interne en subjektiewe ervarings is belangrik. | Kennis word deur observasie en interpretasie verkry. Die navorser is empaties en (inter)-subjektief by die navorsing betrokke. | Interpretiewe navraag: Deelnemer-observasie en onderhoudvoering. |

(Soos aangepas uit Maree & Fernandes, 2003; Maree & Van der Westhuizen, 2009)

In die voorgenome studie gaan die fokus val op die deelnemer se subjektiewe ervarings en die betekenis wat hy/sy individueel binne 'n spesifieke konteks daaraan toeskryf (Adams *et al.*, 2004). Die aard van die studie sal dus interpretivisties wees. Volgens Creswell (2003) is dit belangrik vir die navorser om voortdurend bewus te bly van eie subjektiewe ervarings en betekenis wat hy/sy na die navorsingsproses bring, asook die invloed wat dit op die interpretasie van resultate kan hê.

Aangesien die interpretivistiese paradigma die navorser se denke en perspektief van realiteit en kennis beskryf, rig dit die metodes en strategie waarmee die navorser die navorsingsproses benader (Creswell, 2003).

In die gedeelte wat volg, bespreek ek die navorsingsontwerp wat in die voorgenome studie gebruik gaan word.

3.3 NAVORSINGSONTWERP

Yin (2003) beskryf die navorsingsontwerp as die logika wat die versamelde data met die aanvanklike vrae van die studie verbind. Adams *et al.* (2004) noem dat die keuse van die navorsingsontwerp op die aannames van die navorser, navorsingsvaardighede waaroor die navorser beskik, asook navorsingspraktyke berus. Voorgenoemde beïnvloed volgens Adams *et al.* (2004) die wyse waarop data-insameling toegepas word.

Die beoogde studie is kwalitatief, beskrywend en eksploratief van aard en die navorsingsontwerp neem die vorm van 'n gevalstudie aan. Die eienskappe van die betrokke navorsingsontwerp word vervolgens in meer besonderhede bespreek.

3.3.1 Eienskappe van die navorsingsontwerp

Navorsing het bevind dat dit voordelig is om 'n verskeidenheid navorsingsmetodes te gebruik (Leedy & Ormrod, 2005) ten einde die geldigheid en vertroubaarheid van die studie te verseker.¹⁰ Die navorser gaan eklekties te werk deur verskillende navorsingsmetodes te kombineer in die soeke na oplossings vir die navorsingsprobleem. Volgens Leedy en Ormrod (2005) lei 'n kombinasie van navorsingstipes tot logiese en aanvaarbare antwoorde op die navorsingsvrae. Die verskillende navorsingstipes word vervolgens bespreek.

3.3.1.1 Kwalitatiewe navorsing

Aangesien die metateoretiese paradigma van die interpretivisme en sosiale konstruktivisme gebruik gaan word, word daar beplan om die voorgenome studie kwalitatief uit te voer.

Volgens Golafshani (2003) word kwalitatiewe navorsing gebruik om verskynsels op 'n konteks-spesifieke wyse te ondersoek. Denzin en Lincoln (2005) beklemtoon die waarde wat kwalitatiewe navorsing aan die subjektiewe ervaring van individue heg, asook die betekenis wat deelnemers aan hul ervarings heg en hul interpretasie daarvan. Fouche en Delpont (2002) huldig die mening dat die kwalitatiewe benadering uit die antipositivistiese benadering spruit, idiografies en dus holisties van aard is en daarop fokus om insig te bekom rakende die betekenis wat mense aan hul wêreld heg. Kwalitatiewe navorsers glo dat die realiteit op so 'n wyse deur individue of groepe gekonstrueer word dat sin van hul wêreld gemaak kan word deur betekenis aan spesifieke entiteite soos gebeure, prosesse of voorwerpe te heg

¹⁰ Sien paragraaf 3.8.2.

(Fouche & Delpont, 2002). Hierdie subjektiewe realiteite word verder herorganiseer as standpunte, persepsies en geloofstelsels wat op hul beurt die aksies, denke en emosies van individue rig (McMillan & Schumacher, 2001). Die navorser se aksies, denke en emosies word op dieselfde wyse gerig en binne die proses van kwalitatiewe navorsing word die navorser beskou as 'n navorsingsinstrument (Nieuwenhuis, 2007) wat onlosmaaklik deel van die navorsingsproses is (Denzin & Lincoln, 2005).

Die kwalitatiewe navorsingsontwerp wat in die voorgenome studie gebruik gaan word, is interpretivisties van aard aangesien ondersoek ingestel gaan word na die deelnemer se belewingswêreld asook die subjektiewe betekenis wat hy/sy aan ervarings heg. Daar gaan deurlopend gepoog word om 'n holistiese beeld van die deelnemer te vorm deur sy/haar ervarings, sienings en emosies binne hierdie spesifieke konteks te ondersoek.

3.3.1.2 Beskrywende navorsing

Volgens Creswell (2007) word beskrywende navorsing gebruik om die eienskappe, gedrag, houdings en ervarings van die deelnemer op akkurate wyse in sy/haar unieke konteks te beskryf sonder om onafhanklike veranderlikes te manipuleer. Op hierdie wyse word daar gepoog om 'n geheelbegrip van die deelnemer binne sy/haar spesifieke konteks te verkry. Beskrywende navorsing poog om fenomene omvattend uit te beeld deur 'n narratiewe beskrywing, klassifikasie of die deurgronding daarvan in terme van verhoudings en verwantskappe (Durrheim, 1999). Die navorser gaan poog om die eienskappe, gedrag, houdings en ervarings van die deelnemers op 'n akkurate wyse in hul unieke konteks te beskryf sonder om onafhanklike veranderlikes te manipuleer. Op hierdie wyse word daar beoog om 'n omvattende beeld te verkry van die subjektiewe betekenis wat die adolessent wat hinkel aan die aanpasbaarheidsdimensies heg. Aangesien 'n relatief onbekende navorsingsarea ondersoek gaan word, word beskrywende navorsing in hierdie geval as geskik beskou (Creswell, 2003; McMillan & Schumacher, 2001).

3.3.1.3 Eksploratiewe navorsing

Volgens McMillan en Schumacher (1997) is die doel van eksploratiewe navorsing om 'n verskynsel te ondersoek waarvoor relatief min inligting beskikbaar is. Verdere eksplorاسie word aangemoedig om die verskynsel, asook die toekomstige verfyning en aanpassing van die konsep aan te moedig. Aangesien relatief min navorsing tot op hede gedoen is met betrekking tot die moontlike uitwerking van lewensontwerpberading op 'n adolessent wat hinkel, is daar betreklik min literatuur oor hierdie

verskynsel beskikbaar. Benewens my poging tot die beskrywing van die subjektiewe betekenis wat 'n adolessent wat hinkel aan lewensontwerpberading heg, wil ek ook verdere ondersoek aanmoedig met die oog op die toekomstige verfyning en aanpassing van lewensontwerpberading en veral die moontlikhede wat dit vir 'n hinkelende adolessent in die Suid-Afrikaanse konteks inhou.

Die gevalstudienavorsingsontwerp is 'n spesifieke vorm van kwalitatiewe navorsing. In die volgende gedeelte word die eienskappe van hierdie ontwerp beskryf en redes gegee waarom die voorgenome studie by hierdie ontwerp baat behoort te vind.

3.3.2. Gevalstudienavorsing

Tellis (1997) noem dat gevalstudienavorsing spesifiek aandag gee aan die omvattendheid en volledigheid van waarneming, herkonstruksie en analise van die geval wat bestudeer word. Tydens die voorgenome studie sal die adolessent wat hinkel, manlik of vroulik, as geval dien. Vanweë die unieke aard van gevalstudies kan dit nie maklik geverifieer word nie en behoort elke geval as selektief, persoonlik en subjektief beskou te word (Stake, 2005). Tydens die voorgenome studie sal die teorie van lewensontwerpberading en die moontlikhede daarvan toegepas en "getoets" word binne die konteks van 'n adolessent wat hinkel. Schwandt (2007) noem dat die waarde van data wat deur gevalstudies ingesamel word in die kenmerkende "werklikheidswaarde" daarvan lê.

Die realistiese respons van gevalstudies, sowel as die feit dat dit die oospunt van die deelnemer insluit (Tellis, 1997), is dus vir die doel van hierdie studie gewens. Aangesien die beskrywende en eksploratiewe navorsing binne 'n redelik onbekende navorsingsveld gaan plaasvind, hoop die studie om verdere uitbreiding en hipoteseskepping aangaande die tema aan te moedig – volgens Shuttleworth (2008) juis een van gevalstudienavorsing se bruikbare eienskappe.

3.4 NAVORSINGSGESITUEERDHEID

Die navorsing sal plaasvind by 'n skool in Gauteng, aangesien hierdie vergaderplek vir die deelnemer maklik bereikbaar sal wees.

3.5 NAVORSER SE ROL

Wanneer kwalitatiewe navorsing onderneem word, is die navorser onvermydelik 'n deelnemer aan die

proses en speel sy/haar subjektiwiteit dus 'n belangrike rol (Cohen *et al.*, 2000; Lichtman, 2006). Wat die beplande studie betref, sal my etiese optrede as navorser die studie se kredietwaardigheid bepaal, aangesien ek deurlopend by alle aspekte daarvan betrokke gaan wees. Ek onderneem dus om my rol op so 'n wyse te vertolk (Lichtman, 2006; Terre Blanche & Kelly, 1999) dat die aansien van die studie daardeur verhoog sal word. Ek besef dat ek as navorser te alle tye aan die etiese standaarde, soos uiteengesit in die etiese kode van die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)*, moet voldoen.

Die rol wat ek as navorser in die voorgename studie gaan vertolk, word bondig hieronder saamgevat:

- Ek sal deurlopend etiese kodes eerbiedig¹¹.
- Ek sal ingeligte toestemming van die deelnemer en sy/haar ouers verkry.
- Ek sal die skool, die deelnemer en sy/haar ouers/voogde inlig oor wat tydens die navorsing van hulle verwag gaan word.
- Ek sal verseker dat lokale wat gedurende die studie gebruik gaan word, in 'n bevredigende toestand is.
- Ek gaan semi-gestruktureerde onderhoude met die deelnemer voer.
- Ek gaan 'n warm, empatiese atmosfeer tydens interaksie skep.
- Ek sal die verloop van die navorsing met die deelnemer bespreek om sodoende te verseker dat misverstande uitgeklaar word en die geldigheid van die studie bevorder word.
- Ek sal data op 'n verantwoordelike wyse ontleed en interpreteer.
- Ek sal terugvoer aan die deelnemer en sy/haar ouers/voogde verskaf.
- Soos Cohen *et al.* (2000) aanbeveel, sal ek onthou dat die deelnemer nie nodig het om aan die studie deel te neem nie en dat ek aan 'n manier moet dink om my dank aan die betrokke rolspelers te betoon.

3.6 DATA-INSAMELINGSTEGNIEKE

By gevalstudies – soos in die meeste ander kwalitatiewe studies – word data-insameling en data-ontleding nie as twee aparte prosesse beskou nie, maar as 'n volgehoue, sikliese proses (Lichtman, 2006; Nieuwenhuis, 2007). Gedurende hierdie aaneenlopende proses word data ingesamel, daar word daarvoor gereflekteer, leemtes word geïdentifiseer en aanvullende insamelings word beplan om leemtes aan te spreek. Ter wille van die vereenvoudiging van die data-insamelingsproses word die verskillende stappe vervolgens afsonderlik bespreek.

¹¹ Sien paragraaf 3.9.

3.6.1 Seleksie van deelnemers

Volgens Nieuwenhuis (2007) berus kwalitatiewe navorsing op doelbewuste seleksie. Dit beteken dat die deelnemer gekies word op grond van spesifieke karaktereenskappe wat hom/haar 'n aandeelhouer aan die data maak. Die seleksieproses fokus dus daarop om die rykste moontlike bron van inligting met betrekking tot die navorsingsvrae te verkry.

In hierdie studie word die deelnemer geselekteer op grond van die eienskappe waaroor hy/sy beskik. Vir die doel van die voorgenome studie is dit belangrik dat die deelnemer 'n behoefte aan lewensontwerpberading moet ervaar. 'n Adollesent wat self 'n behoefte aan lewensontwerpberading of beroepsvoorligting geïdentifiseer het en ondersteuning in dié verband van sielkundiges, onderwysers of ander relevante rolspelers aangevra het, sal ten opsigte van moontlike deelname aan die ondersoek genader word. Een deelnemer wat aan my spesifieke, idiosinkratiese seleksiekriteria voldoen, sal daarna vir die deelname aan my studie geselekteer word. Aangesien die individu self die behoefte aan lewensontwerpberading geïdentifiseer het, sal betrokkenheid by die proses bevorder word deur die persoonlike voordeel wat dit vir die deelnemer inhou. Addisionele voorvereistes vir die betrokke studie behels dat die deelnemer moet hakkell en in die ouderdomsgroep 11 tot 21 jaar (adollesent) moet val (Louw, 1996).

Nadat die deelnemer geïdentifiseer en die nodige toestemming van relevante rolspelers verkry is, sal spesifieke kwalitatiewe tegnieke¹² geïmplementeer word om die waarde van lewensontwerpberading vir 'n adollesent wat hakkell beter te kan verstaan.

Die dimensies van aanpasbaarheid as raamwerk vir die studie word vervolgens bespreek.

3.6.2 Die dimensies van aanpasbaarheid as raamwerk vir die studie

Die beplande navorsing behels 'n gevalstudie waartydens die hantering van die aanpassingsbehoefte van die adollesent wat hakkell aan die hand van lewensontwerpberading ondersoek gaan word. Die betrokke adollesent word gekies na aanleiding van spesifieke eienskappe waaroor hy/sy beskik. Vir die doel van die voorgenome studie is die spesifieke eienskappe waaroor die deelnemer moet beskik eerstens dat hy/sy 'n adollesent moet wees en tweedens dat hy/sy moet hakkell. Die dimensies van aanpasbaarheid, soos voorgestel deur Savickas (2005) en Hartung (2007), sal as raamwerk vir die

¹² Sien paragraaf 3.6.3.

betrokke gevalstudie dien. Hierdie dimensies is **beroepsbelang**, **beroepsbeheer**, **beroepsnuuskierigheid** en **beroepselfvertroue**¹³. Die deelnemer sal tydens fokussessies die geleentheid kry om, na aanleiding van 'n lys stellings wat hierdie dimensies verteenwoordig, betekenis te konstrueer en aan die verskillende dimensies van aanpasbaarheid te heg. Hierdie proses, sowel as die betekenis wat gekonstrueer is, sal ondersoek word.

3.6.3 Kwalitatiewe tegnieke

Kwalitatiewe data-insamelingstegnieke wat in die studie gebruik gaan word, word in tabel 3.2 opgesom:

Tabel 3.2: Kwalitatiewe data-insamelingstegnieke en dokumenteringsmodi

| Metode | Bespreking | Dokumenteringsmodi |
|-------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------|
| Waarneming | Die deelnemer sal gedurende interaksie deur die navorser dopgehou word, en laasgenoemde sal dus tydens hierdie waarneming as deelnemer erken word. Op hierdie wyse sal patrone van gedrag binne 'n spesifieke konteks waargeneem word ten einde die aannames, waardes en oortuigings van die deelnemer beter te verstaan (Cohen <i>et al.</i> , 2000). Die navorser se waarneming sal deur middel van veldnotas gedokumenteer word. | Veldnotas |
| Postmoderne tegnieke | Postmoderne tegnieke sal gebruik word om basislyninligting te bekom en die proses van lewensontwerpberading te fasiliteer. Tegnieke wat na gelang van die deelnemer se behoeftes geïmplementeer gaan word, sluit 'n <i>collage</i> , genogram, 'n lewenslyn, leuses, drie anekdotes en 'n aanpasbaarheidsvraelys in. | Oudio-opname en verbatim-transkripsie |
| Psigometrie instrumente | Om 'n volledige beeld van die deelnemer te bekom gaan die <i>Career Interest Profile</i> (Maree, 2010) en die <i>Myers-Briggs Type Indicator</i> (Briggs & Briggs Myers, 1994) toegepas word. | Voltooide vraelyste |

¹³ Vir 'n meer omvattende beskrywing van hierdie dimensies, verwys asseblief na hoofstuk 2.

| | | |
|-----------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------|
| | | |
| Ko-konstruktiewe gesprekvoering ¹⁴ | Ko-konstruktiewe gesprekvoering gaan gebruik word om data in te samel. | Oudio-opname en verbatim-transkripsie |
| Bandopnames | Oudio-opnames sal van alle interaksie gemaak en verbatim getranskribeer word. | Oudio-opname en verbatim-transkripsie |
| Veldnotas | Die navorser sal haar waarnemings noteer en veldnotas maak van al haar interaksie met die deelnemer. | Joernaal |
| Navorsersdagboek/-joernaal | Alle idees, gedagtes en ondervindings met betrekking tot die navorsingsproses, asook refleksie oor die navorser se eie vermoëns as navorser, sal in 'n joernaal aangeteken word. | Joernaal |

Data-insamelingstegnieke wat in die studie geïmplementeer gaan word, word vervolgens afsonderlik bespreek.

3.6.4 Data-insamelingstegnieke

3.6.4.1 Collage

'n Collage is 'n visuele storievertelling. Die deelnemer kan enige kombinasie van prente, materiaal, foto's, geskrewe woorde of simbole gebruik om 'n voorstelling te maak. Hierdie collage word 'n konkrete uitbeelding van sy/haar lewe en dit word bespreek om betekenisvolle temas en patrone te identifiseer (Fritz & Beekman, 2007).

3.6.4.2 Genogram

Hierdie tegniek behels 'n beskrywing van elke lid van die deelnemer se oorspronklike gesin, asook 'n skematiese voorstelling van hoe hulle met mekaar verbind word. Hy/sy sal gevra word om sy/haar rol in die gesin te bespreek en kernwaardes van die gesin te identifiseer.

¹⁴ Die term "ko-konstruktiewe gesprekvoering" is in die voorgenome studie gebruik om die dinamiese proses voor te stel waar beide die navorser en deelnemer aktief by die skep van kennis betrokke is.

3.6.4.3 Lewenslyn

’n Lewenslyn bied die geleentheid aan die navorser en deelnemer om in die lewensverhaal van die deelnemer betrokke te raak, en om temas en patrone te onthul en te identifiseer wat as ’n basis vir die voorkeurverhaal gebruik kan word (Fritz & Beekman, 2007). Die deelnemer sal gevra word om mylpale in sy/haar lewe te identifiseer en dit chronologies as positief of negatief voor te stel.

3.6.4.4 Drie anekdotes

Hierdie tegniek vereis van die deelnemer om drie van sy/haar vroeë herinneringe te vertel. Die tegniek onthul die ooreenkomste tussen die kliënt se storie en sy/haar dilemma (Fritz & Beekman, 2007).

3.6.4.5 Leuses

Hierdie tegniek is soortgelyk as die vorige, aangesien die deelnemer versoek sal word om drie van sy/haar gunstelingleuses te noem. Dit verskaf weereens die geleentheid om temas en patrone te onthul en te identifiseer.

3.6.4.6 Aanpasbaarheidsvraelys (Savickas, 2009)

Die aanpasbaarheidsvraelys wat tydens die studie gebruik sal word, is ’n kwalitatiewe instrument wat spesifiek fokus op die dimensies van aanpasbaarheid, soos in hoofstuk 2 bespreek.

3.6.4.7 Myers-Briggs Type Indicator (Briggs & Briggs Myers, 1994)

Aangesien ek nie in die toepassing van die *MBTI* (Briggs & Briggs Myers, 1994) opgelei is nie, het my studieleier onderneem om hierdie vraelys na te sien en die interpretasie daarvan skriftelik aan my te besorg.

3.6.4.8 Career Interest Profile (Maree, 2010)

Die *Career Interest Profile (CIP)* (Maree, 2010) verskaf inligting rakende aspekte van persone se beroepsvoorkeure. Die klem val nie op die bruikbaarheid van die resultate nie, maar op die kliënt se oogpunt en interpretasie van gebeure. Gesprekvoering op grond van die *CIP* het insig verskaf in die

redes waarom Dawid 'n spesifieke beroepsprofiel toon.

Die ontleding van data tydens kwalitatiewe navorsing het volgens De Vos (2005) die uiteindelijke doel om betekenis te skep. Daar word dus vervolgens op dataontleding gefokus.

3.7 DATAONTLEDING

De Vos (2005) noem dat kwalitatiewe dataontleding 'n deurlopende proses is waarbinne die insameling, verwerking, ontleding en vertolking van data verweef is en nie noodwendig liniêr verloop nie. Dit is dus dikwels noodsaaklik om die oorspronklike veldnotas te herondersoek en gevolgtrekkings te verifieer of om addisionele inligting van deelnemers te verkry in 'n poging om subjektiewe betekenis beter te begryp. Deur 'n proses van induktiewe ontleding word prominente temas ontbloot. Volgens Nieuwenhuis (2007) bevorder induktiewe dataontleding die ryk en diep beskrywing wat in hierdie tipe studie verlang word.

Creswell (2003) stel die volgende gevalstudie-benadering tot dataontleding voor om die inligting op 'n betekenisvolle wyse te organiseer en te interpreteer:

- Organisering van data: 'n Raamwerk word ontwerp waarvolgens patrone in die deelnemers se response geïdentifiseer kan word.
- Lees en maak van aantekeninge: Alle inligting word deurlopend gelees en deur kantaantekeninge met voorlopige kodes aangevul.
- Beskrywing: Die geval word volledig binne die spesifieke konteks beskryf.
- Klassifisering: Kategorieëse onderverdeling word gebruik om temas en patrone te identifiseer en sodoende in kategorieë te plaas.

Interpretasie: Triangulasie en kristallasie word gebruik om die navorser se bevindings te verifieer. Volgens Neuman (1997) is geen waarneming of interpretasie volkome herhaalbaar nie en behels triangulasie die gebruik van verskillende data-insamelingstegnieke¹⁵ om betekenis te verhelder deur die identifisering van die verskillende maniere waarop gevalle gesien word (Denzin & Lincoln, 2005). Kristallasie beklemtoon die subjektiewe en veranderende aard van realiteit. Die ontwikkelende realiteit aangaande 'n spesifieke fenomeen word beklemtoon en daar word nie slegs gefokus op die meetbare, presiese aspekte in 'n studie wat verifieerbaar is nie (Nieuwenhuis, 2007). In die voorgenome studie sal ek poog om deur data-insameling en ontleding bepaalde patrone te identifiseer. Op hierdie wyse word gekristalliseerde bevindings vanuit die data verkry. Triangulasie en kristallasie sal

¹⁵ Sien paragraaf 3.6.3.

aanvullend gebruik word om 'n dieper begrip van die verskynsel te verkry en die geldigheid en vertroubaarheid van die studie te bevorder.

Die akkurate insameling van data sal verseker word deur die gebruik van bandopnames en *verbatim* transkripsie. Misverstande gedurende die data-insamelingsproses kan op hierdie manier beperk word.

Ten einde te verseker dat die data op 'n akkurate wyse ingesamel en ontleed word, moet daar aan spesifieke kwaliteitsversekeringskriteria voldoen word.

Hierdie kriteria word vervolgens bespreek.

3.8 KWALITEITSVERSEKERINGSKRITERIA

Kwaliteitsversekering is volgens De Vos (2005) 'n essensiële element van kwalitatiewe studies. Geloofwaardigheid en vertroubaarheid beïnvloed volgens Lincoln en Guba (in De Vos, 2005) die gehalte van 'n kwalitatiewe studie. Die betrokke konstrakte word vervolgens bespreek.

3.8.1 Geloofwaardigheid

Volgens Stake (2005) word die konsep "geloofwaardigheid" gebruik om tydens kwalitatiewe navorsing na die egtheid van navorsingsresultate te verwys. Die geloofwaardigheid van 'n kwalitatiewe studie word bevorder deur 'n ryk beskrywing wat die kompleksiteit van veranderlikes en verwantskappe beklemtoon (De Vos, 2005). McMillan en Schumacher (2001) stel verskeie strategieë voor wat so 'n ryk beskrywing moontlik maak. Ek som hierdie strategieë in Tabel 3.3 op.

Tabel 3.3: Strategieë om die geloofwaardigheid van 'n kwalitatiewe studie te verhoog

| Strategie | Toepassing tydens my studie |
|----------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Uitgebreide veldwerk | Ek sal die data oor die verloop van ses afsonderlike sessies insamel. Ek sal van deelnemerterugvoer gebruik maak om my bevindings met die deelnemer se realiteite te vergelyk. |
| Multimetodestrategie | Ek sal op verskillende datainsamelingstegnieke steun. |
| <i>Verbatim</i> verslaglewering van response | Ek sal die semigestruktureerde onderhoude opneem en <i>verbatim</i> transkribeer. |
| Detail-terugverwysende verduidelikings | Ek sal gedetailleerde verduidelikings van die verloop van die sessies verskaf. |
| Veelvoudige navorsers | Ek sal primêr as navorser optree, maar sal my data-insameling en - |

| | |
|-------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| | ontleding voortdurend met my studieleier bespreek. |
| Meganiese data-insameling | Ek sal van bandopnames gebruik maak. |
| Deelnemeropvolging | Ek sal gedurende die navorsingsproses deurlopend informeel met die deelnemer skakel om sy/haar reaksie of situasies meer akkuraat te probeer begryp. |
| Deelnemerterugvoer | Ek sal misverstande en onduidelike konsepte met die deelnemer uitklaar voordat ek die data interpreteer. |
| Verslaglewering met betrekking tot weersprekende data | Ek sal terugvoer insluit oor negatiewe en weersprekende resultate wat moontlik op teenstrydige patrone in die data-insameling dui. ¹⁶ |

(McMillan & Schumacher, 2001)

3.8.1.1 Triangulasie

Triangulasie is 'n strategie wat geïmplementeer word om die geldigheid en vertroubaarheid van navorsing asook die evaluasie van bevindings te bevorder. Dit verwys na die insameling van data op verskeie maniere en uit soveel bronne as moontlik (Golafshani, 2003; Stake, 2005). Aangesien geen observasie of interpretasie volkome herhaalbaar is nie, is die doel van triangulasie (benewens voorgenoemde) om betekenis te verhelder deur die identifisering van die verskillende uiteenlopende wyses waarop gevalle gesien word (Stake, 2005). Cohen *et al.* (2000) beskryf die volgende ses vorms van triangulasie:

- Tyd-triangulasie (stabiliteit van data met verloop van tyd en/of die ooreenstemming van data wat op dieselfde tyd ingesamel is).
- Ruimte-triangulasie (insameling van data in verskillende situasies).
- Gekombineerde vlakke van triangulasie (bv. individueel, groep, organisasie, gemeenskap).
- Teoretiese triangulasie (die gebruik van verskillende teorieë om een stel data te interpreteer).
- Onderzoeker-triangulasie (betrek meer as een navorser in die proses).
- Metodologiese triangulasie (implementeer dieselfde metode herhaaldelik gedurende verskillende sessies óf gebruik verskillende metodes met dieselfde deelnemer).

Volgens Payne en Payne (2004) word die geloofwaardigheid van die data bevorder namate meer vorms van triangulasie gedurende data-insameling en -analise geïmplementeer word. In die beoogde studie sal ek van metodologiese en onderzoeker-triangulasie gebruik maak. Ek sal dus verskillende tegnieke (observasie, ko-konstruktiewe gesprekvoering, postmoderne tegnieke, veldnotas en joernale)

¹⁶ Sien hoofstuk 4.

implementeer om data in te samel en te verifieer. Data uit hierdie bronne sal afsonderlik deur 'n eksterne kodeerder gekodeer word en herhalende temas sal dan geïdentifiseer word. Hierbenewens sal ek gedurende die proses van data-insameling en ontleding alle resultate voortdurend met my studieleier bespreek.

3.8.1.2 Kristallisatie

In 'n poging om die geloofwaardigheid van my studie te verhoog, sal ek die proses van kristallisatie implementeer deur data met behulp van verskeie metodes in te samel. Kristallisatie beklemtoon die veranderende, subjektiewe aard van realiteit en is volgens Niewenhuis (2007) 'n beter lens as triangulasie waardeur komponente tydens kwalitatiewe navorsing beskou kan word. Die ontwikkelende realiteit aangaande 'n bepaalde verskynsel word deur kristallisatie beklemtoon aangesien die fokus nie slegs op die meetbare, presiese aspekte van 'n studie val nie (Niewenhuis, 2007). Kristallisatie stel die navorser in staat om op die kompleksiteit van 'n verskynsel te fokus deur verskillende invalshoeke te reflekteer. Ek sal in hierdie studie poog om 'n meer komplekse en dieper begrip van die verskynsel te verkry deur patrone te identifiseer wat deur die proses van dataopname en ontleding sigbaar word.

3.8.2 Vertroubaarheid

Die konsep "vertroubaarheid" verwys by kwalitatiewe navorsing na die mate waarin lesers van 'n bepaalde studie van die hoë gehalte en waarde van die betrokke navorsing oortuig kan wees (Lincoln & Guba, in Johnson & Turner, 2003). Ten einde as vertroubaar beskou te kan word, moet 'n kwalitatiewe studie aan die volgende kriteria voldoen:

3.8.2.1 Egtheid of geloofwaardigheid

Wanneer deelnemers se belewenisse, asook beskrywings en interpretasies vanuit hul omgewing akkuraat gerapporteer word, kan so 'n studie volgens Terre Blanche, Durrheim en Painter (2006) as geloofwaardig beskou word. Dus is vertroubaarheid 'n aanduiding van die mate waarin die leser oortuig kan wees dat die bevindings van die studie akkuraat deur die navorser weergegee is. Tydens hierdie studie sal ek poog om die bevindings so volledig moontlik weer te gee en waar moontlik te omskryf. Verder sal ek poog om inligting akkuraat te rapporteer en gedetailleerde beskrywings van die navorsingsproses insluit. Ten einde vertroubaarheid met egtheid aan te vul, sal ek die inligting wat ek bekom het met die deelnemer uitklaar (Babbie & Mouton, 2001; Merriam, 1998; Pitney, 2004).

3.8.2.2 Oordraagbaarheid

Oordraagbaarheid verwys na die mate waarin die resultate van 'n studie na ander kontekste oorgedra kan word en by ander groepe sal geld (Lichtman, 2006; Patton, 2002; Seale, Gobo, Gubrium & Silverman, 2004). Weens die kompleksiteit en subjektiwiteit van kwalitatiewe navorsing is De Vos (2005) van mening dat die oordraagbaarheid van resultate tydens hierdie navorsing problematies kan wees. Die fokus val egter tydens kwalitatiewe navorsing nie op die toepaslikheid van bevindings nie, maar eerder op dieptebeskrywings en diepgaande insig. 'n Moontlike oordrag na en vergelyking met ander soortgelyke kontekste word sodoende vir die leser van 'n studie moontlik. Ek sal verder poog om die kompleksiteit van inligting so getrou en toepaslik moontlik te beskryf (eerder as om te veralgemeen) om sodoende aan die kriterium van oordraagbaarheid te voldoen.

3.8.2.3 Bevestigbaarheid/Neutraliteit

Golafshani (2003) stel voor dat die konsep "bevestigbaarheid" wat by kwalitatiewe navorsing gebruik word, die konsep "objektiwiteit" wat in die kwantitatiewe tradisie gebruik word as kwaliteitsversekeringskriterium vervang. Bevestigbaarheid behels volgens Babbie en Mouton (2001) dat bevindings nie op die vooroordele en aannames van die navorser gebaseer word nie, maar dat dit getrou die resultate en fokus van die studie reflekteer. Indien 'n studie as bevestigbaar beskou word, impliseer dit dat soortgelyke bevindings verwag kan word indien die navorsing weer binne dieselfde konteks, onder dieselfde omstandighede en met dieselfde deelnemers uitgevoer sou word (Bouwer, 2007). Kwalitatiewe navorsing impliseer egter meervoudige realiteite en bevestigbaarheid kan om hierdie rede nie as 'n voorvereiste dien nie. Dit vereis eerder dat die navorser tydens die studie deurgaans bewus bly van sy/haar aannames en vooroordele ten opsigte van (in die geval van hierdie studie) adolessent wat hikkel. Om aan die kriterium van bevestigbaarheid/neutraliteit te voldoen sal ek die invloed van vooropgestelde idees ten opsigte van die navorsing probeer beperk deur in 'n navorsersdagboek te reflekteer, gedetailleerde beskrywings te verskaf en die navorsing, asook my eie idees, met my studieleier te bespreek.

3.8.2.4 Outentiekheid

Data kan volgens Cohen *et al.* (2000) en Krefling (1991) op 'n gebalanseerde wyse gerapporteer word deur onder andere 'n outentieke benadering te volg en dit wat onbekend was, bekend te maak. Nuwe kennis, wat uit data voortvloei, behoort dan uiteraard weer tot nuwe navorsingsaksies aanleiding te gee (Bouwer, 2007). Ek sal tydens my navorsing fokus op 'n navorsingsverskynsel ten opsigte waarvan beperkte navorsingsresultate tans beskikbaar is en waaroor tot op hede min gerapporteer is.

Vervolgens verskaf ek 'n bondige opsomming van die stappe wat geneem sal word om geldigheid en vertroubaarheid te bevorder.

3.8.3 Geldigheid en vertroubaarheid

McMillan en Schumacher (2001) beskryf die geldigheid van 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp as die mate waarin interpretasies en konsepte dieselfde betekenis vir beide navorser en deelnemer inhou. Vertroubaarheid verwys weer na die manier waarop die navorser in staat is om toehoorders te oortuig dat die studie waardevol en die navorsing van 'n hoë gehalte is, asook dat die resultate 'n akkurate weerspieëling van die werklikheid is (McMillan & Schumacher, 2001). Aangesien die twee aspekte so nou verwant is, kan daar volgens Nieuwenhuis (2007) geen geldigheid sonder vertroubaarheid bestaan nie en is die aanspraak van geldigheid dikwels voldoende om die vertroubaarheid van 'n studie te bevestig.

Die volgende strategieë sal toegepas word om die geldigheid en dus ook die vertroubaarheid van die voorgenome studie te bevorder:

- Triangulasie gaan in beide data-insameling en dataontleding toegepas word deur van verskillende metodes gebruik te maak.
- Die interaksie sal verbatim opgeneem en getranskribeer word.
- Verduidelikings en situasies sal in fyn besonderhede genoteer word en ek sal daarteen waak om voortydige gevolgtrekkings te maak.
- Ek sal die beskrywende data wat ingesamel word met my toesighouer/studieleier bespreek.
- 'n Bandopnemer sal gebruik word om die interaksie op te neem en so die akkuraatheid van data te bevorder.
- My gewaarwordings en aannames sal in 'n refleksiejoernaal genoteer word om bevindings deurlopend te toets en op hierdie wyse te verseker dat die response van die deelnemer

akkuraat begryp word.

- Die akkuraatheid van my insig en begrip sal voortdurend op 'n informele wyse met die deelnemer bevestig word.
- Misverstande sal met die deelnemer uitgeklaar word voordat die data geïnterpreteer word.
- Terugvoer sal aan die deelnemer verskaf word rakende enige negatiewe of diskrepante data wat op teenstrydige patrone in die data-insameling dui.

3.9 ETIESE OORWEGINGS

Etiese oorwegings is uiters belangrik wanneer navorsing onderneem word. Die navorser sal die volgende etiese voorskrifte (Strydom, 2005) tydens die verloop van die voorgenome studie handhaaf:

- Ek sal my volle identiteit en agtergrond aan die deelnemer bekend maak en ten alle tye eerlik met hom/haar wees.
- By aanvang van die proses sal ek die doel en prosedure van die navorsingsproses volledig aan die deelnemer en sy/haar ouers/voogde verduidelik.
- Ek sal ingeligte toestemming van die relevante partye (Departement Opvoedkundige Sielkunde (UP), die deelnemer en sy/haar ouers/voogde) verkry en alle ooreenkomste nakom wat hierop betrekking het.
- Ek sal die deelnemer teen enige fisieke en/of geestelike ongemak en gevaar beskerm.
- Ek sal enige kontroversiële bevindings antisipeer en, indien nodig, met sensitiwiteit hanteer.
- Ek sal aanvaar dat die deelnemer die reg en vryheid het om deelname te weier of om in enige stadium van die navorsing te onttrek.
- Ek sal alle moontlike voorsorgmaatreëls tref om onakkurate interpretasie van data te beperk. Ek onderneem om die resultate van die navorsing aan die deelnemer en sy/haar ouers/voogde bekend te maak.

3.10 BEPERKINGS VAN DIE STUDIE

Aangesien net een gevalstudie ondersoek word, is die omvang van die studie uiters beperk. Veralgemening word bemoeilik aangesien hierdie geval nie as verteenwoordigend van 'n populasie gesien kan word nie. Daar sal deurgaans gepoog word om die geldigheid en vertroubaarheid van die bevindings te bevorder. Die subjektiwiteit wat 'n gevalstudie kenmerk, lei daartoe dat die resultate nie geverifieer of met ander vergelyk kan word nie. Bevindings word dus as selektief, persoonlik en subjektief beskryf. Volgens Cohen *et al.* (2000) neig gevalstudies na waarnemer-vooroordeel en hulle

beklemtoon dus die groot omsigtigheid waarmee resultate hanteer moet word.

3.11 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk het ek die navorsingsproses bespreek wat in die voorgenome studie gevolg gaan word. Eerstens het ek die interpretivistiese/konstruktivistiese paradigma waarop die studie berus, beskryf en daarna die navorsingsontwerp. Dit is gevolg deur 'n bespreking van die proses van data-insameling en dataontleding, waarna ek op kwaliteitsversekeringskriteria gefokus het. Ter afsluiting het ek die etiese maatreëls uiteengesit waaraan die studie moet voldoen. Hierna, in hoofstuk 4, word die resultate van die studie bespreek.

HOOFSTUK 4

BESPREKING VAN RESULTATE

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die aanpassingsbehoefte van 'n adolessent wat hinkel ondersoek. Ek begin deur 'n kort opsomming te gee van die dataontledingsmetodes wat in hierdie studie geïmplementeer is, waarna die deelnemer se agtergrondinligting bespreek word. Hierna word die prosedure wat gevolg is kortliks genoem en die betekenisvolle hoof- en subtemas geanaliseer en bespreek. Ek sluit af met 'n samevatting van die betrokke hoofstuk.

4.2 METODE VAN DATAONTLEDING

Die dataontledingsmetodes¹⁷ wat in hierdie studie geïmplementeer is, word in die onderstaande tabel opgesom.

Tabel 4.1: Metode van dataontleding: Praktiese implementering gebaseer op Creswell (2003) se benadering

| Stappe | Beskrywing |
|---------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Stap 1 | Ek het die data vir analise voorberei deur rou data te organiseer en opnames te transkribeer. |
| Stap 2 | Ek het verskeie kere deur al die data gelees en aantekeninge gemaak om sodoende vertrouwd te raak met die inligting en 'n geheelbeeld te verkry. |
| Stap 3 | Ek het die data in besonderhede ontleed deur eenhede vir ontledingsdoeleindes te selekteer en in betekenisvolle kategorieë in te deel. Ek het my laat lei deur kategorieë wat ek in relevante literatuur gevind het. |
| Stap 4 | Ek het die inligting in hoof- en subtemas georganiseer op grond van die temas wat die meeste voorgekom het, asook dié wat ek as die belangrikste beskou het (McMillan & Schumacher, 2001). Ek het gedurende hierdie stap van 'n eksterne kodeerder ¹⁸ (sien Bylae G) gebruik gemaak om kategorieë te verifieer. |
| Stap 5 | Ek het die verloop van elke stadium bespreek en die betekenisvolle hoof- en subtemas wat in |

¹⁷Sien hoofstuk 3 vir 'n gedetailleerde bespreking.

¹⁸Me. Z. Pollard het as eksterne kodeerder opgetree. Sy is 'n gekwalifiseerde Opvoedkundige Sielkundige met wye ervaring van kwalitatiewe dataontleding.

| | |
|---------------|------------------------------------------------------------|
| | elke sessie geïdentifiseer is, beskryf. |
| Stap 6 | Ek het die data geïnterpreteer en betekenis daaraan gegee. |

(Soos aangepas uit Creswell, 2003)

Tydens die dataontleding van die onderhawige studie het ek 'n patroon- (*template*) styl van ontleding gebruik. 'n Patroonstyl van ontleding verwys volgens McMillan en Schumacher (2001) na die logiese toepassing van kategorieë op die data. Hierdie kategorieë of klassifikasies word gereeld tydens dataontleding hersien. Die aanvanklike stel kategorieë word uit navorsingsvrae, temas of relevante kategorieë in die literatuur verkry en mag soms nie tot in die finale analise behoue bly nie.

Ten einde die geldigheid en vertroubaarheid van my studie te bevorder, het ek gedurende data-insameling en dataontleding die riglyne gevolg wat deur McMillan en Schumacher (2001) voorgestel word¹⁹.

Relevante agtergrondinligting van die deelnemer word vervolgens bespreek.

4.3 DEELNEMER SE AGTERGRONDINLIGTING

Die deelnemer (hierna "Dawid"²⁰ genoem) is 'n 15-jarige, blanke, Afrikaanssprekende seun. Hy is tans 'n graad 9-leerder in 'n Gautengse skool. Volgens Dawid het hy nog nooit 'n graad herhaal nie.

Dawid se ouers is albei onderwysers en aan dieselfde skool verbonde. Sy vader gee Rekeningkunde en Besigheidstudies terwyl sy moeder Afrikaans aanbied. Beide Dawid en sy jonger broer is by hul ouers woonagtig.

Dawid moet aan die einde van graad 9 sy vakkeuses vir graad 10 maak. Hy het aangedui dat hy belangrike beroeps- en vakkeusebesluite moet neem en 'n behoefte ervaar om sy gedagtes rondom sy toekomsdeale en ander verbandhoudende kwessies met 'n professionele persoon te bespreek. Dawid hikkel reeds vanaf 'n vroeë ouderdom en sukkel veral met die uitspreek van woorde wat met 'n 'b' of 'p' begin of waarvan die tweede letter 'n 'r' is. Dawid stel dit so: **'Baie keer as ek moet hard praat of lees, dan (dan) begin ek erg te hikkel. Maar kyk soos Tannie en ek nou praat, sag en goed, dan hikkel ek nie regtig so baie nie. Ek voel ook meer gemaklik(er) om voor my maats te praat, maar voor 'n**

¹⁹ Verwys na tabel 3.1.

²⁰ Skuilname is gebruik om die identiteit van die deelnemer te beskerm.

onbekende groep mense ... dit maak jou nogal op jou senuwees. Dit laat my nogal baie hikkel.’ Dawid het aan die seleksiekriteria van my studie voldoen en is as ’n potensiële deelnemer geïdentifiseer. Ek het die doel en omvang van my studie met Dawid bespreek, waarna hy ingestem het om aan die navorsingsprojek deel te neem. Dawid is van mening dat lewensontwerpberading hom met sy voornemende beroeps- en vakkeuses kan help en **‘dit is vir my baie positief om hierdie te doen, want ek het meer geleer oor myself en wie ek is’.**

4.4 PROSEDURE

Dawid het ingeligte toestemming verleen dat alle sessies opgeneem en getranskribeer kan word. In totaal is ses sessies van ongeveer ’n uur elk en ’n opvolggesprek onderneem. Stadia 1, 2 en 3 het elk twee sessies behels en stadia 4 en 5 elk een sessie. Selfrefleksie is gedurende elke sessie gefasiliteer.

4.5 TEMAS WAT NA AANLEIDING VAN DIE DATAONTLEDING NA VORE GETREE HET

Die kern- of sentrale tema van hierdie navorsing handel oor die aanpasbaarheidsbehoefte van ’n adolessent wat hikkel – meer spesifiek oor die hantering van hierdie behoeftes vanuit ’n lewensontwerpberadingsperspektief. Alhoewel hierdie tema nie op sigself bespreek word nie, hou die temas wat geïdentifiseer word hiermee verband en sal hulle gebruik word om die kerntema uit te brei.

Die patroonstyl van dataontleding wat gebruik is, maak staat op voorafbepaalde temas wat in hierdie geval vanuit relevante literatuur verkry is (Savickas, 2005; 2003; 1995; 1994; Hartung, 2007; Watson & Stead, 2006; Campbell & Unger, 2004). Die voorafbepaalde temas wat in die onderhawige studie geïmplementeer is, is die vier dimensies van aanpasbaarheid, naamlik belang, beheer, nuuskierigheid en selfvertroue²¹. Ek het deurgaans voorkeur gegee aan die dimensies van aanpasbaarheid en relevante subtemas, maar aangesien die dimensies van aanpasbaarheid verweef en vloeibaar van aard is, kon sekere data-eenhede onder meer as een tema ontleed word. Beide temas is in die ontleding van die transkripsies aangedui.

Die temas en subtemas wat geïdentifiseer is, word in figure 4.2 en 4.3 weergegee.

²¹ Sien hoofstuk 2 vir ’n gedetailleerde beskrywing.

Tabel 4.2: Geïdentifiseerde temas gebaseer op relevante literatuur

| Tema geïdentifiseer | Bron van data²² |
|------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Hooftema: Belang | |
| Belang by beroepstoeikoms | <i>Collage</i> Leuses <i>Career Interest Profile</i> (Maree, 2010) Drie anekdotes Genogram Aanpasbaarheidsvraelys (Savickas, 2009) |
| Positiewe ingesteldheid ten opsigte van die toekoms | Leuses Lewenslyn Aanpasbaarheidsvraelys (Savickas, 2009) |
| Antisipasie/aaneenlopendheid van gebeure | <i>MBTI</i> (Briggs & Myers Briggs, 1994) Lewenslyn Aanpasbaarheidsvraelys (Savickas, 2009) Genogram |
| Optimisme/hoop | <i>Collage</i> Leuses Drie anekdotes Lewenslyn |
| Planmatigheid | Leuses <i>Career Interest Profile</i> (Maree, 2010) <i>Collage</i> Genogram Aanpasbaarheidsvraelys (Savickas, 2009) |
| Hooftema: Beheer | |
| Onafhanklikheid | Drie anekdotes |
| Deursettingsvermoë | Aanpasbaarheidsvraelys (Savickas, 2009) |
| Interpersoonlike outonomieit | Leuses Aanpasbaarheidsvraelys (Savickas, 2009) Drie anekdotes Lewenslyn Genogram |
| Intrapersoonlike wilskrag | Lewenslyn Genogram |

²² Sien hoofstuk 3 vir 'n bespreking van die tegnieke.



| | |
|--------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| | <i>Career Interest Profile</i> (Maree, 2010) |
| Sterk waardestelsel | <i>Collage</i> Genogram Aanpasbaarheidsvraelys (Savickas, 2009) <i>Career Interest Profile</i> (Maree, 2010) |
| Verantwoordelikheid vir/eienaarskap van toekoms | Leuses Lewenslyn Genogram |
| Hooftema: Nuuskierigheid | |
| Selfkennis | <i>Collage</i> <i>Career Interest Profile</i> (Maree, 2010) Aanpasbaarheidsvraelys (Savickas, 2009) Drie anekdotes Lewenslyn Genogram |
| Oop houding jeens nuwe ondervindings | <i>MBTI</i> (Briggs & Myers Briggs, 1994) Drie anekdotes Genogram <i>Career Interest Profile</i> (Maree, 2010) |
| Hooftema: Selfvertroue | |
| Probleemoplossingsvaardighede | Aanpasbaarheidsvraelys (Savickas, 2009) <i>Career Interest Profile</i> (Maree, 2010) <i>Collage</i> Lewenslyn Drie anekdotes |
| Selfaanvaarding | Lewenslyn <i>Collage</i> Genogram <i>Career Interest Profile</i> (Maree, 2010) |
| Selfwaarde | Lewenslyn Aanpasbaarheidsvraelys (Savickas, 2009) Drie anekdotes Genogram <i>Career Interest Profile</i> (Maree, 2010) |
| Verwagting van sukses | <i>Career Interest Profile</i> (Maree, 2010) Aanpasbaarheidsvraelys (Savickas, 2009) Drie anekdotes |

Verskeie addisionele temas het ook tydens dataontleding aan die lig gekom.

Tabel 4.3: Addisionele temas

| Tema geïdentifiseer | Bron van data |
|-------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Hooftema: Hanteringsmeganismes | |
| Ontkenning/vermydingsgedrag | Drie anekdotes Aanpasbaarheidsvraelys (Savickas, 2009) |
| Hooftema: Interpersoonlike verhoudingsdinamiek | |
| Behoefte aan erkenning | <i>Collage</i> Drie anekdotes Lewenslyn |
| Behoefte aan aanvaarding | Lewenslyn Drie anekdotes <i>Career Interest Profile</i> (Maree, 2010) |
| Behoefte aan ondersteuning | <i>Collage</i> |
| Behoefte om te behoort | Lewenslyn Drie anekdotes |
| Isolasie/eensaamheid | <i>Collage</i> Aanpasbaarheidsvraelys (Savickas, 2009) |
| Ondersteuning | Lewenslyn Aanpasbaarheidsvraelys (Savickas, 2009) <i>Career Interest Profile</i> (Maree, 2010) |
| Goeie mensekennis | Aanpasbaarheidsvraelys (Savickas, 2009) <i>Career Interest Profile</i> (Maree, 2010) |
| Hooftema: Pynlike verlede | |
| Ondervinding van mislukking | <i>MBTI</i> (Briggs & Myers Briggs, 1994) <i>Career Interest Profile</i> (Maree, 2010) Drie anekdotes Lewenslyn Genogram |

Die temas wat in hierdie studie geïdentifiseer is, volgens die stadia van die lewensontwerpberadingsproses bespreek. Die onderskeid wat tussen stadia getref word, is bloot ter wille van gerief en om verwysing en lees te vergemaklik. Dit is vanselfsprekend onmoontlik om 'n lang, ononderbroke transkripsie van alles wat gesê is, hier te verskaf. Deur die bespreking eerder volgens die stadia as die individuele sessies in te deel, poog ek egter om die interafhanklikheid van die temas te

erken en die sentrale tema (die hantering van hierdie behoeftes vanuit 'n lewensontwerpberadingsperspektief) aan te spreek.

Die stadia waarvolgens die temas bespreek gaan word, is die volgende: die konstruksie van 'n werksverbintenis; kartering en verkenning van die sisteem van subjektiewe identiteitsvorme; opening van perspektiewe; ontdekking en herskryf, herorganisering en hersiening van stories; die plasing van die probleem in die nuwe storie en nuwe perspektief; die spesifikasie en seleksie van aktiwiteite wat kwessies rakende identiteit ondersoek en, ten slotte, 'n opvolggesprek.

Die stadia van die lewensontwerpberadingsproses word vervolgens bespreek.

4.6 BEWYSLEWERING EN BESPREKING VAN DIE WYSE WAAROP TEMAS WAT NA AANLEIDING VAN DIE DATAONTLEDING TYDENS DIE STADIA VAN DIE LEWENSONTWERPBERADINGSPROSES NA VORE GETREE HET

4.6.1 Stadium 1: Vestiging van 'n werksverbintenis

4.6.1.1 Die argitek van sy eie lewe

Gedurende die eerste stadium (konstruksie van 'n werksverbintenis) is gepoog om duidelikheid te kry oor Dawid se unieke uitdagings. Hy stel dit so: **'watter beroepe daar vir my is'** en **'Tannie, soos ek het gedink dat Tannie my soos bietjie meer kan wys watter beroepe daar vir my is'** en **'So Tannie kan dalk meer vir my sê in watter tipe beroepe ek moet ingaan en watter verkieslik nie'**. Lewensontwerpberading stel dit ten doel om vir Dawid die verstaan en hantering van sy unieke konteks te fasiliteer (Savickas, Nota, Rossier, Dauwalder, Duarte, Guichard, Soresi, Van Esbroeck & Van Vianen, 2009). Daar is onder meer aan hom verduidelik dat hy alleen die argitek van sy lewe is (Campbell & Ungar, 2004a), maar dat die berader saam met hom sou werk om 'n toekoms te ko-konstrueer en 'n lewe te ontwerp. Met ander woorde, die idee van die ko-konstruksie van 'n werksverbintenis is gevestig en verduidelik (Savickas, 2005). Dawid neem weldra eienaarskap van die proses deur te sê: **'Ek beseft dat ek die expert op my eie lewe is'** en **'Ek het nou begin agterkom dat as ek iets wil doen, kan ek'**.

Daar word tydens hierdie werksverbintenis gepoog om effektiewe strategieë vir probleemoplossing, aksiebeplanning en algemene lewensontwerp te ontwikkel (Savickas *et al.*, 2009). Verder is die berader nie vir enige besluit verantwoordelik nie, maar slegs om 'n bewuswording by die kliënt te fasiliteer

(Duarte, 2010). Hierdie bewusmaking sluit die identifisering in van die uitdagings wat die kliënt in die belangrikste konteks of kontekste in die gesig staar (Duarte, 2010).

Die belangrikste kontekste van Dawid se unieke uitdagings word vervolgens bespreek.

4.6.1.2 Mees prominente kontekste

Volgens Duarte (2010) is dit die berader se taak om saam met die kliënt die unieke uitdagings in sy/haar belangrikste kontekste te identifiseer. Dawid staar verskeie uitdagings in die gesig. Die mees prominente hiervan, volgens Dawid, is die feit dat hy hakkell: **‘dit is meestal soos met die gesels maar somtyds dan is dit nie so maklik nie dan moet ek maar die woord uitspreek’**. Hierdie uitdaging oorkoepel Dawid se twee belangrikste kontekste: sy skoolloopbaan (**‘Baie keer as ek moet hard praat of lees dan, jis Tannie, dan begin ek erg te hakkell’**) en sy gesinslewe (**‘Kyk my ouers beteken vir my nogal baie en jy leer maar om van jouself afhanklik te wees.’**)

i *Skoolkonteks*

Dawid is ’n goeie akademiese presteerder in die skool en handhaaf tans ’n gemiddeld van 76%. Dawid hou nie daarvan om te lees nie en stel dit so: **‘Ek is nie lief vir lees nie en kyk Tannie van kleins af het ek gesukkel met lees en moes ek op ’n stadium hier onder is ’n Tina Cowley leessentrum en ek moes op ’n stadium soontoe gaan. Ek was in Gr. 5 en toe het ek die leesvaardighede van iemand in Gr.2. Ek stel nie baie belang daarin om te lees nie. Elkeen het maar dit waarin hy goed is.’** Ten spyte hiervan presteer Dawid goed in die skool en dit is duidelik dat hy suksesvolle studiemetodes gebruik om hom te help om te presteer. Hierbenewens beskik hy ook oor interpersoonlike wilskrag aangesien hy homself motiveer om te presteer. Hy verduidelik dat sy lekkerste vak tans Biologie is en beskryf dit so: **‘Dit is baie leerwerk maar kyk ek sukkel nie daarmee nie en dit maak dit vir my nice. Dit is vir my interessant en dan is dit vir my maklik om dit te leer. Ek onthou dit maklik. En kyk altyd as ek leer maak ek rympies en dit help my ook om te leer en ek weet as dit ’n moeilike vak is, sal ek maar sit en opsommings maak en te leer om goed te doen.’**

Dit word duidelik dat Dawid al telke male in die skoolkonteks moes bewys dat hy werd is om soos ander behandel te word en beskryf dit so: **‘Om te wys dat almal nie altyd moet dink hulle is beter as jy nie, ek wil mense wys hier is ander kinders wat net soos jy is.’** Dawid geniet sport wat hy in die skoolkonteks kan beoefen en moes op ’n vroeë ouderdom leer om homself tussen ander op sportgebied te handhaaf:

‘Kyk ons is mos in hierdie distrik en toe het ons mos ’n hokkie-span ook uit dit uit gekies en toe is ek ook vir daardie span gekies. Daar is ’n 0/12-hokkiespan en ek was 11 jaar oud toe is ek vir hulle gekies. Ek was so ’n jaar jonger en dit het vir my ook nogal baie beteken. Die eerste oefening sal ek nooit kan vergeet nie, want kyk almal is ouer as jy en jy’s daar ’n jaar jonger en almal is maar net ‘hoekom is hy hierso?’. Dit was toe baie lekker ons het mekaar beter leer ken en so bietjie maar net geoefen en ek het **seker maar vir hulle gewys dat ja dit is hoekom ek hier is**. In die begin het almal jou eers so half skeef aangekyk en na die tyd het almal vir jou gesê ‘hey, sien jou weer Dinsdag’ of *whenever* jy nou geoefen het. **En die oues het nogal van my gehou en besef ek’s nodig, ek moet daar wees.**’ ‘Dit wys dat die ouer kinders nie altyd beter is as die jonger kinders is nie en dit het gewys dat ek in staat is om goeie hokkie te speel en toe ek dit kry, net soos hulle gesigsuitdrukking die eerste oefening, ek het lekker gekry, kyk ek was die enigste jongste ene daar onder hulle, ja **toe wys ek maar net vir hulle ek is hier met ’n doel.**’ Dawid beskryf sy uitdaging om homself op sportgebied te laat geld mooi wanneer hy sê ‘**ek is maar kleiner as die ander ouens en daar leer jy om nie te skrik vir ’n uitdaging nie en om nie die ander oor jou te laat loop nie**’.

Dit is ook op sportgebied binne die skoolkonteks waar Dawid een van sy grootste teleurstellings beleef het. ‘Dit was in 2007, ek het nie die distrik-hokkiespan gekry nie, **was in die hospitaal in daardie stadium, my blindederms moes uitgehaal word en ek was maar ’n bietjie siek**. En toe moes ek maar die hokkie opgee. Kyk, Tannie, jy speel eers saam met jou skool se span en dan kies hulle jou daaruit. En toe moes ek die *game* mis waar hulle my kon kies. En toe was ek klaar ’n bietjie siek. **Ek was nie heeltmal gekies vir dit nie, maar ek sou gegaan het om te gaan speel het, as ek gesond was**. Tannie, ek was maar bietjie hartseer, want die D8 het nogal baie vir my beteken en ek het ook **maar geleer om dit agter die rug te sit en te weet volgende jaar speel ons om daar te kom en gelukkig het ek dit gekry.**’

Dawid vind dit moeilik om homself as individu in die skoolkonteks te bewys, omdat hy voel dat hy eerder geken word vir die feit dat albei sy ouers onderwysers by dieselfde skool is. Hy beskryf dit so: ‘**En kyk Tannie dit maak my ook nogal baie kwaad, omdat almal dink ek is afhanklik van my ouers by die skool en ek gaan net na hulle toe en sulke goed**. Ek verwag nie soos behandeling omdat my ouers nou daar werk en almal moet nice wees met my nie. Kyk ek sal graag soos ’n doodgewone skoolkind behandel wil word en nie geken word as daar loop Juf. Schoeman²³ se seun of hy is Juf. Schoeman se seun nie. **OK almal doen dit nou en ek het dit al gewoond geraak, maar die dat hulle sê jy kan maak wat jy wil, maak my nogal kwaad, Tannie, want dit is maar net ek doen dit nie omdat my ouers daar werk nie.**’

²³ Skuilname is gebruik om die identiteit van die deelnemer, sy ouers, onderwysers, asook vriende te beskerm.

Dawid se sterk waardestelsel stel hom in staat om sy eie outonomieit binne die skoolkonteks te behou. Hy beskryf dit so: **‘Veral vandag se kinders sal baie vinnig soos hulle het nie maniere nie en sal in die klas sommer skree. Daar moet eerder respek wees vir die onderwysers wees en dit beteken ook baie vir my. Ek is in die skool om te leer en nie om te kyk waar kan ek moeilikheid maak nie. Baie kinders is windgat en hulle dink die wêreld behoort aan hulle – dit is iets waarvoor ek nie tyd het nie.’** Hy skroom nie om hom uit te spreek oor dit wat hy dink is reg en om daarvoor op te staan nie: **‘In elke skool is daar mos maar die drinkers en rokers, ek hou nie van hulle nie en ek bly maar weg daar. En dit is hoekom ek, kyk van hulle is dalk goeie mense maar omdat hulle dit doen, onttrek ek my van hulle.’** Dawid glo: **‘doen die regte ding, nie die gewilde ding nie’**. Hy heg groot waarde aan sy vriende **‘my vriende is vir my belangrik’**, probeer om sy vriende versigtig te kies en sien sy een vriend as een van sy rolmodelle. **‘Christo hy is ’n baie goeie vriend, altyd daar vir jou, hy hou ook nie van om die verkeerde ding te doen nie, sal die regte ding doen, reguit, eerlik, sal nie iets vir jou wegsteek nie, as iets gebeur sal hy met jou kom praat daaroor.’**

Dawid word gesien as ’n leier in die skoolkonteks. Hy is in graad 7 aangewys as Onderhoofseun en Sportseun van die Jaar. Dawid skryf baie van sy suksesse toe aan deurstellingsvermoë en beskryf dit as **‘my mislukkings en hoe ek dit omgedraai het in sukses en wat ek daaruit geleer het’**. Dit is duidelik dat Dawid uitdagings in die skoolkonteks ervaar en dit aktief in suksesse verander.

Dawid se familiekonteks word vervolgens bespreek.

ii *Familiekonteks*

Dawid is deel van ’n warm, ondersteunende familie. Hy praat met groot bewondering en respek van sy ouers: **‘Ek is baie dankbaar vir die ma en pa wat ek het. Hulle beteken ook vir my baie en wat hulle alles vir my doen en dit beteken ook baie vir my. My pa help my baie met die rugby en die krieket en goed. En my ma was meer oor die hokkie, so sy, my ma, het ook daar gehelp so dit het my ook maar beter gemaak.’** Dawid sien sy ma en pa as rolmodelle: **‘Sover is my pa my rolmodel en ek kyk op na hom; hy is ook ’n man van baie orde en dinge moet reg wees en maniere en regverdigheid’** en **‘sy luister altyd en sy help ook baie met probleme en goed en sy is ook baie oor dissipline en goed’**. Dawid heg groot waarde aan sy ouers se ondersteuning en die sterk waardestelsel waarin hy grootgeword het. Dit is die spreekwoordelike ankers en vleuels.

Dawid het 'n goeie verhouding met sy oupa aan sy ma se kant en beskryf dit so: **'My oupa. Hy's ook 'n baie groot inspirasie vir my (my ma se pa), my pa se pa is dood. Hy's ook soos baie erg oor my en my boetie en hy leer my ook baie dinge soos bestuur en hy's die een wat die wêreld vol getoer het; hy's ook baie slim en hy leer my ook baie van dinge wat ek kan word en ons gesels baie. Ek en my oupa is nogal baie close.'** Dit is duidelik dat Dawid betekenisvolle ander persone in sy lewe het wat 'n betekenisvolle rol in sy lewe speel: **'My ma se boetie, eintlik altwee. Kyk Tannie die een is 'n sielkundige en kyk Tannie hy doen baie goed en hy sukkel ook nie finansiëel nie, hy het baie geld en my ma se ander boetie hy sit in China en hy gee skool daarso – ook nie bang vir 'n uitdaging nie' en 'My ma'le sê ook ek het baie sy (die sielkundige) geaardheid soos die manier van hoe ons aantrek en hulle sê ook dat ek lyk baie soos hy en ek hou ook nogal baie van sy styl en hoe hy dinge doen. Hy's 'n baie ... hy sal jou help en is daar vir jou en altyd ordentlik en nog nooit lelik met my nie - hy's baie nice. Ek sal ook graag eendag oorseë wil gaan om daar te gaan werk soos vir 'n maand of so.'**

Alhoewel Dawid se ouers albei onderwysers is, is dit nie 'n beroep wat hy oorweeg nie en hy stel dit so: **'My Pa is 'n onderwyser. Maar dit is nie wat ek wil word nie,'** en **'Ek hou nie daarvan baie om met kinders of tieners te werk nie, kyk soos skool gee of mense te wil leer is nie regtig my ding nie. Ek sal graag eerder met mense van my eie ouderdom te doen wil hê.'**

Dawid weet dat sy ouers hom aanvaar soos hy is en sien hulle as 'n plek van veiligheid vir hom waar hy sy emosies kan deel en verwerk. Hy beskryf dit so: **'Ek is ook nie van daai persone wat die mense om jou wil ontstel nie, so ek sal dit maar eerder wegsteek en met iemand gesels wat ek weet dit sal, somtyds wil ek nie hê almal moet daarvan weet nie en dan sal ek eerder met een persoon daaroor gesels. Gewoonlik my ma, sy verstaan meer hoe dit is. My pa sal meer vir my sê ja dit is maar hoe dit is, maar my ma sal vir my sê doen dit.'** Dit was ook Dawid se ouers wat hom perspektief gegee het toe hy in die hospitaal was en nie vir die distrik se hokkiespan gekies kon word nie: **'Met hierdie mislukking het ek nie hieroor gesels nie, want toe ek in die hospitaal was, het my ma-le vir my gesê dis OK volgende jaar gaan jy, dan gaan speel jy. So ek het nie regtig sleg gevoel daaroor nie, ek het meer uitgesien na die volgende jaar om te speel, om gesond te wees en dan te gaan speel.'**

Die verheldering van Dawid se rolle as deel van die werksverbinde word vervolgens bespreek.

4.6.1.3 Verheldering van rolle

Dit is Duarte (2010) se opinie dat die berader moet poog om die kliënt se verskillende rolle te verhelder tydens die vestiging van hierdie werksverbinde. Dawid vervul verskeie rolle in die skoolkonteks. Een van sy suksesverhale beskryf sy rol as leier: **‘En toe is dit nou die verkiesing van die hoofleiers en toe ons so op die verhoog staan met die verkiesing ... ek sal dit nooit vergeet toe ek so afgestaan en kyk het nie en toe al die kinders so vir my gekyk het nie en toe word ek Onderhoofseun.’** Dawid besef dat ander kinders na hom opkyk as ’n leier: **‘Tannie, kyk die kinders kyk op na jou toe as jy dit word en om tussen al daai leiers so uit te staan en te wys dat jy’s bietjie sterker as hulle met leiding neem en goed. Dit is nogal, nogal, dit vat nogal aan jou, maar op ’n goeie manier. Dit is iets wat altyd by jou sal bly want dit is, ek bedoel, nie enige iemand kan ’n leier word nie en toe ek as onderhoofseun gekies is, is dit iets wat baie vir my beteken het. Dit sê dat ek half op ’n sterk manier kan leiding neem. En dat ek vir die mense kan wys dat ek ’n goeie leier is.’**

Dawid se rol as sportpresteerder word duidelik wanneer hy sê **‘Ek het in die begin van gr. 8, het ek in die 0.14B-rugbyspan gespeel en toe later het ek op die *bench* gesit vir die A-span en toe later het ek vir hulle begin speel. Kyk, Tannie, dit het ook my selfvertroue opgebring en die B-span was lekker, maar die A-span is waar almal maar wil speel. Die B-span rugby is lekker en om aktief te bly, maar om A-span te speel, jy word beter, daar is meer oefening, speel meer as ’n eenheid saam’.** As sportpresteerder toon Dawid dat hy ’n behoefte het aan erkenning en sê: **‘... as al die mense so vir jou kom kyk, laat dit jou meer belangrik voel. By die B-span *games* het niemand vir jou kom kyk nie, daar staan een ou se ma en as jy so A-span speel en jy hardloop so uit die tonneltjie uit en almal skree so vir jou. Jis, Tannie, dis nie iets wat jy eintlik kan beskryf nie, maar dis baie lekker. En jy voel ook beter en jy voel hoor hier jy het iets bereik wat jy kan doen en dit is nogal lekker.’** Dawid noem dat hy aangewys is as Sportseun van die Jaar in graad 7.

Die tweede stadium van die lewensontwerpberadingsproses, naamlik kartering en verkenning van die sisteem van subjektiewe identiteitsvorme, word volgende bespreek.

4.6.2 Stadium 2: Kartering en verkenning van die sisteem van subjektiewe identiteitsbeelde

Gedurende hierdie stadium word die sisteem van Dawid se subjektiewe identiteite ondersoek in ’n poging om sy identiteitsbeeld van homself in verskillende kontekste te analiseer (Guichard, 2009). Sodoende word ’n verband gevestig tussen sy ondervindings (verlede en huidige), toekomsverwagtings

en sy pogings om sy eie identiteit te vestig en sy potensiaal te realiseer. Volgens Guichard (2009) is 'n identiteitsbeeld 'n vasgestelde wyse waarop 'n persoon hom-/haarself en ander in 'n spesifieke konteks sien. Hierdie definisie word gebruik om vas te stel hoe Dawid sy vorige ondervindings beskryf, hoe hy homself tans sien en wat sy verwagtings vir die toekoms is. Sy verbeeldingryke denke en ondersoek van moontlike selwe word deurentyd aangemoedig (Oyserman, Bybee & Terry, 2006).

4.6.2.1 Vorige ondervindings

Volgens Gasper (1999) is 'n individu se kennis en identiteit die produk van sosiale en kognitiewe prosesse wat in die konteks van interaksies tussen persone en groepe, sowel as onderlinge interaksies plaasvind. Een van die unieke uitdagings wat Dawid telkens noem, is sy isolasie en ondervindings van eensaamheid. Hierdie uitdaging kom voor in die skoolkonteks. Oor sy ondervindings by die skool sê Dawid **'want toe voel dit of almal teen my is'**. Hierdie gevoel van isolasie gaan verder wanneer Dawid mense se oordeel beleef: **'As jy maar nie huiswerk gedoen het nie en die onderwyser gaan nogal, want kyk Tannie, veral omdat albei my ouers by die skool werk sal hulle vir jou sê jy dink omdat jou ouers by die skool werk hoef jy dit nie te doen nie. Baie keer dan sal die kinders by die skool ook, want soos bv. my Pa rig nou die 0/14A af en as ek dit kry, dan is dit mos - ja sy Pa rig dit mos af en daarom het hy dit gekry'**. Dawid steek sy gevoelens weg wanneer hy in die skoolkonteks is, wat tot die tema van isolasie/eensaamheid bydra. **'Gewoonlik dan sal ek by my vriende die woede en goed wegsteek en 'n glimlag opsit.'** Dawid gebruik wel probleemoplossingsvaardighede om die voorgenoemde te hanteer (soos bespreek in paragraaf iii onder 4.6.3.1).

Dawid sê ook van sy vorige ondervindings: **'Ek kon sien dat dit wat ek uit die verlede gedoen het wat my sterkpunte is soos leierskap en dat ek goeie hokkie speel.'** Sy sportervarings het hom gehelp om ook belangrike lewenslesse te leer: **'Ons het maar geleer as dit 'n bul is, vat jy hom maar laag en laat jy hom maar val.'** Dawid het ervaar dat hy moet werk vir dit wat hy wil bereik en dat hy deursettingsvermoë het, **'Ja, Tannie, in die begin van die rugbyseisoen is jy bietjie skrikkerig, bietjie out of shape, maar dan kom jy reg'** en **'maar jy gaan sit maar en druk maar deur en jy moet dit maar net doen'**. Een van Dawid se treffende stories handel oor sy eerste ervaring om 'n fiets te ry en beklemtoon sy pa se ondersteunende rol in sy lewe **'Ek het so 'n swart motorfiets gehad waarmee ek geskop het en my pa het so by my gestaan en ek het heeltyd so in die rondte gery en geskop. Toe my pa my leer fietsry het ... en toe het hy my vaseghou en later gelos en toe het ek op my eie gery.'**

Vervolgens word Dawid se huidige identiteitsbeeld bespreek.

4.6.2.2 Huidige identiteitsbeeld

Dawid se huidige identiteitsbeeld weerspieël sy omstandighede en wentel om sy vermoë om sy mislukkings (uitdagings) in suksesse te verander en hy het **‘maar self geleer regkom’**. Wanneer hy oor sy toekoms as leier en sportpresteerder praat, noem hy **‘dat ek ook half bietjie meer leiding het as van die ander kinders en dat ek ook meer leiding kan neem in meer moeiliker situasies’**. **‘Veral omdat ek soos in sport en goed goed gedoen het en wat ek al alles in die laerskool bereik het, het dit my laat besef dat ek tot dit in staat is en dit kan doen – dit het my selfvertroue baie opgebou.’** Hierdie siening van homself as iemand wat moeilike omstandighede kan hanteer, is deur sy vorige ondervindings van verwerping, eensaamheid en ’n vyandige omgewing gevorm (Savickas *et al.*, 2009).

Die identiteitsbeeld as iemand wat daarna streef om sy uitdagings in suksesse te verander, word versterk deur Dawid se gunstelingleuse: **‘There isn’t such a thing as failure – only earlier attempts at success’**. Tydens sy omskrywing van die leuse koppel Dawid sy strewe na die uitstyg bo sy omstandighede aan hoop en optimisme, **‘het my nogal baie laat dink soos wat ek al gedoen het en tot waar ek al gekom het. En dit het nogal baie soos ek het gesien dat ek baie kan doen’** en **‘Ek glo alles wat jy doen moet jy voluit doen’**. Deur voorgenoemde woorde gee Dawid self ’n aanduiding dat hierdie hoop en optimisme aan ’n werklike toekoms of planmatige ingesteldheid gekoppel is. Hy besef dat hy verantwoordelik is vir sy eie lewe en suksesse, **‘om die heelyd te sit en sulk oor iets is nie regtig wat ek wil doen nie, ek sal eerder ’n manier kry om aan te gaan met die lewe’**.

Dawid se toekomsverwagtings word volgende bespreek.

4.6.2.3 Toekomsverwagtings

Dawid se verwagtings word deur sy agtergrond omraam en gevorm. Hy koester hoë verwagtings ten opsigte van die volgende:

- Homself – **‘Ek glo dat ek ’n bright toekoms het’** en **‘Ek sien nogal baie uit na die toekoms eendag en ek glo dat ek dalk suksesvol sal wees’**.
- Finansiële en sosiale sukses – **‘Kyk ek verwag nie eendag dat ek miljoene rande moet kry nie, kyk, ek sal baie daarvan hou. Maar kyk dit is nogal belangrik dat as ek eendag ’n gesin het, ek goed vir hulle sal kan sorg’** en **‘Geld is vir my nogal belangrik en soos die mense moet darem weet dat ek ’n goeie werk doen en dan wil ek ook darem suksesvol wees en goed doen en my besigheid moet**

goed wees' en **'Dit is ook iets waaroor ek baie bekommerd is eendag, ek wil ook werk maar ek wil ook steeds vriende hê**'.

- Erkenning – **'Mense wat vir jou kyk, jy voel of jy meer waardeer word**' en **'Dit is belangrik vir my wat mense van my dink en ek wil hulle nie teleurstel nie**'.

Omdat Dawid uit vorige ondervindings geleer het dat hy goed vaar in leierskapposities, stel hy 'n werksomgewing voor wat deur hom bestuur word. **'Dis iets wat ek wil doen, eie besigheid'** en **'Ek sal met die werkers in my besigheid kan praat'** en **'As mense vir my kom werk moet hulle al 'n sekere mate van kennis hê en kyk ek sal hulle nog steeds 'n bietjie leer'** en **'Ek hou nogal, kyk as daar een ding is wat ek graag wil doen, is dit om met my hande te werk, nie in kantoor sit nie, wil my eie besigheid begin'**.

Dawid wil homself graag as 'n Elektroniese Ingenieur bekwaam en stel dit so: **'Ek stel nogal baie belang in elektroniese goed; ek sou nogal graag Elektroniese Ingenieur wou word'** en **'Elektroniese Ingenieur. Enige beroep wat lekker dinkwerk vereis en waar jy met jou hande kan werk. Die grootste ding wat ek wil doen, is maar om met my hande te werk. Dit is die eintlike ding wat ek wil doen. Ek wil nie met mense werk nie soos bv. 'n dokter nie. Ek wil eerder goed bou of regmaak of aanmeekaarsit'**. Hy toon ook belangstelling in professionele deelname aan sport as 'n loopbaan: **'Ek hou ook baie van sport, sport is die ding vir my waarna ek die meeste uitsien'**, maar voeg by **'ek sal ook dalk saam met dit iets doen soos om 'n klein besigheid te hê wat dalk soos, kyk my een vriend se pa het ook dit gespeel en hy het 'n sticker-maatskappy oopgemaak en nou dat hy klaar is, nou hou dit hom besig en dit is nog steeds goeie geld wat hy inkry'**. Dawid oorweeg ook die volgende: **'As ek nie Ingenieurswese kan doen nie, sal ek ook graag 'n Ontwerper soos 'n Argitek of 'n ding wil word, want kyk die vak wat ek die graagste volgende jaar wil vat, is Tegniese Tekene en Siviele Tegnologie'**.

Soos bespreek in 4.6.1.2 (ii) is Dawid se rolmodelle sy pa en sy ma. Hy het egter ook 'n groot bewondering vir die Blou-Bul-agtsteman en rugbyspeler, Pierre Spies, wie se invloed op die span hy bewonder (**'oor watter invloed hy op die span was en dat hy 'n goeie invloed op die span was en dat hy eintlik net soos goeie goed beteken en alles. Sy verhouding met die Here is ook goed en ek glo ook dat Hy jou die krag gee in alles om te doen wat jy moet doen.'**).

Vervolgens word die derde stadium van die lewensontwerpberadingsproses bespreek.

4.6.3 Stadium 3: Opening van perspektiewe, ontdekking en herskryf, herorganisering en hersiening van stories

Gedurende stadium 3 is Dawid se lewensverhaal, gebaseer op die inligting wat gedurende stadia 1 en 2 bekom is, herhaal en herskryf. Dawid is realisties oor die begin van 'n eie besigheid wanneer hy sê, **'self klein begin en stelselmatig uitbrei en groter word. Met ingenieurswese eers mense na aan my wil kry en hulle goed regmaak en dan later verder kyk en dalk nou adverteer en werkers kry, sal later boekwerk doen, wil betrokke wees met bou en werk'**. Dawid se sterkpunte is geïdentifiseer en sy swakpunte is as potensiële sterkpunte gesien.

Dawid se belangrikste sterkpunte wat geïdentifiseer is, word hieronder bespreek.

4.6.3.1 Sterkpunte

Gedurende die verloop van ons sessies saam kon relevante sterkpunte vanuit 'n aanpasbaarheidsperspektief geïdentifiseer word.

i *Selfkennis*

Dawid verskaf voortdurend bewyse van selfkennis. Hierdie stellings wissel van eenvoudig (**'Ek is ook so ek is nie rerig 'n persoon wat stilsit nie'** en **'Ek hou ook daarvan dat alles op sy plek is, ek is baie dit is daar en dit is daar. Alles soos bv. my boeke se kante kyk na dieselfde kant toe en my pennesakkie moet voor in my tas kom. Ek hou nie van deurmekaar nie. Dan weet ek dat alles is op sy plek en ek weet half waar alles is'**) tot redelik diepgaande kennis rakende sy emosionele funksionering (**'dit is maar net jy's kwaad en jy's bang jy haal dit op iemand uit en dan sal die kleinste dingetjie jou dalk 'n bietjie kwaad maak soos jy kry dalk nie dit reg nie dit frustreer my baie'** en **'Ek weet wanneer om 'n fight aan te pak en wanneer om dit te los terwille van die groep se welstand'**). Dawid het ook tydens die sessies selfkennis geopenbaar oor woorde waarmee hy moontlik mag sukkel – **'die DVD se naam is 'Met nuwe um...' Ek gaan nou hinkel met die woord. Kan ek dit net hier vir Tannie neerskryf?'** Daarna skryf hy die woord 'Passie' op die papier.

Dawid toon die vermoë om gebeure te antisipeer. Hierdie sterkpunt word volgende bespreek.

ii *Antisipasie/aaneenlopendheid van gebeure*

Dawid oorweeg die opsie om in graad 10 na 'n Tegniese Skool te gaan. **'En kyk, Tannie, die Elektroniese Ingenieur sal miskien beteken dat ek na 'n tegniese skool toe moet gaan.** Kyk volgende jaar kies jy mos vakke en ek sal eerder nou na 'n tegniese skool toe gaan sodat ek op universiteit al kennis het oor **die veld**'. Dit is 'n belangrike besluit in sy lewe en hy oorweeg dit deur na die positiewe en negatiewe eienskappe van 'n tegniese skool te kyk. **'n Rede waarom ek nie na die tegniese skool toe sal gaan nie, kyk Tannie die vriende wat ek nou het, is nice** en meestal die tegniese skool kyk daar sit die manne vas en **vuishoue swaai.** Ek hou nie daarvan nie. Ek sal eerder in die skool wil bly waar ek is en kyk Tannie **die tegniese skole in hierdie area is nie van die warmste tegniese skole nie.** Ek sal dalk na 'n **koshuis toe moet gaan en dit is nie iets wat ek sal wil doen nie.** Kyk my ouers beteken vir my nogal baie en jy leer maar om van jouself afhanklik te wees. En dit is maar net nie iets wat ek sal wil doen nie. My vriende is vir my belangrik en as jy daar rugby speel, sal my ouers nooit kan kom kyk nie'.

Dawid gebruik antisipasie van gebeure om sy teleurstelling te verwerk toe hy in die hospitaal was en nie vir die Distrik se hokkiespan gekies kon word nie: **'Ek was nie heeltemal gekies vir dit nie maar ek sou gegaan het om te gaan speel het, as ek gesond was'** en **'te weet volgende jaar speel ons om daar te kom'**. Dawid se antisipasie van gebeure was korrek, **'So en toe in daai jaar het my hokkie ook baie opgetel en ek het beter begin hokkie speel'** en **'gelukkig het ek dit gekry'**.

'n Volgende sterkpunt wat deur dieselfde gebeure geopenbaar word, naamlik probleemoplossingsvaardighede, word vervolgens bespreek.

iii *Probleemoplossingsvaardighede*

Dawid maak gebruik van probleemoplossingsvaardighede om hom te help wanneer hy hinkel in die skool: **'gewoonlik sal ek dan vinnig 'n ander woord uitdink al is dit 'n meer gevorderde woord of ek sal soos baie keer my wange so styftrek net om die klank uit te kan kry'**. Hy gebruik ook sy goeie menseverhoudings om hom te help om minder te hinkel: **'Ek voel ook meer gemakliker om voor my maats te praat, maar voor 'n onbekende groep mense dit maak jou nogal op jou senuwees'**. Dawid weet dat dit nodig is om mense te vertrou voordat hy minder kan hinkel: **'Ek sal met die werkers in my besigheid kan praat soos as ek hulle beter leer ken en ek weet hulle het vertrou in my en ek kan hulle sommer vertrou.'** Dawid sal ook 'n woord wat hy sukkel om uit te spreek uitskryf om die kommunikasie gemaklik en duidelik te hou.

Dawid gebruik probleemoplossingsvaardighede om sy emosionele funksionering te beheer **‘Dan kanaliseer ek eerder hierdie frustrasies in sport in as wat jy dit op iemand uithaal wat dit nie verdien nie’** en **‘So dan sal ek, kyk die woede is nog steeds binne my maar ek sal dit maar wegsteek en nog steeds saam met hulle kuier en dit geniet maar dit sal nog steeds binne my bly, so later sal ek maar ’n manier kry om dit uit te kry, soos bv. oefen’**. Hy erken ook die waarde daarvan om sy emosies met iemand te bespreek **‘dan sal ek eerder met een persoon daaroor gesels - gewoonlik my ma’**.

Dawid gebruik nederigheid as ’n probleemoplossingsvaardigheid – **‘Dit is maar soos, hoe sê hulle, om jou trots te sluk en om aan te gaan’**.

Vervolgens word Dawid se swakpunte bespreek.

4.6.3.2 Swakpunte

Dawid identifiseer die volgende swakpunt **‘partykeer is ek bietjie lui om huiswerk te doen’**. Dawid erken ook **‘Ek dink nog nie baie aan my toekoms nie en ek vat dit maar soos dit kom’** en hy kan dus meer betrokke raak by die ontwerp van sy toekoms.

Aangesien die tema van isolasie en eensaamheid sterk in die sessies met Dawid na vore gekom het, mag dit wees dat hierdie swakpunt aan Dawid se konteks gekoppel kan word, en tot ’n mindere mate selfgekose is. Om ’n vorm van normaliteit te vestig sodat sommige van die reeds genoemde opsies ondersoek kan word, is dit nodig dat hierdie swakpunt of gevoelens en ondervindings van eensaamheid aangespreek word en volgens Savickas *et al.* (2009) kan mense se **selfkonsepte** verander word deur **nuwe ondervindings** te beleef en ook deur **ander waar te neem**. Die konteks van Dawid se interaksies moet wyer gemaak word om hom die geleentheid te bied om gevoelens van isolasie en eensaamheid aan te spreek. Tydens lewensontwerpberading neem Dawid aan aktiwiteite deel wat betekenis vorm en hom aanmoedig om ’n nuwe siening van homself te bou (Duarte, 2010).

Stadium 4 van die lewensontwerpberadingsproses word volgende bespreek.

4.6.4 Stadium 4: Die plasing van die probleem in die nuwe storie en nuwe perspektief

Gedurende hierdie stadium herinterpreteer Dawid sy toekomsverwagtings en moontlike uitkomst (Duarte, 2010) en glo hy dat hy **“n bright toekoms het’**. Die herinterpretasie van sy situasie bied aan

Dawid 'n opwindende nuwe perspektief en wending in sy storie: die herbevestiging van sy vermoë om sy uitdagings in suksesse te laat realiseer – **‘Ek het nou begin agterkom dat as ek iets wil doen, kan ek’** en **‘dat ek in staat is om iets te doen eerder as om dit maar net te los’**.

Dawid besluit om sy gevoelens van isolasie en eensaamheid aan te spreek deur sy emosionele beleving vir sy maats op 'n sosiaal aanvaarbare manier deursigtig te maak. Hy het dit soos volg hanteer: **‘maar toe later het ons dinge uitgepraat’** en **‘my vriend was een keer kwaad vir my en hy was lank kwaad vir my en toe het ek dit maar eers bietjie gelos en gewag dat hy eers afkoel en toe het ek met hom gaan praat. Dit het goed uitgewerk.’**

Dawid se passiewe lewensontwerp word 'n verskuilde sterkpunt en hy besluit om meer beheer oor sy toekomskeuses te neem: **‘Die beroepsleiding help my baie, veral as ek nou mooi seker is van wat ek kan word en wil word, dan sal ek nou meer na my besluite begin kyk sodat ek die regte besluite kan neem.’**

Tydens die toepassing van die aanpasbaarheidsvraelys word Dawid gevra om deur middel van 'n metafoor (’n krieketspeler) ’n groot verandering in sy lewe te beskryf. Dawid beskryf dat sy doelwit binne sy bereik is en bevestig sy vermoë om die uitdagings wat hy in die lewe ervaar tot suksesse te omskep **‘Dit is soos om te bat. Jy oefen hard en dan face jy maar die balle wat die lewe na jou toe gooi. Jy gaan dalk een mis of uitgevang word. Maar dis daai keer wat jy die ses slaan wat dit alles die moeite werd maak’**.

Die vyfde stadium van die lewensontwerpberadingsproses word volgende bespreek.

4.6.5 Stadium 5: Die spesifikasie en seleksie van aktiwiteite wat kwessies rakende identiteit ondersoek

Gedurende hierdie stadium het Dawid en die navorser op maniere besluit om die voorgestelde gekonstrueerde lewensontwerp te aktualiseer. Hierdie ontwerp sluit onder meer in om Dawid se betrokkenheid by die maak van 'n beroepskeuse te verskerp. Hy neem voor om met werksanalise te begin en sodoende meer bewus te raak van die moontlikhede wat in die beroepswêreld is. Hy besef ook dat hy realistiese opvoedkundige en beroepskeuses vroegtydig moet kan oorweeg; moontlike lewenskeuses moet kan antisipeer, en daaraan moet werk om meer volhardend en geduldig te word, om beheer van sy toekoms te neem en verskeie beroepsalternatiewe te oorweeg. Hy spreek ook die

begeerte uit om met allerlei persone oor die weg te kom en saam met ander aan groepsprojekte deel te neem. Die aanvanklike doelwitte word weer bekyk en algemene selfrefleksie word gefasiliteer.

Spesifieke aktiwiteite waarop Dawid en ek ooreengekom het, sluit die volgende in:

- 'n Voortsetting van sy lewenslyn die toekoms in.
- Die voltooiing van sy lewenshoofstukke waarvan hy reeds die opskrifte geskryf het.
- Deeglike werksontleding (insluitend bywoning van opedae, *work-shadowing*, besoeke aan opleidingsinstansies/werkgewers, gesprekke met beroepsbeoefenaars, deelydse beroepsbeoefening) is onontbeerlik indien Dawid uiteindelik 'n ingeligte beroepskeuse wil maak.

Vervolgens word stadium 6, 'n opvolggesprek met Dawid, bespreek.

4.6.6 Stadium 6: Opvolggesprek

Aangesien die lewensontwerpberadingsproses 'n lewenslange proses is, rus die verantwoordelikheid om aktief tot die ontwerp van sy lewe toe te tree volledig op Dawid se eie skouers (Duarte, 2010). Na afloop van die sessies het ek en Dawid 'n opvolggesprek gehad.

Uit ons gesprek het Dawid laat blyk dat hy reeds met werksanalise begin het en vir twee Saterdag as vrywilliger by 'n Elektroniese Ingenieur gewerk het. Hy geniet die werk en hoop om na die voltooiing van sy skoolloopbaan hierdie beroepsmoontlikheid ernstig te oorweeg. Tans oorweeg hy en sy ouers sy vakkeuse vir graad 10 en hou hy die volgende in gedagte wanneer hy sy vakkeuses oorweeg: **'Miskien nie nou al 'n besluit neem wat my gaan inperk in my keuses nie, maar wat vir my meer opsies beroepsgewys sal verseker'**. Dawid sê die volgende oor die proses waardeur ons beweeg het: **'Dit was nogal ook vir my redelik nice want ek sien ook dit wat ek nou doen en hoe ek stadig maar seker ontwikkel. Dit het vir my insig gegee waar ek nou is. Wat ek beter moet ontwikkel en dit wat reeds goed ontwikkel is en dat ek meer moet fokus op die dele wat nog nie so goed ontwikkel is nie. Meer besluite te neem oor die toekoms en nou alreeds vir my toekoms beplan'**.

Volgens Dawid beplan hy om die opedae van universiteite by te woon en het hy reeds vir sy ouers gevra of hy in graad 11 of 12 vir 'n opvolgondersoek rakende sy beroepskeuse kan gaan.

4.7 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk gee 'n oorsig oor die gevalstudie wat bestudeer is. Dit behels ook Dawid se agtergrondinligting en verskaf 'n gedetailleerde bespreking van elke stadium van die lewensontwerpberadingsproses. Die hoofstuk som die relevante hoof- en subtemas op wat gedurende die lewensontwerpberadingsproses uit elke sessie geïdentifiseer is. Die samevatting van my studie, literatuurkontrolle, bevindings en aanbevelings word in hoofstuk 5 bespreek.

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

In hoofstuk 5 gee ek 'n kort oorsig oor die eerste vier hoofstukke van hierdie studie. Hierna word die algemene navorsingsvraag weer gestel en gevolgtrekkings wat hierop betrekking het, word gemaak. Die studie se beperkings word bespreek, waarna ek verwys na die etiese aspekte wat ek gedurende hierdie studie eerbiedig het. Ek sluit die hoofstuk af met aanbevelings ten opsigte van opleiding, die praktyk en toekomstige navorsing.

5.2 BEVINDINGS WAAROP DIE AANBEVELINGS GEGROND IS

Die verloop van my navorsing word in die onderstaande gedeelte kortliks saamgevat, ten einde die gevolgtrekkings en aanbevelings van hierdie studie te motiveer.

5.2.1 Hoofstuk 1: Inleidende oriëntering

Ten einde 'n omvattende beeld te verkry van die verskynsel wat bestudeer is, naamlik **“Die waarde van lewensontwerpberading vir 'n adolessent wat hakkel”**, het ek in hoofstuk 1 'n voorlopige literatuurstudie verskaf en die motivering vir die studie verduidelik. Ek het die navorsingsdoel beskryf en die algemene probleemstelling wat die studie gerig het, soos volg geformuleer: **Wat is die waarde van lewensontwerpberading vir 'n adolessent wat hakkel?** Die werksaannames van die studie is vervolgens beskryf. 'n Voorlopige konseptuele raamwerk het die verwantskappe tussen relevante konsepte geïllustreer waarna hierdie konsepte omskryf is. Verwagte uitkomst is gestel en probleme wat moontlik na vore kon tree, is bespreek.

In 'n poging om die navorsingsproses te verduidelik, het ek my paradigmatische perspektief kortliks bespreek en die gekose navorsingsontwerp beskryf. Tegnieke wat by data-insameling en data-analise gebruik is, is opgesom en die omgewing waarin die navorsing sou plaasvind, is beskryf. Hierna het ek my rol in die navorsing beskryf, asook etiese oorwegings wat daarmee gepaard gaan. Ek het die hoofstuk afgesluit deur die beperkings van die studie uit te lig.

5.2.2 Hoofstuk 2: Literatuurstudie

Hoofstuk 2 is gewy aan 'n ondersoek van die hooftemas van my studie. Ek het die relevansie van lewensontwerpberading in 'n postmoderne samelewing bespreek en daarna die faktore ondersoek wat hierdie proses, asook die aanpassing van individue by verandering kan beïnvloed. 'n Oorsig is oor bestaande modelle van lewensontwerpberading gegee, gevolg deur 'n bespreking van teoretiese benaderings wat met die konteks en die sosiale konstruksie van betekenis verband hou. Hierna het ek die identiteitsontwikkeling van Suid-Afrikaanse adolessente beskryf en die huidige Suid-Afrikaanse konteks, insluitende Afrikaanssprekende adolessente se belewing daarvan, ondersoek. Die vorming van 'n kulturele identiteit is beskryf en die verband tussen sosiale konstruksionisme en lewensontwerpberading is bespreek. Daar is 'n oorsig oor beroepsaanpasbaarheid gegee, die teoretiese oorsprong daarvan is ondersoek en 'n aanduiding is gegee van waar dit in die breër beroepskonstruksieteorie pas. Die aanpassingsdimensies soos deur Savickas (2003) voorgestel is as 'n gepaste teoretiese raamwerk vir data-analise geïdentifiseer. Die deelnemer sal dus in 'n konstruktiewe proses betekenis aan hierdie dimensies heg. Die konsep "aanpasbaarheid" is bespreek binne die konteks van die adolessent wat hinkel. Ten slotte het ek die moontlike rol van taal in sosiale konstruksionisme bestudeer.

5.2.3 Hoofstuk 3: Metodologiese verantwoording

Die konstruktivistiese/interpretivistiese paradigma, asook die kwalitatiewe, beskrywende en eksploratiewe navorsingsontwerp wat gedurende hierdie studie geïmplementeer is, is in hoofstuk 3 bespreek. Die spesifieke navorsingsmetodologie en -strategieë wat in die studie gebruik is, is beskryf, waarna die navorsingsgesitueerdheid en my rol gedurende die navorsing bespreek is. Die lewensontwerpberadingsproses, asook spesifieke data-insameling- en dokumenteringsmodi wat ek geïmplementeer het, is in detail bespreek. Hierna het ek deur 'n omvattende beskrywing van die data-analisetegnieke wat in die studie gebruik is, aangedui hoe ek gepoog het om die geloofwaardigheid en vertroubaarheid van my studie te bevorder. Etiese oorwegings waaraan die studie voldoen het, is ten slotte beskryf.

5.2.4 Hoofstuk 4: Bespreking van resultate van die gevalstudie

Ten einde die toepaslikheid van 'n lewensontwerpberadingsproses te illustreer, is 'n oorsig oor die

gevalstudie in hoofstuk 4 gegee. Die deelnemer se agtergrondinligting is bespreek, waarna dit in temas en betekenisvolle subtemas gekategoriseer is. Die inligting is vervolgens aan die hand van die verskillende stadia van lewensontwerpberading bespreek, naamlik:

- Die konstruksie van 'n werksverbinde.
- Die kartering en verkenning van die sisteem van subjektiewe identiteitsvorme.
- Die opening van perspektiewe, ontdekking en herskryf, herorganiserings en hersiening van stories.
- Die plasing van die probleem in die nuwe storie en nuwe perspektief.
- Die spesifikasie en seleksie van aktiwiteite wat kwessies rakende identiteit ondersoek.
- Die opvolgssessie.

Die temas wat geïdentifiseer is deur die proses van kwalitatiewe dataontleding word vervolgens in die konteks van bestaande literatuur geplaas.

5.3 LITERATUURKONTROLE

Geïdentifiseerde temas sal op een van drie wyses uitkristalliseer – hetsy as bevestigend van die literatuur, teenstrydig met die literatuur of as nuwe insigte wat 'n bydrae tot die bestaande literatuur kan lewer. Aangesien die navorsingsproses gesien word as 'n bydrae tot die kennis in 'n betrokke veld, moet 'n bewustheid van wat hierdie kennis behels aangedui word. Marshall en Rossman (1995) dui aan dat een van die funksies van die literatuurkontrole die identifisering is van leemtes in die beskikbare literatuur om sodoende 'n platform te skep vir die navorser om aan te dui in watter mate die studie 'n bydrae kan maak om sulke leemtes aan te spreek. Volgens Wisker (2001) moet die navorser tot dialoog toetree met dit wat reeds deur ander geskryf is. Deur middel van die literatuurkontrole kan die navorser op hoogte bly van ontwikkelings in die vak of veld.

5.3.1 Tema 1: Belang

Volgens Hartung (2007) behels beroepsbelang die kliënt se oriëntasie tot 'n toekoms en sy optimisme oor die toekoms. Dawid bevestig dit deur te sê: **'Ek sien nogal baie uit na die toekoms eendag en ek glo dat dit (dat) ek dalk suksesvol sal wees.'** Savickas (2005) toon aan dat die kliënt planmatigheid gebruik as 'n vaardigheid om beroepsbelang te verseker. Dawid stel dit so: **'en dan sal ek maar 'n manier kry om soos daar bo uit te kom'** en **'so daarom pas ek bietjie meer aan en kyk na ander goed ook waarin ek wil ingaan as wat dit op die ou end nie uitwerk nie'**. Savickas (2005) noem dat

beroepsonverskilligheid as 'n probleem manifesteer onder die tema 'belang'. Dawid toon beroepsonverskilligheid wanneer hy sê: **'Ek dink nog nie baie aan my toekoms nie en ek vat dit maar soos dit kom. Ek besef my besluite sal 'n invloed op my toekoms hê, maar ek dink nie nou aan die impak wat dit op my toekoms sal maak nie.'** Savickas (2005) is van mening dat die kliënt as gevolg van beroepsonverskilligheid 'n afhanklikheidsverhouding met die terapeut ontwikkel. Dawid het aanvanklik afhanklikheid geopenbaar deurdat hy sê **'dat hulle vir my kan sê wat ek kan word'**.

5.3.2 Tema 2: Beheer

Duarte (2010) noem dat die lewensontwerpberadingsproses die kliënt aanmoedig om eienaarskap vir sy/haar toekoms te aanvaar. Ek het die aanname gemaak dat indien 'n adolessent wat hinkel lewensontwerpberading ontvang wat gerig is op die fasilitering van beroepsmoontlikhede, so 'n adolessent tot 'n suksesvolle toekomsverhaal kan toetree. Dawid bevestig dit deur te sê: **'Ek besef dat ek die expert op my eie lewe is'** en **'ek sal eerder 'n besluit neem wat baie opsies vir my ooplaat as wat ek nou op so 'n vroeë ouderdom die verkeerde besluit maak en ek kan nie terugdraai nie.'**

5.3.3 Tema 3: Nuuskierigheid

Hartung (2007) dui aan dat beroepsnuuskierigheid die toetrede tot produktiewe beroepsverkenning behels, asook 'n realistiese benadering tot die toekoms. Dawid het aangedui dat hy na afloop van ons sessies aktiewe beroepsverkenning in die vorm van *'work shadowing'* begin doen het. Dawid het aangedui dat hy realisties is oor die begin van 'n eie besigheid: hy het genoem dat hy eers klein wil begin (**'self klein begin en stelselmatig uitbrei en groter word. Met ingenieurswese eers mense na aan my wil kry en hulle goed regmaak en dan later verder kyk en dalk nou adverteer en werkers kry, sal later boekwerk doen, wil betrokke wees met bou en werk'**) en later groter sal uitbrei.

5.3.4 Tema 4: Selfvertroue

Hartung (2007) dui aan dat selfvertroue op die kliënt se gebruik van probleemoplossingsvaardighede en ook op die kliënt se selfdoeltreffendheid dui. Dawid maak van probleemoplossingsvaardighede gebruik om aan die lewensontwerpberadingsproses deel te neem deurdat hy 'n woord liever neerskryf wanneer hy weet dat hy met die uitspraak daarvan gaan sukkel. My aanvanklike aanname dat 'n adolessent wat hinkel probleme ten opsigte van deelname aan 'n oorwegend narratiewe benadering mag ondervind, is dus hierdeur bevestig. Deur probleemoplossingsvaardighede te gebruik kon Dawid egter suksesvol tot

die lewensontwerpberadingsproses toetree. Dawid gebruik ook selfdoeltreffendheid om hom te help om aan die lewensontwerpberadingsproses deel te neem en stel dit so: **‘Maar kyk soos Tannie en ek nou praat sag en goed dan hakkel ek nie regtig so baie nie. Ek voel ook meer gemakliker om voor my maats te praat, maar voor ’n onbekende groep mense dit maak jou nogal op jou senuwees.’** Dawid gebruik hierdie kennis van homself om die opsie van ’n eie besigheid te oorweeg wanneer hy sê: **‘Ek sal met die werkers in my besigheid kan praat soos as ek hulle beter leer ken en ek weet hulle het vertroue in my en ek kan hulle sommer vertrou.’**

5.3.5 Tema 5: Hanteringsmeganismes

Pollard (2008) dui aan dat Afrikaanssprekende adolessente in Suid-Afrika se toekomsvooruitskatting en -beplanning oor die algemeen beperk is tot dit wat hulle gedurende hul volgende lewensjaar of twee wil doen. Pollard (2008) toon aan dat daar oor die algemeen ’n gebrek aan alternatiewe keuses is, asook aanduidings van vermydingsgedrag en passiwiteit met betrekking tot beroepsbesluitneming. Dawid toon vermydingsgedrag wanneer hy sê: **‘Ek dink nog nie baie aan my toekoms nie.’** Volgens Schreuder en Coetzee (2006) word die sielkundige, fisiese en sosiale welstand van die individu beïnvloed deur die wyse waarop die individu spanning en addisionele eise hanteer. Hierbenewens word die effektiwiteit waarmee die individu ’n spanningsvolle situasie hanteer, beïnvloed deur die spanning wat hy/sy binne die spesifieke konteks ervaar, asook deur addisionele stressors wat ’n rol in ander dimensies van sy/haar lewe speel. Die wyse van hantering of hanteringsmeganisme kan beskryf word as die poging wat aangewend word om ’n situasie te bestuur wat deur die individu as potensieel skadelik of spanningsvol ervaar word. Afhangende van die spesifieke stressor (ongeach daarvan of die individu dit as beheerbaar of onbeheerbaar ervaar) implementeer individue verskillende tipes hanteringsmeganismes (Kohn, O’Brien-Wood, Pickering & Decicco, 2003). Die meeste individue wend hulle tot probleem-gefokusde strategieë wanneer stressors as beheerbaar beskou word, of tot emosie-gefokusde hantering wanneer die stressor as onbeheerbaar ervaar word. Dawid gebruik probleem-gefokusde strategieë deur deelname aan die lewensontwerpberadingsproses.

5.3.6 Tema 6: Interpersoonlike verhoudingsdinamiek

Volgens Chope en Consoli (2007) word die identiteit van ’n individu geskep in verhouding tot ander mense, instansies, gemeenskap en kultuur. Dawid heg groot waarde aan die ondersteuning van sy ouers en vriende en beskryf dit so: **‘Kyk my ouers beteken vir my nogal baie ... en dit is maar net nie iets wat ek sal wil doen nie. My vriende is vir my belangrik en as jy daar rugby speel sal my ouers nooit kan**

kom kyk nie.’ Hy toon ’n behoefte aan erkenning in die skoolkonteks wanneer hy aandui dat hy A-span rugby speel en die ondersteuning van die toeskouers geniet.

5.3.7 Tema 7: Pynlike verlede

Strauser *et al.* (2008) het bevind dat individue minder angs met betrekking tot die toekoms ervaar indien hulle ’n definitiewe doel en rigting in die lewe het, duidelike uitkomst vir hul lewens gestel het en daarvan oortuig is dat die lewe betekenisvol is. Alhoewel Dawid in die verlede mislukkings ervaar het, sien hy dit as groeigeleenthede en beskryf dit so: **‘There isn’t such a thing as failure, only earlier attempts at success.’** Dawid kan uit sy mislukkings leer en is positief oor die toekoms, want hy het ’n definitiewe doel en rigting in die lewe en hy stel dit so: **‘toe wys ek maar net vir hulle ek is hier met ’n doel’** en **‘Ek glo dat ek ’n bright toekoms het.’** Alhoewel Dawid dit moeilik vind om hardop voor onbekende mense te lees of te praat, het hy geleer om probleemoplossingsvaardighede te gebruik ten einde hierdie ervaring van mislukking te hanteer. Hy sal byvoorbeeld sy wange styf trek of ’n ander woord in die plek van die problematiese woord gebruik.

Die beantwoording van die algemene navorsingsvraag word volgende bespreek.

5.4 BEANTWOORDING VAN DIE ALGEMENE NAVORSINGSVRAAG

Die kwalitatiewe, beskrywende en eksploratiewe aard van die studie het bygedra tot die verkryging van ’n ryk, diepgaande beskrywing van die fenomeen wat ondersoek is, naamlik **“Die waarde van lewensontwerpberading vir ’n adolessent wat hikkel”**. Ten einde die gevolgtrekkings van hierdie studie vanuit ’n gepaste perspektief te beskou, word ek genoodsaak om die waarde daarvan te beklemtoon as die poging om ’n **omvattende begrip** van die verskynsel te verkry. Vanuit hierdie perspektief kan die volgende gevolgtrekkings met verwysing na die algemene navorsingsvraag gemaak word:

- Uit die beskrywing van die betrokke gevalstudie blyk dit dat lewensontwerpberading ’n gepaste perspektief is waaruit die aanpasbaarheidsbehoefte van ’n blanke, manlike adolessent wat hikkel hanteer kan word.
- Hierbenewens blyk dit dat die postmoderne tegnieke wat in hierdie studie geïmplementeer is, die deelnemer se toetreding tot en deelname aan die studie bevorder het. Die deelnemer se verhoogde selfinsig met betrekking tot sy persoonlike belewings is onder andere geopenbaar deur sy opmerking: **‘ ... insig gegee waar ek nou is. Wat ek beter moet ontwikkel en dit wat reeds goed**

ontwikkel ...'.

- Die waarde van 'n lewensontwerpberadingsproses is verder uitgelig in die deelnemer se “veranderde” belewing met betrekking tot sekere aspekte van sy situasie, sowel as deur enkele manifestasies van proaktiewe optrede ten opsigte van die uitdagings wat hy tans ervaar.

Lewensontwerpberading word deur enkele navorsers (Campbell & Ungar, 2004a; Zunker, 1998) as 'n doeltreffende strategie beskou om die ontwerp van 'n individu se lewe te bevorder sodat dit kan verander om aan te pas by unieke uitdagings en ervarings wat deur die individu beleef word. Hierdie beskouing is in 'n groot mate in hierdie gevalstudie gereflekteer en die waarde van 'n lewensontwerpberadingsproses is bevestig. Daar word egter nie in hierdie studie bewys dat lewensontwerpberading die enigste of beste metode is wat gedurende beradingsprosesse geïmplementeer behoort te word nie. Ten einde die effektiwiteit en buigsaamheid van 'n lewensontwerpberadingsproses te bepaal, sal dit nodig wees om hierdie studie met 'n groter populasie en ander groepe te herhaal.

Ek het in die betrokke studie die werksaamheid gehuldig dat die huidige aanpasbaarheidsbehoefte van 'n adolessent wat hinkel op 'n sinvolle wyse deur 'n ko-konstruktiewe lewensontwerpberadingsproses aangespreek kan word. Die unieke aard van die individu se konteks, die interafhanklike verwantskap tussen die individu en die sisteem waarin hy homself bevind, die subjektiewe betekenis wat aan ervarings geheg word, sowel as die uitdagings wat 'n (blanke) adolessent wat hinkel ervaar, het telkens en op verskeie wyses in my studie na vore gekom.

My vertrekpunt in hierdie studie was dat die uitdagings wat 'n adolessent wat hinkel tans ervaar, op 'n sinvolle wyse deur 'n ko-konstruktiewe lewensontwerpberadingsproses aangespreek kan word. Ek stel egter geensins lewensontwerpberading voor as die enigste metode waarmee aanpasbaarheidsbehoefte aangespreek kan word, of beweer dat dit die enigste oplossing bied vir die hindernisse wat hierdie individue moontlik kan ervaar nie. Intendeel, ek hoop dat my studie 'n beskeie bydrae sal lewer tot 'n groter bewuswording van die aanpasbaarheidsbehoefte van sulke individue soos dit tydens lewensontwerpberading hanteer is. Ek hoop ook dat dit 'n beter begrip sal bied van die blanke, manlike adolessent wat hinkel se huidige belewings en uitdagings, spesifiek met betrekking tot opleidings- en werksgeleenthede, waarmee hy tans gekonfronteer word.

5.5 BEPERKINGS VAN DIE STUDIE

Die betrokke studie se beperkings word soos volg uiteengesit:

- Die studie se omvang is beperk, aangesien slegs een gevalstudie in die navorsing ondersoek is.
- Die moontlikheid vir die veralgemening van die bevindings en resultate is beperk, aangesien een gevalstudie nie as verteenwoordigend van die volledige Afrikaanssprekende populasie in Suid-Afrika beskou kan word nie.
- Alhoewel spesifieke kwaliteitsversekeringskriteria nagevolg is ten einde die vertroubaarheid en geldigheid van my navorsing te bevorder, kan my subjektiewe interpretasie steeds as beperkend beskou word aangesien ander navorsers die resultate verskillend kan interpreteer.

5.6 AANBEVELINGS

Aanbevelings kan met verwysing na opleiding, die praktyk en verdere navorsing gemaak word.

Die belangrikheid daarvan om 'n lewe te ontwerp wat deur die individu as bevredigend ervaar word en wat herontwerp kan word namate behoeftes, belangstellings en lewenservarings verander, word deur verskeie navorsers beklemtoon (Campbell & Ungar, 2004a; Savickas, 1993). Tewens, hierdie outeurs beskou lewensontwerpberading as sentraal tot enige terapeutiese proses. Uit die betrokke studie het dit duidelik geblyk dat 'n verskeidenheid uitdagings wat deur die individu ervaar word (hetsy emosioneel, kognitief, sistemies of beroepsverwant), moontlik deur lewensontwerpberading hanteer kan word. Opleiding in die teorie en praktyk (implementering) van lewensontwerpberading kan potensieel by sielkundiges se **opleiding** ingesluit word ten einde hulle in staat te stel om hierdie strategie tydens terapeutiese intervensie te inkorporeer.

In die **praktyk** kan lewensontwerpberading potensieel geïmplementeer word om die onderliggende faktore te identifiseer wat moontlik 'n rol in persoonlike ontwikkeling, emosionele regulering, kognitiewe regulering, asook beroepskeuse en ontwikkeling kan speel, en om dan sodanige faktore betekenisvol te rekonstrueer in die vorm van 'n voorkeurverhaal wat lewensideale en/of 'n beroepskeuse insluit. Op hierdie wyse word verskeie fasette van 'n individu se lewe potensieel op 'n betekenisvolle wyse geïntegreer en kry die individu die geleentheid om 'n beter begrip te vorm van sy/haar siening van die konteks waarbinne hy/sy hom/haar bevind, asook die betekenis wat aan ervarings geheg word.

Aangesien lewensontwerpberading nie op assessering of die gebruik van gestandaardiseerde media steun nie, kan hierdie proses in die **praktyk** geïmplementeer word ter aanvulling tot of in die plek van tradisionele gestandaardiseerde toetse wat slegs vir gebruik in spesifieke populasies gepas is. In die geval van hierdie studie is 'n gestandaardiseerde instrument (*MBTI*) ingesluit. Dit was opmerklik dat die deelnemer die postmoderne tegnieke heelwat meer toeganklik as hierdie assesseringsinstrument gevind het en Dawid het dit so verwoord: **'Want die mense by wie ek die aanlegtoetse gaan skryf, gaan nie soos Tannie my beter leer ken nie, Tannie gaan meer soos in die tipe persoon wat ek is'**. Hierbenewens word die kontekstuele en emosionele faktore, asook persoonlike betekenis wat nie altyd gedurende tradisionele beroepsassessering in ag geneem word nie, by die proses van lewensontwerpberading geïntegreer.

Alhoewel lewensontwerpberading in hierdie geval 'n individuele proses was, word moontlikhede vir implementering in groepe nie uitgesluit nie. Veral in Suid-Afrika, waar finansiële hulpbronne en tyd as beperkend beskou word, kan lewensontwerpberading geïmplementeer word om onder meer beroepsonsekerheid onder adolessente te hanteer. Aangesien die effektiwiteit van voorgenoemde nog nie binne die Suid-Afrikaanse konteks bevestig is nie, word die volgende moontlikhede vir **verdere navorsing** voorgestel:

- 'n Vergelykende studie waar meer as een geval bestudeer word.
- Die moontlikhede en beperkings van lewensontwerpberading in groepe.
- Die moontlikhede en beperkings van lewensontwerpberading met kliënte van dwarsoor die diversiteitspektrum.
- Die langtermynimpak van lewensontwerpberading op 'n adolessent wat hinkel.

5.7 ETIESE ASPEKTE

Ten einde die deelnemer te beskerm, is verskeie etiese maatreëls deurgaans in die betrokke studie geïmplementeer. Ek het my identiteit en relevante agtergrond aan die deelnemer bekend gemaak. Die deelnemer was daarvan bewus dat hy op enige stadium van die navorsing kon onttrek. Ek het ingeligte toestemming van die deelnemer verkry en sy identiteit is deurgaans beskerm deur nie sy regte naam of enige identifiserende inligting in die skripsie of rou data aan te dui nie. Hierbenewens het ek myself onderwerp aan die etiese kode van die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)*.

Ek het deurgaans terugvoering aan die deelnemer gegee en op hierdie wyse verseker dat die inligting wat ek ingesamel het, akkuraat was. Geskikte navorsingsmetodes is gebruik en ek het bevestig dat alle

interpretasies van die resultate met die ingesamelde data verband hou. 'n Eksterne kodeerder het die hoof- en subtemas van my studie geverifieer ten einde die geldigheid en vertroubaarheid van my bevindings te verhoog. Benewens die voorafgaande het ek deurgaans gepoog om hoë metodologiese standaarde te handhaaf en na akkuraatheid te streef. Ek het ook die navorsingsbevindings op 'n akkurate en verantwoordelike wyse weergegee.

5.8 TEN SLOTTE

Die moontlike waarde van lewensontwerpberading vir 'n blanke, manlike, Afrikaanssprekende adolessent wat haggel is in die onderhawige navorsing ondersoek en die bevindings is aan die hand van die betrokke gevalstudie krities geëvalueer. Uit die gevalstudie blyk dit dat lewensontwerpberading potensieel 'n positiewe waarde inhou vir 'n blanke, manlike, Afrikaanssprekende adolessent wat haggel. Alhoewel Dawid se omstandighede en geskiedenis nie deur die lewensontwerpberadingsproses verander is nie, het hy 'n "veranderde" beleving ten opsigte van sommige aspekte in sy situasie geopenbaar. Ko-konstruktiewe gesprekvoering het dus nie noodwendig oplossings vir sy probleme gebied nie, maar dit het Dawid toenemend bewus gemaak van die betekenis wat hy aan ervarings heg, die motivering vir sy gedrag, asook sy siening van homself. Hierbenewens het Dawid toenemend blyke van nuwe hoop vir die toekoms gegee, soos wat onder meer uit sy opmerking tydens ons laaste gesprek (2010-09-07) blyk: **'Ek gee alles nou voluit en soos wat die tyd aanbeweeg sal dinge ook in plek val veral met die goeie ondersteuningsnetwerk wat ek het.'**

Die waarde wat ko-konstruktiewe gesprekvoering vir 'n adolessent se werklikheidsbeleving en toekomsbeplanning inhou, word myns insiens goed in die volgende gewilde, hedendaagse liriek saamgevat (*Life design* deur die Parlotones):

Super nova explosions, our gigantic aspirations
We'll face demons despite our verve, fear is our greatest curse
History in the past and the future is unknown, what's inside can be controlled
Shout, shout, shout it from the mountain top, we'll keep pushing and we'll never stop
This is our story, this is our life design
We drink, we drink, we drink from the cup of life
This is our story, this is our life design ...

LITERATUURLYS

Ackerman, C. (2005). Promoting development during adolescence. In Engelbrecht, P. & Green, L. (Eds), *Promoting learner development* (101-120). Pretoria: Van Schaik Publishers.

Adams, Q., Collair, L., Oswald, M. & Perold, M. (2004). Research in educational psychology in South Africa. In Eloff, E. & Ebersöhn, L. (Eds), *Keys to educational psychology* (354-386). Cape Town: UCT.

Altholz, S. & Golensky, M. (2004). Counseling, support, and advocacy for clients who stutter. *Health and social work*, 29(3), 197-205.

Babbie, E. & Mouton, J. (2001). *The practice of social research*. Oxford: Oxford University Press.

Baron, R.A. & Byrne, D. (1997). *Social psychology: Understanding human interaction*. Boston: Allyn & Bacon.

Becvar, D.S. & Becvar, R.J. (2006). *Family therapy: A systemic integration*. Boston: Allyn & Bacon.

Bouwer, B. (2007). Fasilitering van emosionele intelligensie by leerders met verbale leergestremdhede. (*Facilitating emotional intelligence among learners with verbal learning disabilities.*) Unpublished Master's dissertation: University of Pretoria, South Africa.

Briggs, K.C. & Briggs Myers, I. (1994) *Myers-Briggs type indicator*. Palo Alto: Consulting Psychologists Press Inc.

Brott, P.E. (2005). A constructivist look at life roles. *The Career Development Quarterly*, 54, 138-149.

Campbell, C. & Ungar, M. (2004a). Constructing a life that works: Part 1: Blending postmodern family therapy and career counseling. *The Career Development Quarterly*, 53, 16-27.

Campbell, C. & Ungar, M. (2004b). Constructing a life that works: Part 2: An approach to practice. *The Career Development Quarterly*, 53, 28-40.

Cochran, L. (2007). The promise of narrative career counselling. In Maree, K. (Ed.), *Shaping the story: A guide to facilitating narrative counselling* (7-19). Pretoria: Van Schaik Publishers.

Cohen, L., Manion, L. & Morrison, K. (2000). *Research methods in education* (5th ed.). London: Routledge.

Chabilall, J.A. (2004). *A socio-educational study of the impact of HIV/AIDS on the adolescent in child-headed households*. University of Pretoria.

Chope, R.C. & Consoli, A.J. (2007). A storied approach to multicultural career counselling. In Maree, K. (Ed.), *Shaping the story: A guide to facilitating narrative counselling* (87-100). Pretoria: Van Schaik Publishers.

Clark, M.A., Severy, L. & Sawyer, S.A. (2004). Creating connections: Using a narrative approach in career group counselling with college students from diverse cultural backgrounds. *Journal of College Counselling*, 7, 24-31.

- Craig, J.C. (1996). *Human development*. (7th ed.). Prentice Hall: Upper Saddle River.
- Creswell, J.W. (2003). *Research design: Qualitative, quantitative, and mixed-method approaches* (2nd ed.). London: Sage.
- Creswell, J.W. (2007). *Qualitative inquiry and research design: Choosing among five approaches* (2nd ed.). London: Sage Publications.
- Delpont, A.C. & Olivier, M.A.J. (2003). Female students' views of their Afrikaner identity. *Society in Transition*, 34(1), 178-189.
- Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. (2005). Introduction: The discipline and practice of qualitative research. *The Sage handbook of qualitative research* (3rd ed.). London: Sage.
- De Vos, A.S. (2005). Qualitative data analysis and interpretation. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. (Eds), *Research at grass roots* (3rd ed.), (333-349). Pretoria: Van Schaik Publishers.
- Online Dictionary (2010). Retrieved on 8 April 2010. Available at <http://www.gladstone.uoregon.edu/~asuomca/deversityinit/definition.html>
- Doan, R.E. (1997). Narrative therapy, postmodernism, social constructionism and constructivism: Discussion and distinctions. *Transactional Analysis Journal*, 27(2), 128-133.
- Donald, D., Lazarus, S. & Lolwana, P. (2002). *Educational psychology in social context*. Cape Town: Oxford University Press, Southern Africa.
- Donald, D., Lazarus, S. & Lolwana, P. (2006). *Educational psychology in social context*. Cape Town: Oxford University Press, Southern Africa.
- Du Toit, A.S., Grobler, H.D. & Schenck, C.J. (2001). *Person-centred communication: Theory and practice*. Cape Town: Oxford University Press.
- Duarte, M.E. (2010). Restructuring career counseling: objectives and instruments. In R. Van Esbroeck (Convenor) *Life Design Symposium*. Symposium presented at the 27th International Congress of Applied Psychology, Melbourne, Australia, July 11-16, 2010.
- Durrheim, K. (1999). Research design. In Terre Blanche, M. & Durrheim, K. (Eds). *Research in practice: Applied methods for the social sciences* (29-53). Cape Town: UCT Press.
- Erikson, E.H. (1968). *Identity: Youth and crisis*. England: Faber & Faber Ltd.
- Fouché, C.B. & Delpont, C.L. (2002). Introduction to the research process. In De Vos, A.S. (Ed.). *Research at grass roots: For the social sciences and human service professions*. (77-92). Pretoria: Van Schaik.
- Fritz, E. & Beekman, L. (2007). Engaging clients actively in telling stories and actualising dreams. In Maree, K. (Ed.), *Shaping the story: a guide to facilitating narrative counselling* (163-175). Pretoria: Van Schaik Publishers.

- Gasper, P. (1999). Social constructivism. In R. Audi (Ed.), *The Cambridge dictionary of philosophy*. (2nd ed.). Cambridge: Cambridge University Press.
- Golafshani, N. (2003). Understanding reliability and validity in qualitative research. *The Qualitative Report*, 8(4), 597-607.
- Greene, M.J. (2006). Helping build lives: Career and life development of gifted and talented students. *Professional School Counseling*, 10(1), 34-2.
- Guichard, J. (2009). Self-constructing. *Journal of Vocational Behavior*, 78(3), 251-258.
- Hartung, P.J. (2007). Career construction: Principles and practice. In Maree, K. (Ed.), *Shaping the story: A guide to facilitating narrative counselling* (103-119). Pretoria: Van Schaik Publishers.
- Hendriksen, R.C. & Trusty, J. (2002). Racial, ethnic and cultural identity development models. In Trusty, J., Looby, E.J. & Sandhu, D.S. (Eds), *Multicultural counseling: Context, theory and practice, and competence* (55-104). New York: Nova Science Publishers Inc.
- Henning, D. (2005). *Courage Under Fire: Stories of Adolescents who Survived the Destruction of Divorce*. Unpublished Master's dissertation: Unisa, South Africa.
- Hogensen, J.M., Powers, K., Geenen, S., Gil-Kashwabara, E. & Powers, L. (2008). Transition goals and experiences of females with disabilities: Youth, parents and professionals. *Exceptional Children*. 74(2), 215-234.
- Holland, J.L. (1985). *Making vocational choices: A theory of personalities and work environments* (2nd ed.). Englewood Cliffs, NJ: Prentice Hall.
- Jansen, J. (2004). An introduction to education theory. In Eloff, I. & Ebersöhn, L. (Eds), *Keys to educational psychology* (374-386). Cape Town: UCT Press.
- Johnson, B. & Turner, F. (2003). Data collection strategies. In Tashakkori, A. & Teddlie, C. (Eds), *Handbook of qualitative research* (297-315). Thousand Oaks: Sage Publishers.
- Kohn, P.M., O'Brien-Wood, C., Pickering, D.I. & Decicco, T.L. (2003). The personal functioning inventory: A reliable and valid measure of adaptiveness in coping. *Canadian Journal of Behavioural Science*, 35(2), 111-123.
- Krefting, D.C. (1991). Rigor in qualitative research: The assessment of trustworthiness. *The American Journal of Occupational Therapy*, 45(3), 214-222.
- Leedy, P.D. & Ormrod, J.E. (2005). *Practical research: Planning and design*. Ohio: Merrill Prentice Hall.
- Lett, J. (2008). Professor James Lett's faculty webpage. Accessed on 29 March 2008. Available at <http://faculty.ircc.edu/faculty/jlett/Article%20on%20Emics%20and%20Etics.htm>
- Lichtman, M. (2006). *Qualitative research in education: A user's guide*. Thousand Oaks: Sage.

- Louw, B. (2004). Kultuur. In Eloff, I. & Ebersöhn, L. (Eds), *Keys to educational psychology* (258-271). Cape Town: UCT Press.
- Louw, D.A. (1996). *Menslike ontwikkeling* (2^{de} uitgawe). Kaapstad: Kagiso Tersiêr.
- Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. (1999). *Menslike ontwikkeling* (3^{de} uitgawe). Kaapstad: Kagiso Tersiêr.
- Maker, C.J. (2007). Following the dream. In Maree, K. (Ed.), *Shaping the story: A guide to facilitating narrative counselling* (232-234). Pretoria: Van Schaik Publishers.
- Maree, K. (2004). Theoretical approaches in psychology. In Eloff, I. & Ebersöhn, L. (Eds), *Keys to educational psychology* (387-411). Cape Town: University of Cape Town UCT Press.
- Maree, J.G. (Ed.). (2007). *Shaping the story: A guide to facilitating narrative counselling*. Pretoria: Van Schaik Publishers.
- Maree, J.G. (2010). *Career Interest Profile* (3rd ed.). Johannesburg: Jopie van Rooyen & Partners SA (Pty) Ltd.
- Maree, J.G., Bester, S.E., Lubbe, C. & Beck, G. (2001). Post-modern career counselling to a gifted black youth: A case study. *Gifted Education International*, 15, 325-339.
- Maree, J.G. & Molepo, J.M. (2007). Facilitating postmodern career counselling in the Limpopo Province of South Africa: A rocky ride to hope. *Australian Journal of Career Counselling*, 16(3), 62-70.
- Maree, J.G. & Fernandes, M.P.J. (2003). The impact of emotional intelligence on solution-focused therapy with an adolescent. *Early Child Development and Care*, 173(5), 499-508.
- Maree, J.G. & Van der Westhuizen, C. (2009). Planning a research proposal. In Maree, J.G. (Ed.), *First steps in research* (23-45). Pretoria: Van Schaik Publishers.
- Marshall, C. & Rossman, G.B. (1995). *Designing qualitative research* (2nd ed.). Thousand Oaks: Sage.
- McMahon, M. (2007). Life story counselling: producing new identities in career counselling. In Maree, K. (Ed.), *Shaping the story: A guide to facilitating narrative counselling* (63-72). Pretoria: Van Schaik Publishers.
- McMillan, J.H. & Schumacher, S. (1997). *Research in education. A conceptual introduction* (4th ed.). New York: Addison Wesley Longman Inc.
- McMillan, J.H. & Schumacher, S. (2001). *Research in education. A conceptual introduction* (5th ed.). New York: Addison Wesley Longman Inc.

- Merriam, S.B. (1998). *Qualitative research and case study applications in education*. San Francisco: Jossey-Bass.
- Nieuwenhuis, J. (2007). Introducing qualitative research. In Maree, J.G. (Ed.), *First steps in research* (47-68). Pretoria: Van Schaik Publishers.
- Neuman, L.W. (1997). *Social research methods. Qualitative and quantitative approaches* (3rd ed.). New York: Allyn & Bacon.
- Oyserman, D., Bybee, D. & Terry, K. (2006). Possible selves and academic outcomes: How and when possible selves impel action. *Journal of Personality and Social Psychology*, 91, 188-204.
- Palladino-Schultheiss, D.E. (2005). Qualitative relational career assessment: A constructivist paradigm. *Journal of Career Assessment*, 13(4), 381-394.
- Pang, V.O. (2001). *Multicultural education: A caring-centered reflective approach*. New York: McGraw-Hill.
- Patton, M.Q. (2002). *Qualitative research and education methods*. United Kingdom: Sage Publishers.
- Patton, W. & McMahon, M. (1999). *Career development and systems theory. A new relationship*. Pacific Grove, CA: Brooks/Cole.
- Patton, W. & McMahon, M. (2007). Constructivism and career counselling. In Patton, W. & McMahon, M. (Eds), *Career counselling: Constructivist approaches* (3-15). New York: Routledge.
- Payne, G. & Payne, J. (2004). *Key concepts in social research*. Thousand Oaks: Sage Publications.
- Pitney, W.A. (2004). Strategies for establishing trustworthiness in qualitative research. *Research Digest*, 9(10), 26-28.
- Pollard, Z. (2008). Die impak van lewensontwerpberading op Afrikaanssprekende adolessente. Ongepubliseerde MEd-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Prins, A. & Van Niekerk, E. (2001). Theoretical perspectives in counselling. In Van Niekerk, E. & Prins, A. (Eds), *Counselling in Southern Africa* (20-57). Sandown: Heinemann.
- Robb, N., Dunkley, L., Boynton, P. & Greenhalgh, T. (2007). Looking for a better future: Identity construction in socio-economically deprived 16-year-olds considering a career in medicine. *Social Science & Medicine*, 65, 738-754.
- Sanders Thompson, V.L. & Akbar, M. (2003). The understanding of race and the construction of African American identity. *The Western Journal of Black Studies*, 27(2), 80-88.
- Savickas, M.L. (1993). Career counselling in the postmodern era. *Journal of Cognitive Psychotherapy: An International Quarterly*, 7(3), 205-215.
- Savickas, M.L. (1995). Constructivist counselling for career indecision. *Career Development Quarterly*, 43(4), 363-373.

- Savickas, M.L. (1997). Career adaptability: an integrative construct for life-span, life-space theory. *Career Development Quarterly*, 45, 247-259.
- Savickas, M.L. (2002). Career construction: a developmental theory of vocational behavior. In Brown, D. (Ed.), *Career Choice and Development* (4th ed.). San-Francisco, CA: Jossey-Bass.
- Savickas, M.L. (2003). Towards a taxonomy of human strengths: Career counselling's contribution to positive psychology. In Walsh, W.B. (Ed). *Counseling psychology and optimal human functioning*. London: Routledge.
- Savickas, M.L. (2005). The theory and practice of career construction. In Brown, S. & Lent, R. (Eds). *Career development and counselling: putting theory and research to work*. New York: John Wiley.
- Savickas, M.L. (2008). Career construction theory. Information received by e-mail from Prof. Savickas via Prof. J.G. Maree on 18 April 2008.
- Savickas, M.L.(2009). Aanpasbaarheidsvraelys. Ongepubliseerde werksdokument. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Savickas, M.L., Nota, L., Rossier, J., Dauwalder, J., Duarte, M.E., Guichard, J., Soresi, S., Van Esbroeck, R. & Van Vianen, A.E.M. Life designing: A paradigm for career construction in the 21st century. *Journal of Vocational Behavior* (2009). DoI: 10.1016/j.jvb.2009.04.004
- Schreuder, A.M.G. & Coetzee, M. (Eds). (2006). *Careers: An organisational perspective* (3rd ed.). Landsdowne: Juta Publishers.
- Schreuder, A.M.G. & Coetzee, M. (Eds). (2007). *Careers: An organisational perspective* (4th ed.). Landsdowne: Juta Publishers.
- Schwandt, T.A. (2007). *The Sage dictionary of qualitative inquiry*. Thousand Oaks: Sage.
- Seale, C., Gobo, G., Gubrium, J.F. & Silverman, D. (2004). *Qualitative research practice*. United Kingdom: Sage Publishers.
- Sears, D.C., Peplau, L.A. & Taylor, S.E. (1991). *Social psychology*. London: Prentice-Hall.
- Shuttleworth, M. (2008). Case study research design. Accessed on 20 June 2010. Available at <http://www.experiment-resources.com/case-study-research-design.html>
- Speed, B. (1991). Reality exists, OK? An argument against constructivism and social constructionism. *Journal of Family Therapy*, 13(4), 395-409.
- Stake, R.E. (2005). Qualitative case studies. In Densin, N.K. & Lincoln, Y.S. (Eds), *The Sage handbook of qualitative research* (3rd ed.), (442-466). Thousand Oaks: Sage.
- Strauser, D.R., Lustig, D.C. & Ciftci, A. (2008). Psychological well-being: Its relation to work personality, vocational identity and career thoughts. *The Journal of Psychology*, 142(1), 21-35.
- Strydom, H. (2005). Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. (Eds), *Research at grass roots* (3rd ed.), (57-

69). Pretoria: Van Schaik Publishers.

Sue, D., Sue, D.W. & Sue, S. (2000). *Understanding abnormal behavior* (6th ed.). Boston: Houghton Mifflin Company.

Tellis, W. (1997). Introduction to case study. *The Qualitative Report*. 3(2) 1-11.

Terre Blanche, M. & Durrheim, K. (2002). *Research in practice: Applied methods for the social sciences*. Cape Town: UCT Press.

Terre Blanche, M., Durrheim, K. & Painter, D. (2006). *Research in practice: Applied methods for the Social Sciences*. Cape Town: UCT Press.

Terre Blanche, M. & Kelly, K. (1999). Interpretive methods. In Terre Blanche, M. & Durrheim, K. (Eds). *Research in practice: Applied methods for the social sciences* (147-171). Cape Town: UCT Press.

Thom, D.P. & Coetzee, C.H. (2004). Identity development of South African adolescents in a democratic society. *Society in Transition*, 35(1), 183-192.

Wallace-Brosious, A., Serafica, F.C. & Osipow, S.H. (1994). Adolescent career development: Relationships to self-concept and identity status. *Journal of Research on Adolescence*, 6(1), 127-149.

Watson, M. & Kuit, W. (2007). Postmodern career counselling and beyond. In Maree, K. (Ed.), *Shaping the story: A guide to facilitating narrative counselling* (73-86). Pretoria: Van Schaik Publishers.

Watson, M.B. & Stead, G.B. (2006). The career development theory of Donald Super. In Stead, G.B. & Watson, M.B. (Eds), *Career psychology in the South African context* (52-64) (2nd ed.). Pretoria: Van Schaik Publishers.

Willig, C. (2001). *Introducing qualitative research in psychology. Adventures in theory and method*. Philadelphia: Open University.

Wisker, G. (2001). *The postgraduate research handbook: succeed with your MA, MPhil, EdD and PhD*. New York: Palgrave.

Whitley, B.E. (2002). *Principles of research in behavioural sciences*. (2nd ed.). New York: McGraw-Hill.

Yin, R.K. (2003). *Case study research design and methods* (3rd ed.). California: Sage.

Young, R.A. & Collin, A. (2004). Introduction: Constructivism and social constructionism in the career field. *Journal of Vocational Behavior*, 64, 373-388.

Zunker, V.G. (1998). *Career counseling: Applied concepts of life planning* (5th ed.). Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.

LYS VAN BYLAE

Bylaag A: Briewe van ingeligte toestemming

Bylaag B: *Collage*

Bylaag C: Lewenslyn

Bylaag D: Genogram

Bylaag E: Drie anekdotes

Bylaag F: Leuses

Bylaag G: Brief van my eksterne kodeerder

Bylaag H: Etiese klaring

BYLAAG A:
BRIEWE VAN INGELIGTE TOESTEMMING

00/00/2010

BRIEF VAN INGELIGTE TOESTEMMING

Beste Deelnemer

Jy word uitgenooi om aan 'n studie deel te neem. Die volgende inligting omtrent die studie word voorsien, sodat jy kan besluit of jy daaraan wil deelneem. Deelname is vrywillig en jy kan op enige stadium aan die navorsing onttrek.

Ek is tans besig met M.Ed. (Opvoedkundige Sielkunde) aan die Universiteit van Pretoria en my studieleier is prof. Kobus Maree. Die doel van my navorsing is om saam met jou die waarde van lewensontwerpberading te ondersoek.

Ten einde die waarde van lewensontwerpberading te ondersoek, gaan ek jou vra om drie beroepsanedotes vanuit jou lewe te verhaal. Ek gaan jou ook vra om deel te neem aan 'n semi-gestruktureerde onderhoud. Die semi-gestruktureerde onderhoud behels die assessering-komponent van die proses. So word data versamel in die vorm van self-definiërende stories oor jou lewenstruktuur, beroepsaanpasbaarheidstrategieë (beroepsdeelneming, kontrole, nuuskierigheid en selfvertroue), lewenstemas (motivering en strewes) en persoonlikheidsstyl. Die navorser gebruik dan metaforiese taal in dramatiese vorm om van data-insameling na intervensie te beweeg deur jou verhaal duidelik en samehangend te interpreteer.

Daar sal gepoog word om deur die navorsing jou te help om jou lewe, as 'n adolessent wat hinkel in Suid-Afrika, te ondersoek en te ontwerp ten einde jou te probeer toerus om die daaglikse en toekomstige eise wat moontlik aan jou gestel (gaan) word, te hanteer. Ek en jy gaan saam oor die verloop van vyf tot agt sessies poog om jou toekomsverwagtinge (insluitende moontlike beroepskeuses) te ondersoek en te fasiliteer, om sodoende jou optimale ontwikkeling as individu te bevorder. Daar sal nie inbreuk gemaak word op jou akademiese tyd nie, aangesien die navorsingsaktiwiteit na skool sal plaasvind.

Die volgende etiese oorwegings sal **streng** eerbiedig word:

- Jou identiteit en dié van enige betrokke of vermelde persone sal anoniem gehou word.
- Geen verwysing sal gemaak word na inligting wat persoonlike of identifiseerbare besonderhede verstrek nie.
- Name van plekke en mense sal verander word, ten einde anonimiteit te verseker.
- Jy behou die reg om enige tyd toegang te verkry tot inligting wat gedurende die navorsingsproses ingesamel gaan word.
- Jy behou die reg om enige inligting of data te onttrek wat jy nie vir publikasie beskikbaar wil stel nie.
- Die navorsingstudie gaan as 'n mini-verhandeling in die biblioteek van die Universiteit van Pretoria bewaar word. Studente en dosente sal dus toegang tot die studie hê, maar jou identiteit sal anoniem gehou word.

Indien jy hierdie brief van ingeligte toestemming onderteken, stem jy in dat die volgende inligting beskikbaar gestel word:

- Die verbatim transkripsies van die inhoud van die sessie.
- Die analise, interpretasie en rapportering van die inhoud van die sessie.
- Informele besprekings tussen jou en die navorser wat met die navorsing verband hou.
- Notas en refleksies wat die navorser gedurende die navorsingsproses gaan maak.

Indien jy enige verdere navrae het, is jy welkom om met my (072 436 3068) of my studieleier (012 420 2130) kontak te maak.

Y Hancke
Navorser

VERKLARING

Hiermee bevestig ek, _____ (volle naam en van), dat:

- Ek begryp wat die doel van die studie is.
- Ek verstaan wat die navorsingsaktiwiteite gaan behels waarby ek betrokke gaan wees.
- Ek verstaan dat deelname vrywillig is en dat ek op enige stadium aan die navorsing kan onttrek.
- Ek verstaan dat alle inligting vertroulik hanteer sal word en dat my identiteit anoniem sal bly.
- Ek voldoende ingelig is oor die verskillende bronne van data wat gepubliseer of bekend gemaak kan word.
- Ek voldoende ingelig is oor die etiese riglyne wat gevolg gaan word en ek weet wat my regte is.
- Die aangeduide bronne van data vir navorsing en/of publikasiedoeleindes gebruik mag word.

Indien jy toestemming tot bogenoemde gee, teken asseblief hierdie brief as 'n verklaring van jou toestemming.

Handtekening van deelnemer

Datum

Handtekening van Navorser

Datum

00/00/2010

Geagte Ouer(s)/Voog(de)

U kind word uitgenooi om aan 'n studie deel te neem. Die volgende inligting omtrent die studie word voorsien, sodat u kan besluit of u kind daaraan wil deelneem. U moet bewus wees daarvan dat deelname vrywillig is en dat u kind op enige stadium aan die navorsing kan onttrek.

Ek is tans besig met M.Ed. (Opvoedkundige Sielkunde) aan die Universiteit van Pretoria en my studieleier is prof. Kobus Maree. Die doel van my navorsing is om u kind te help om sy/haar lewe, as 'n adolessent wat hikkel in Suid-Afrika, te ondersoek en te ontwerp ten einde hom/haar te probeer toerus om die daaglikse en toekomstige eise wat moontlik aan hom/haar gestel (gaan) word, te hanteer. Ek en u kind gaan saam oor die verloop van vyf tot agt sessies poog om sy/haar toekomsverwagtinge (insluitende moontlike beroepskeuses) te ondersoek en te fasiliteer, om sodoende sy/haar optimale ontwikkeling as individu te bevorder. Dit gaan hoofsaaklik deur gesprekvoering geskied en sal plaasvind.

Die semi-gestruktureerde onderhoud sal as data-insamelingsinstrument, maar ook as raamwerk vir die uitvoer van die gevalstudie dien. Die semi-gestruktureerde onderhoud behels die assessering-komponent van die proses. So word data versamel in die vorm van self-definiërende stories van u kind oor lewenstruktuur, beroepsaanpasbaarheidstrategieë (deelneming, kontrole, nuuskierigheid en selfvertroue), lewenstemas (motivering en strewe) en persoonlikheidstyl. Die navorser gebruik dan metaforiese taal in dramatiese vorm om van data-insameling na intervensie te beweeg deur u kind se verhaal duidelik en samehangend te interpreteer.

Daar sal nie inbreuk gemaak word op akademiese tyd nie, aangesien al die navorsingsaktiwiteite hierbo vermeld, na skool sal plaasvind. U kind se identiteit sal beskerm word, u privaatheid sal gerespekteer word en alle inligting sal vertroulik hanteer word.

Die volgende etiese oorwegings sal **streng** eerbiedig word:

- U kind se identiteit en dié van enige betrokke of vermelde persone sal anoniem gehou word.
- Geen verwysing sal gemaak word na inligting wat persoonlike of identifiseerbare besonderhede verstrek nie.
- Name van plekke en mense sal verander word, ten einde anonimiteit te verseker.
- U behou die reg om enige tyd toegang te verkry tot inligting wat gedurende die navorsingsproses ingesamel gaan word.
- U behou die reg om enige inligting of data te onttrek wat u nie vir publikasie beskikbaar wil stel nie.
- Die navorsingstudie gaan as 'n mini-verhandeling in die biblioteek van die Universiteit van Pretoria bewaar word. Studente en dosente sal dus toegang tot die studie hê, maar u kind se identiteit sal anoniem gehou word.

Indien u hierdie brief van ingeligte toestemming onderteken, stem u in dat die volgende inligting beskikbaar gestel word:

- Die verbatim transkripsies van die inhoud van die sessie.
- Die analise, interpretasie en rapportering van die inhoud van die sessie.
- Informele besprekings tussen u kind en die navorser wat met die navorsing verband hou.
- Notas en refleksies wat die navorser gedurende die navorsingsproses gaan maak.

Indien u enige navrae voor, tydens of na die studie het, is u welkom om my (072 436 3068) of prof. Maree (012 420 2130) te kontak.

By voorbaat dank.

Y. Hancke
Navorser

VERKLARING

Hiermee bevestig ek/ons, die ondergetekende(s), dat ek/ons begryp wat die doel van die studie is. Ek/ons verstaan wat die navorsingsaktiwiteite gaan behels waarby my/ons kind betrokke gaan wees. Ek/ons verstaan dat deelname vrywillig is en dat my/ons kind op enige stadium aan die navorsing kan onttrek. Ek/ons verstaan dat alle inligting vertroulik hanteer sal word en dat my/ons kind se identiteit anoniem gehou sal word. Ek/ons onderneem om met Yolene of haar studieleier in verbinding te tree indien ek/ons enige navrae het.

Naam van ouer(s)

Handtekening van Ouer(s)/Voog(de)

Datum

Handtekening van Navorser

Datum



00/00/2010

Attention: The Principal

RE: CONSENT FOR MED RESEARCH

I am currently enrolled for my MEd (Educational Psychology) at the University of Pretoria. The purpose of my study is to explore the worth of life design counselling with an adolescent who stutters.

For the purpose of my pilot study, I will require one learner in the school who stutters to engage in a semi-structured interview. Furthermore, this participant will be asked to provide information on three anecdotes to relate his career story.

Participation in the study will be voluntary and the learner will be informed that he/she is allowed to withdraw from the research at any time. Informed consent will be obtained from both the learner and his/her parents. The learner's identity will be protected, his/her privacy respected and all the information will be managed confidentially. The school's name will also not be mentioned in the above study, unless otherwise requested.

Your favourable consideration of my request for permission to conduct my research at the school will be appreciated.

Yours sincerely

Yolene Hancke
Researcher

Prof. J.G. Maree
Supervisor

.....
DECLARATION

Herewith I, the undersigned, grant Yolene Hancke permission to conduct her research study (as discussed and stipulated in the letter).


.....
Principal

.....
Date

BYLAAG B:


COLLAGE

DIE COLLAGE



BYLAAG C:
LEWENSLYN

DIE LEWENSLYN



BYLAAG D:
GENOGRAM



OUPA

BEROEP Personeel
Bestuurder




OUMA

BEROEP Sekretaresse




OUPA

BEROEP Ambagsman




OUMA

BEROEP winkel
assistent



PAPPA

BEROEP Onderwyser



MAMMA

BEROEP Onderwyseres

Jy kan enige ander betekenisvolle ander persoon self inteken.

BYLAAG E:
DRIE ANEKDOTES

Drie anekdotes

1. D: Ja, Tannie, dit was, kyk die oggend was ons skool toe en kyk ons was almal leiers en toe en dit was nou met die verkiesing van die hoofleiers en almal sê vir my ja my ouers is in die personeelkamer en goed en ek dog toe nee hulle lieg vir my . Tannie, en al die kinders is toe al in die saal in. En die die onderwysers kom opgestap en toe kom ons ouers ook opgestap. En toe is dit nou die verkiesing van die hoofleiers en toe ons so op die verhoog staan met die verkiesing ek sal dit nooit vergeet toe ek so afgestaan en kyk het nie en toe al die kinders so vir my gekyk het nie en toe word ek Onderhoofseun. My ma'le was so trots op my. Ek glo dat ek 'n bright toekoms het.

Y: Wat het jy gedink toe jy hoor jou ma'le is by die skool?

D: Die eerste ding wat ek gedink het, is ek is in die moeilikheid. Maar toe toe kom ek half by, kyk, Tannie, ons skool het altyd in die middel van die jaar hoofleiers gekies nou seker om te kyk waste leiers hulle is en toe begin ek agterkom dit is die middel van die jaar, hoofleier-verkiesing is nou naby en dit kan seker dit wees. En en toe, nou kyk Tannie my beste vriend was hoofseun en toe hulle sê sy ouers is ook daar toe begin ek agterkom dat dit is die hoofleierverkiesing.

Y: Dit is 'n lekker gevoel?

D: Ja, Tannie, baie. Jy raak opgewonde daaroor. Tannie, kyk die kinders kyk op na jou toe as jy dit word en om tussen al daai leiers so uit te staan en te wys dat jy's bietjie sterker as hulle met leiding neem en goed . Dit is nogal, nogal, dit vat nogal aan jou, maar op 'n goeie manier. Dit is iets wat altyd by jou sal bly want dit is, ek bedoel, nie enige iemand kan 'n leier word nie en toe ek as onderhoofseun gekies is, is dit iets wat baie vir my beteken het. Dit sê dat ek half op 'n sterk manier kan leiding neem. En dat ek vir die mense kan wys dat ek 'n goeie leier is. En dat, ja dit is maar net soos dit is.

- 2 D: Kyk ons is mos in hierdie distrik en toe het ons mos 'n hokkie-span ook uit dit uit gekies en toe is ek ook vir daardie span gekies. Daar is 'n 0/12 hokkiespan en ek was 11 jaar oud toe is ek vir hulle gekies. Ek was so 'n jaar jonger en dit het vir my ook nogal baie beteken. Die eerste oefening sal ek nooit kan vergeet nie want kyk almal is ouer as jy en jy's daar 'n jaar jonger en almal is maar net 'hoekom is hy hierso?'. Dit was toe baie lekker ons het mekaar beter leer ken en so bietjie maar net geoefen en seker maar vir hulle gewys dat ja dit is hoekom ek hier is. In die begin het almal jou eers so half skeef aangekyk en na die tyd het almal vir jou gesê 'hy, sien jou weer Dinsdag' of whenever jy nou geoefen het. En die oues het nogal van my gehou en besef ek's nodig, ek moet daar wees .
3. D: S – Seker die eerste keer nou kyk, Tannie, my ouers is nogal streng oor motorfietse en goed en my beste vriend het 'n motorfiets. En die eerste keer toe hy my dit leer ry het, dit was nogal ook iets wat ek nooit sal vergeet nie. Dit was nogal lekker. Kyk, die middag na skool, die week toe bel sy ma my ma om te vra of ek daar kan gaan speel, toe sê my ma ja dit is reg en ons gaan en ek stap so by hulle huis in en ek sit so my skooltas neer en goed en ons kyk so 'n bietjie TV en sy ma maak vir ons kos en ons eet en hy vra vir my of het ek al ooit motorfiets gery en ek sê vir hom nee en hy sê vir my wel O.K ek gaan jou nou so 'n bietjie leer.En ons het daar so in hulle agterplaas, hulle het so 'n redelike agterplaas, dit is vierkantig en dit is nie klein nie en hy't so 'n rooi motorfiets gehad, maar Tannie dis 'n kleintjie en hy wys vir my dis hoe ons gaan ry en toe hy die motorfiets vir my gee en toe klim ek so op hom en net daai gevoel van wow , nou's ek op my senuwees en toe wys hy my jy trek so weg. Dit was nogal lekker.

BYLAAG F:
LEUSES

Y: Leuses

D: There isn't such a thing as failure only earlier attempts at succes.

D: Lewe voluit.

D: Ek glo alles wat jy doen moet jy voluit doen.

BYLAAG G:

BRIEF VAN MY EKSTERNE KODEERDER



Departement Opvoedkundige Sielkunde

4 Oktober 2010

VERKLARING: EKSTERNE KODEERDER

Hiermee verklaar ek, Zelda Pollard, dat ek as eksterne kodeerder opgetree het by die kodering van data vervat in me. Hancke se skripsie.

Ek verklaar dat ons na toepaslike beraadslaging ooreengekom het oor moontlike temas en subtemas wat geïdentifiseer is.

Ek verklaar verder dat hierdie temas en subtemas toepaslik en op wetenskaplik-gefundeerde wyse bepaal is en die tendense wat in die data voorkom na my mening so akkuraat weergegee is as wat moontlik is met kwalitatiewe wyse van data-analise wat onderneem is.

Die uwe




Me. Zelda Pollard

Opvoedkundige Sielkundige

082 342 0008

BYLAAG H:
ETIESE KLARING



UNIVERSITY OF PRETORIA
FACULTY OF EDUCATION
RESEARCH ETHICS COMMITTEE

CLEARANCE CERTIFICATE

DEGREE AND PROJECT

INVESTIGATOR(S)

DEPARTMENT

DATE CONSIDERED

DECISION OF THE COMMITTEE

CLEARANCE NUMBER :

EP10/05/01

MEd: Educational Psychology

Die waarde van lewensontwerpberading vir 'n adolessent wat hakkel

Yolene Hancke

Department of Educational Psychology

11 October 2010

APPROVED

Please note:

For Masters applications, ethical clearance is valid for 2 years

For PhD applications, ethical clearance is valid for 3 years.

CHAIRPERSON OF ETHICS COMMITTEE Prof L Ebersohn

DATE

11 October 2010

CC

Prof. J.G. Maree
Ms Jeannie Beukes

This ethical clearance certificate is issued subject to the following conditions:

1. A signed personal declaration of responsibility
2. If the research question changes significantly so as to alter the nature of the study, a new application for ethical clearance must be submitted
3. It remains the students' responsibility to ensure that all the necessary forms for informed consent are kept for future queries.

Please quote the clearance number in all enquiries.